# JAARVERSLAG 2011
– 'n geïntegreerde oorsig




Senwes

Senwes JAARVERSLAG **2011** • 'n Geïntegreerde oorsig

# INHOUDSOPGAWE

Finansiële hoogtepunte 1

**Afdeling 1:** *KORPORATIEWE BEHEER*

Voorsittersverslag – 'n geïntegreerde oorsig 3
Ontmoet ons 2010/11-direksie 5
Korporatiewe Beheerverslag 6

**Afdeling 2:** *GEÏNTEGREERDE VOLHOUBAARHEID*

Geïntegreerde operasionele en finansiële verslag 17
Oorsig oor bedrywe
- Marktoegang: Senwes Grainlink 22
- Insetverskaffing: Senwes Village 23
- Kredietverskaffing: Senwes Credit 24
- Korporatiewe beheer en nakoming 25
- Diverse bedrywe en diensafdelings 26

Senwes Groepstruktuur 27
Volhoubaarheidsverslag 28

**Afdeling 3:** *GEÏNTEGREERDE FINANSIËLE VERSLAG*

Vyfjaar-oorsig
- Senwes Groep vyfjaar-oorsig 39
- Finansiële- en bedryfsverhoudings 41
- Definisies 44

Statutêre verslae
- Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie 45
- Verklaring deur die Maatskappysekretaris 46
- Verslag van die Senwes Ouditkomitee 47
- Onafhanklike Ouditeursverslag 48
- Statutêre direkteursverslag 49

Finansiële verslae
- Gekonsolideerde staat van finansiële posisie 51
- Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste 52
- Gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit 53
- Gekonsolideerde staat van kontantvloei 54
- Aantekeninge tot die finansiële state 55
- Rekeningkundige beleid 88

**Afdeling 4:** *AANDEELHOUER AANGELEENTHEDE*

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering 97
Volmag 105
Belangrike inligting vir aandeelhouers 107
Bylae A:
"Disclosure of acquisition or disposal of securities"-vorm 109
Korporatiewe inligting 110



Senwes


## Finansiële prestasie

### *Verdienste per aandeel*

Verdienste per aandeel styg met 5%

Verdienste per aandeel is die tweede hoogste in die geskiedenis van Senwes

| 2011 c/aandeel | 2010 c/aandeel | BEWEGING |
|---|---|---|
| 121 | 116 | ↑ 5% |





### *Opbrengs op openingsekwiteit*

Toename in opbrengs op ekwiteit van 2,1% na 20,7%

Die opbrengs op ekwiteit is in die boonste kwartiel van landboubesighede

| 2011 | 2010 | BEWEGING |
|---|---|---|
| 20,7% | 18,6% | ↑ 2,1% |





### *Besigheidsbasis (EBITDA)*

Senwes se besigheidsbasis is goed gehandhaaf en het met 4% toegeneem teenoor die vorige jaar

Die groei in opbrengs word ondersteun deur volhoubare besigheid

| 2011 R'm | 2010 R'm | BEWEGING |
|---|---|---|
| 471 | 455 | ↑ 4% |





## Aandeelhouerswaarde

### *Totale aandeelhouersopbrengs (kapitaalgroei en dividende)*

44,5% totale opbrengs vir aandeelhouers (kapitaalgroei en dividende) vir die jaar onder oorsig

Totale welvaart van R588 miljoen is geskep gedurende die jaar onder oorsig

| 2011 R'm | 2010 R'm |
|---|---|
| 588 | 579 |




## Aandeelhouerswaarde (vervolg)

### *Prysverdienste*


Die groei in markprys het ook bygedra tot 'n 33,3% toename in prysverdienste vir 2011 na 8.4

| **2011** Keer | *2010* Keer | *BEWEGING* |
|---|---|---|
| **8.4** | 6.3 | ↑ 33,3% |




### *Dividende teenoor herinvestering*

Die maatskappy het besluit om sy groei met 'n aggressiewe herinvesteringsbeleid te befonds





## Risikoprofiel

### *Eie kapitaal aangewend*

Die eiekapitaalverhouding is steeds binne die gestelde kapitaalvereistes


| **2011** | *2010* | *BEWEGING* |
|---|---|---|
| **40%** | 38% | ↑ 2% |





### *Rentedekking*

Hoër kommoditeitsvoorraadvlakke veroorsaak 'n hoër rentekoste, maar die rentedekking verkeer steeds bo die minimum gestelde teikenvlak van 3

| **2011** Keer | *2010* Keer | *BEWEGING* |
|---|---|---|
| **4.1** | 5.4 | ↓ 24% |














# AFDELING 1

## *KORPORATIEWE BEHEER*



Dolf du Bruyn, 'n jarelange Senwes-klant, was in 2010 'n finalis in die Graanprodusent van die Jaar-toekenning. Hier staan hy in 'n pragtige stand koring onder besproeiing op sy plaas *Ons s'n* by Bultfontein.

# VOORSITTERSVERSLAG

*'n geïntegreerde oorsig*



Japie Grobler

Ek was bevoorreg om verskeie fasette en uitdagings te beleef oor die 11 jaar waarin ek as Voorsitter van Senwes diens gedoen het en is dit weereens my besef hoe die landbou-omgewing in 'n oogwink kan verander. Sedert herstrukturering in 2001, normalisering teen 2005 en optimalisering teen 2009, is Senwes nou gedaag met groei en is die Groep intens besig met die herontwerp van sy visie en die heroorweging van sy strategie. Heelwat is oor die afgelope dekade bereik maar die tyd het nou aangebreek om te fokus op diversifikasie oor verskeie markte, lande en handelsmerke.

Die Raad is opgewonde oor die "4-pilaar-10-jaar-plan"-strategie wat Francois Strydom voorgehou het in Oktober 2010. Hierdie strategie sal 'n besigheidsmodel inisieer wat landbou sal reorganiseer, spesialiseer en konsolideer ten einde verhoogde mededinging en dienslewering te verseker. Landbou is lank reeds in afwagting op 'n meer volwasse en geïntegreerde benadering en ons is oortuig dat die meesterplan hiervoor reeds geskryf is. Die transaksies met MGK en Bunge is dan reeds die eerste stap in fase een van die plan wat uit drie fases bestaan.

Ek is spesifiek beïndruk met die kaliber mense wat die Groep bestuur. Senwes het heelwat diepte – nie net op uitvoerende vlak nie, maar veral op operasionele en middelbestuursvlak. Die vaardigheid, bevoegdheid, integriteit en lojaliteit wat deur personeel ten toon gestel word op alle vlakke is 'n bron van gerusstelling en optimisme. Welvaart is vir personeel geskep en insentiewe ten bedrae van R264 miljoen is oor die afgelope 5 jaar betaal.

## Die skep van aandeelhouerswelvaart

Sedert die Senwes aandeel in 2001 op 'n likwidasieveiling van 'n produsent teen 'n laagtepunt van 7 sent/aandeel opgeveil is, het die aandeel fenomenale groei getoon. Die aandeelprys het 'n rekord sluitingsprys van R10,20 op jaareinde bereik. Die afgelope 5 jaar het die aandeel met R7,70 gegroei terwyl dividende van R3,14 per aandeel verklaar is, wat beteken dat welvaart van R1,96 miljard vir die aandeelhouer sedert 2007 geskep is.

## Regulatoriese omgewing

Ten spyte van die impak van wêreldgebeure is ons groei in verdienste steeds gesond en lewer dit bo-gemiddelde opbrengste.

Ek rapporteer graag dat Senwes op 1 Junie 2011 deur die Appèlhof onskuldig bevind is aan die sogenaamde margedruk-oortreding. Dit is egter jammer dat soveel onnodige tyd, regskoste en kosbare maatskappybronne hieraan bestee moes word. Senwes is ook in proses om die oorblywende industrie-wye Graan Silo Industrie (GSI)-saak met die Kommissie te skik.

## Oorsig oor die Raad van Direkteure

Die effektiwiteit van die Raad word jaarliks oorweeg. Ek wil graag my mede-direksielede komplimenteer met die handhawing van oop, deursigtige en eerlike deelname in die uitvoering van ons pligte. Die Treacle hofsaak teen Senwesbel en Senwes het bepaalde dinamika in die Direksie tot gevolg gehad en ek kan nie die Raad genoeg gelukwens met die volwassenheid en nugterheid waarmee die saak hanteer is nie. Goeie leierskap het in die proses na vore gekom; iets waarmee die landboubedryf nog altyd in oormaat geseën was.

Ek het ook besondere waardering vir die diversiteit van denke wat deur my mede-direksielede en Bestuur ten toon gestel is en die mate van vrymoedigheid om sake te ondersoek, te daag en vrylik te beredeneer ten einde 'n konstruktiewe debat oor kwessies wat die maatskappy se toekoms, strategie en waardes raak, te voer. Senwes handhaaf hoë etiese standaarde in sy besigheidsvoering en ek glo dat ons 'n goeie besigheidsreputasie oor tyd gevestig het. Teen die einde van April 2011 was die Senwes Direksie saamgestel uit 14 lede, naamlik, 2 uitvoerend, 4 onafhanklik en 8 verteenwoordigend van 3 aandeelhouersblokke en is ons van mening dat dit 'n goeie balans verskaf ten einde uitvoering te gee aan die gees van King III. Die gemiddelde dienstermyn van die direkteure beloop 6 jaar en 9 maande. Daar was geen uittredes in die 2011 finansiële jaar nie, terwyl Steve Booysen verwelkom word as addisionele toevoeging in die hoedanigheid van onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Twee direkteure, naamlik Johan Alberts en WH van Zyl, het besluit om op die komende Algemene Jaarvergadering van 26 Augustus 2011 uit te tree. Beide het diens gedoen as Voorsitters van Direksiekomitees en hul leierskap en ondervinding sal gemis word. Jesmane Boggenpoel het effektief vanaf 17 Junie 2011 uit die Direksie bedank, nadat sy 'n geleentheid gebied is om in die buiteland te studeer. Ons wens hulle voorspoed toe vir die toekoms en steun graag op hul volgehoue ondersteuning en vriendskap.

## Gerat vir 'n volhoubare toekoms

Volhoubaarheid behels verskeie fasette en almal is nie noodwendig ooglopend nie. Vir my is goeie korporatiewe beheer en etiese waardes die hoekstene van 'n volhoubare besigheid. Voeg hierby 'n fikse besigheidsmodel met 'n langtermyn beleggingsfilosofie en bewese transformasieaksies en Senwes behoort as volhoubaar aan die volgende geslag oorgegee te kan word.

Ons het ook strukture in plek gesit ten einde gehoor te gee aan breë basis korporatiewe aanspreeklikheid en verantwoordelikheid met betrekking tot omgewings-, sosiale- en korporatiewe beheerkwessies.

Die Raad het verder sy verantwoordelikhede uitgebrei en is die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee se mandaat uitgebrei om spesifieke kwessies rondom volhoubaarheid in te sluit. Senwes het ook goeie vordering getoon met betrekking tot die SEB-telkaart en is 'n vlak-6 bydraer tot swart ekonomiese bemagtiging.

Alhoewel daar nie ten gunste van notering gestem is op die 2010 algemene jaarvergadering nie, is Senwes as maatskappy, ingevolge 'n onafhanklike verslag deur Java Capital, meer as gereed vir notering en word die maatskappy grootliks bestuur en beheer asof dit in 'n genoteerde omgewing besigheid bedryf. Ons glo dat daar vir die regte redes genoteer moet word en sal dit oorweeg sodra die maatskappy dié punt bereik. Vir eers is ons egter tevrede dat die Senwes aandeel goed presteer op die oor-die-toonbank verhandelingsmeganisme en dat dit belyn is met 'n strategie wat langtermyndenkende vennote vereis.

## In afsluiting

Ek onthou dat my vader gereeld die volgende opmerking gemaak het: "Bedank jou Skepper vir vandag deur die verskil wat jy vandag gemaak het". Ek het dit ter harte geneem en deel gemaak van my lewensfilosofie en -oortuigings. As Voorsitter is ek voorwaar geseënd om deel te wees van 'n besondere maatskappy en sy belanghebbendes en glo ek dat ons binne die Groep oor al die bestanddele beskik om volhoubare groei te verseker.

Ons het ook gedurende die finansiële jaar die FIFA Wêreldbeker beleef en was aangenaam verras deur die professionele manier waarop dit aangebied is. Ons as Suid-Afrikaners het weereens bewys dat ons wel kan aflewer as ons behoorlik fokus op die taak wat vereis word. Ek glo dat ons hande kan neem en nuwe grond kan breek en ek daag graag my mede-landbouleiers uit om met nuwe inisiatiewe en wedywering die bedryf na 'n volgende vlak te neem. 'n Besondere woord van dank aan elke belanghebbende van Senwes vir u volgehoue ondersteuning. Senwes en sy aandeelhouers, klante, personeel, verskaffers, owerhede en gemeenskappe waarbinne ons sake doen, is besig om saam die toekoms van landbou te skep.

Ek wil graag my dank oordra aan my mede-direksielede en ook aan Francois Strydom en sy bestuurspan, wat die maatskappy met visie, integriteit en durf lei.

In diepe erkentlikheid.



**Japie Grobler**
*VOORSITTER*
Klerksdorp
22 Junie 2011



# ONTMOET ONS 2010/11-DIREKSIE

Senwes

**JE (Japie) Grobler** (59) **Voorsitter**
*Direkteur sedert April 1997*
Kwalifikasies: B.Juris LLB
Lidmaatskap van direksiekomitees: Nominasie (Voorsitter), Ex officio toegang tot alle komitees
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk, Agri Securitas (Voorsitter)

*Mnr Grobler boer sedert 1977 in die Bothaville distrik en het uitgebreide blootstelling aan landbou en besigheid. Hy het op verskeie komitees in georganiseerde landbou gedien as lid en voorsitter op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak, onder andere as ondervoorsitter van die Vrystaat Landbou-unie, voorsitter van NAMPO, voorsitter van die SALU Nasionale Besigheidskamer en as president van Agri SA.*

**JDM (Danie) Minnaar** (46) **Ondervoorsitter**
*Direkteur sedert September 1999*
Kwalifikasies: BCom
Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit, Nominasie, Belegging en Vergoeding (Voorsitter)
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk (Voorsitter), Mielietrust

*Mnr Minnaar boer sedert 1988 in die Kroonstad distrik en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee en was ook betrokke in die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex.*

**F (Francois) Strydom** (51) **Besturende Direkteur**
*Aangestel in 2010*
Kwalifikasies: BSc Agric (Hons)(Veekunde)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Volhoubaarheid
Ander belangrike direkteurskappe: Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante besighede

*Mnr Strydom het waargeneem as Besturende Direkteur vanaf 1 Junie 2010, waarna hy op 6 Augustus 2010 in dié posisie aangestel is. Voor dit het hy die pos van Direkteur: Bedryf sedert 2002 beklee. Hy het in 2001 by Senwes aangesluit en is as Besturende Direkteur gesekondeer na die voormalige Kolosus Beherend. Hy het sy loopbaan begin as Veekundige by Afgri (voorheen OTK) en is bevorder tot die pos van Direkteur: Graan by Afgri oor 'n periode van 13 jaar.*

**CF (Corné) Kruger** (38) **Finansiële Direkteur**
*Aangestel in 2010*
Kwalifikasies: BCom, Hons.BCom, GR(SA)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Volhoubaarheid
Ander belangrike direkteurskappe: Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante besighede

*Mnr Kruger is aangestel as Finansiële Direkteur op 26 Augustus 2010, na hy gedurende die jaar onder oorsig in die pos waargeneem het. Voor dit het hy die pos van Assistent Hoofbestuurder: Finansies beklee sedert 2005.*

**JPL (Johan) Alberts** (68)
*Direkteur sedert Januarie 2001*
Kwalifikasies: SSAF, BCom (Ekon), STR, GR(SA)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit (Voorsitter)

*Mnr Alberts bedryf sy eie besigheids- en boerderybelange sedert 1998. Gedurende sy loopbaan het hy as Hoof Uitvoerende Beampte van Pretoria Metaalpers (1972), die Krygkor Groep (1991) en Denel (Edms) Beperk (1992) gedien. Laasgenoemde posisie is tot 1997 deur hom beklee. Hy is sedert 2001 die voorsitter van die Senwes Ouditkomitee.*

**JA (Jesmane) Boggenpoel** (38)
*Direkteur sedert April 2008*
Kwalifikasies: BCom, B.Rek, GR(SA)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit, Risiko en Volhoubaarheid
Ander belangrike direkteurskappe: Land Bank

*Me Boggenpoel het uitgebreide ondervinding in korporatiewe finansies en beleggingsbestuur. Sy is tans 'n onafhanklike besigheidskonsultant.*

**JBH (James) Botha** (41)
*Direkteur sedert Oktober 2009*
Kwalifikasies: BLC.LLB en Dip (Belasting)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Vergoeding, Nominasie, Oudit

*Mnr Botha het as kommersiële en korporatiewe prokureur gepraktiseer vir 15 jaar voordat hy die korporatiewe wêreld betree het. Hy is tans 'n senior regsadviseur by die Noordwes Universiteit se Institusionele Kantoor.*

**SF (Steve) Booysen** (49)
*Direkteur sedert Oktober 2010*
Kwalifikasies: M Compt(UNISA), DCom (Rek)(UP), GR(SA)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit, Belegging (Voorsitter)
Ander belangrike direkteurskappe: Efficient Groep Bpk, Steinhoff Bpk, Clover Bpk SA

*Dr Booysen was die Hoof Uitvoerende Beampte van Absa Bank Bpk vir baie jare en is intens betrokke by die finansiële sektor. Hy het 'n passie vir kulturele aktiwiteite en is die voorsitter van die Aardklop Kunstefees.*

**JAE (Jannie) Els** (65)
*Direkteur sedert Oktober 2000*
Kwalifikasies: Landboudiploma
Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Volhoubaarheid
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk

*Mnr Els het uitgebreide boerderybelange in die Bothaville- en Heilbron area en was oor die jare intens betrokke by landboubesighede. Hy was 'n lid van die dagbestuur van die Vrystaat Landbou-unie vir 'n aantal jare.*

**AJ (Dries) Kruger** (59)
*Direkteur sedert Oktober 2007*
Kwalifikasies: BCompt(Hons), GR(SA)
Lidmaatskap van direksiekomitees: Vergoeding, Oudit
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk

*Mnr Kruger is 'n geregistreerde ouditeur en rekenmeester, wat sedert 1976 in Kroonstad praktiseer. Hy boer sedert 2005 op 'n deeltydse basis saam met sy seun in die Senekal distrik. Hy het as raadslid en as burgemeester van die Stadsraad van Kroonstad gedien en was ook 'n trustee van die Vrystaat Munisipale Pensioenfonds. Hy is ook 'n trustee van die pensioenfonds van die Gereformeerde Kerke van SA.*

**NDP (Nico) Liebenberg** (41)
*Direkteur sedert Augustus 2008*
Kwalifikasies: BCom(Hons), M. Volhoubare Landbou
Lidmaatskap van direksiekomitees: Vergoeding, Risiko en Volhoubaarheid
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk

*Mnr Liebenberg boer sedert 1991 in die Bothaville distrik. Hy het 'n gediversifiseerde boerderybedryf gevestig en is, inter alia, die alleenverskaffer van groente aan 'n bekende kleinhandelsgroep.*

**J (Jacob) Mashike** (44)
*Direkteur sedert Februarie 2006*
Kwalifikasies: BSc(Ing), MBL
Lidmaatskap van direksiekomitees: Nominasie
Ander belangrike direkteurskappe: Robertson & Caine (Edms) Bpk, Treacle

*Mnr Mashike is 'n spesialis in skuldstrukturering en aandelekapitaalbeleggings en het op die direksies van verskeie entiteite in die finansiële- en gesondheidsorgbedryf gedien.*

**OME (Mpueleng) Pooe** (51)
*Direkteur sedert Maart 2007*
Kwalifikasies: B.Prok.
Lidmaatskap van direksiekomitees: Vergoeding, Nominasie, Belegging
Ander belangrike direkteurskappe: Direkteur van verskeie maatskppye in die Royal Bafokeng Groep, Impala Platinum Bpk

*Mnr Pooe is toegelaat tot die Hoër Hof van Suid-Afrika as prokureur en het sy loopbaan as prokureur by Bell Dewar & Hall begin, waar hy later bevorder is tot direkteur. Hy het in 1999 by AngloGold Beperk aangesluit as regsadviseur. Hy is tans Royal Bafokeng Holdings se uitvoerende beampte: openbare betrekkinge.*

**WH (WH) van Zyl** (69)
*Direkteur sedert Oktober 2002*
Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Volhoubaarheid (Voorsitter), Nominasie
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk

*Mnr Van Zyl boer sedert 1961 in die Wesselsbron distrik. Hy was sedert 1988 nou betrokke by georganiseerde landbou en op uitvoerende vlak by NAMPO, Graan SA, die Mielieraad, LNR-Somergraansentrum en die Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium. Hy het ook op verskeie plaaslike regeringsvlakke gedien. Mnr Van Zyl het verskeie uitgebreide besigheidsbelange en ondervinding, wat 'n meule in Bothaville insluit.*

**Maatskappysekretaris**
**EM (Elmarie) Joynt** (41)
*Aangestel in 2002*
Kwalifikasies: B.Com (Regte), LLB, FCIS, FCIBM, Prokeur en Notaris van die Hoër Hof

*Me Joynt het haar loopbaan as ekonoom by die Registrateur van Koöperasies begin, waarna sy as kommersiële prokureur gepraktiseer het. Sy het ook die pos van groep maatskappysekretaris en regsadviseur by verskeie ondernemings in die landbou- en finansiële sektor beklee voordat sy in 2002 by Senwes aangesluit het. Sy is verantwoordelik vir beleggersdienste, strategiese korporatiewe en kommersiële sake, die regsafdeling en wetgewende nakoming.*

# KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG

Die jaar onder oorsig, wat uitdagend was in terme van die omgewing, besigheid en die wêreldekonomie, het Senwes se gevestigde vermoë om sy strategieë en doelwitte na te streef, weereens gedemonstreer. Die Senwes Direksie en Bestuur het die maatskappy suksesvol gestuur op sy aangewese roete, ongeag eksterne faktore en uitvoerende bestuurslede wat die maatskappy aan die begin van die finansiële jaar verlaat het.

Hierdie vermoë dui aan dat Senwes, wat die gesonde beginsels van die King Verslae oor Korporatiewe Beheer (King II & III) aanvaar het, as korporatiewe burger en deur sy mense wat eienaarskap aanvaar het, in staat is om sy besigheid te handhaaf in 'n voortdurend veranderende besigheidsomgewing.

## Die Raad van Direkteure

Die Direksie het weereens die leiding geneem om die maatskappy deur die jaar te rig en was suksesvol met die aflewering van 'n weldeurdagte strategie. Goeie opbrengste vir aandeelhouers kon afgelewer word terwyl die strategie terselfdertyd suksesvol uitgevoer kon word, veral ten opsigte van groei, terwyl terselfdertyd verseker kon word dat die besigheid oor die langer termyn volhoubaar sal wees.

Die Direksie bestaan tans uit 14 lede, met 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure, waarvan 4 onafhanklik is. Die Maatskappy strewe daarna om in terme van die streng King definisies 'n balans te skep tussen onafhanklike nie-uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure.

Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur wat jaarliks deur die Direksie aangewys word. Die rolle van die Voorsitter en Besturende Direkteur is geskei.

Gedurende die jaar onder oorsig het die volgende veranderinge plaasgevind:

- Mnr Johan Dique het op 31 Mei 2010 as Besturende Direkteur bedank;
- Mnr Francois Strydom is op 6 Augustus 2010 as Besturende Direkteur aangestel, nadat hy in dié kapasiteit waargeneem het;
- Mnr Corné Kruger is op 26 Augustus 2010 as Finansiële Direkteur aangestel nadat hy in dié kapasiteit waargeneem het;
- Dr Steve Booysen is op 11 Oktober 2010 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel; en

In terme van die Statuut van die Maatskappy, is die dienstermyn van nie-uitvoerende direkteure drie jaar, waarna hulle moet uittree by wyse van rotasie. Uittredende direkteure kan herkies word.

## Magte en Verantwoordelikhede

Die samestelling van die Direksie maak voorsiening vir toepaslike en effektiewe besluitneming, wat verseker dat geen individu onbehoorlike invloed daaroor kan uitoefen nie. Die aktiwiteite van die Direksie word beheer deur die bepalings van die Statuut en die Handves van die Direksie.

Die primêre verantwoordelikhede en magte van die Direksie is soos volg:

- Die goedkeuring van strategie en begrotings;
- Die aanstelling van uitvoerende direkteure en die monitering van die prestasie van uitvoerende direkteure;
- Die voog van die waardes en etiese beginsels van die Groep;
- Effektiewe beheer oor die Groep;
- Bestuur van belanghebbendes;
- Nougesette risikobestuur en aandag aan volhoubaarheidsaspekte;
- Die oorweging van belangrike finansiële en nie-finansiële aspekte, soos korporatiewe en sosiale verantwoordelikhede en transformasie.

Die verantwoordelikhede en funksionering van die Direksie word vervat in die Direksiehandves. Die Handves spreek ook 'n reeks ander aspekte aan, soos etiese gedrag en die reg van 'n direkteur om professionele advies te bekom met betrekking tot alle aspekte wat op die maatskappy betrekking het, op die koste van die maatskappy. Toepaslike gedelegeerde magte en sake gereserveer vir die Direksie is ook in plek.

## Risiko- en volhoubaarheidsaspekte op direksievlak

Die volhoubaarheid van die Maatskappy oor die lang termyn bly die mees belangrike aspek en die Direksie het derhalwe 'n tienjaar-strategie aanvaar. Die strategie bestaan uit verskeie bene, wat sal verseker dat die maatskappy groei en volhoubaar sal wees en relevant sal bly in 'n uiters dinamiese en hoogs kompeterende, ingeligte globale besigheidsomgewing. Terwyl hierdie doelwitte nagestreef word, werk die Direksie en Bestuur saam binne die parameters van 'n gedissiplineerde en spesifieke interne beheeromgewing, IT-beheerraamwerk en nakomingstruktuur.

## Nakoming van wetgewing

Die Direksie neem totale verantwoordelikheid vir nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Dit word via die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee sowel as die Ouditkomitee gerapporteer.

Die Direksie verseker dat wetgewende nakoming deurlopend aandag geniet en 'n uitgebreide nakomingstruktuur is gevestig wat, onder die beheer van die Maatskappysekretaris, die Nakomingsbeampte en die bedryfsafdelings, op nakoming fokus. Nakoming word aan die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee gerapporteer as deel van die gevestigde risikobestuursproses.

Wetgewende nakoming en die risiko van nie-nakoming bly 'n fokusarea en aanlyn-opleiding met betrekking tot die kritiese wette word op 'n maatskappywye basis gedoen. Gedurende die jaar onder oorsig is nakomingsopleiding gedoen met betrekking tot die Mededingingswet en opleiding met betrekking tot die Verbruikersbeskermingswet is ook reeds uitgerol.

## IT-Beheer

Die Direksie verseker die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk deur 'n span IT-personeel en spesialiste as 'n integrale deel van die risikobestuursraamwerk. Die strategie en prestasie van Senwes is belyn met en afhanklik van hierdie ten volle ingeburgerde en geïntegreerde strukture en stelsels. Uitgebreide besigheids- en IT-ramherstelprosesse is reeds gevestig.

Die IT-Stuurkomitee hou toesig oor die IT-beheerraamwerk en beduidende IT-beleggings en kapitaalspandering word deurlopend gemonitor. Die hersiening van IT-verwante kontroles word ingesluit in die interne ouditplan en die eksterne ouditeure hersien sekere IT-kontroles as deel van die eksterne ouditproses.

## Lopende saak

Die Direksie het die feite en aannames wat as basis gebruik is ten einde te bepaal of die besigheid vir die nuwe finansiële jaar sal voortbestaan as a lopende saak, oorweeg en geboekstaaf. Die mees belangrike fakore en aannames waarop die direksie sy gevolgtrekking gebaseer het, is behoorlik geboekstaaf en sluit onder andere in die winsgewendheid van die groep, kapitaalstruktuur, voldoende finansieringsfasiliteite, geografiese verspreiding, klimaatsvooruitsigte, oesvooruitsigte, oordragvoorraad, markte, verskaffers, klante, kredietverlening, litigasie, wetgewende nakoming, datasekuriteit en -herstel, IT-besigheidskontinuïteit en ander sosiale verantwoordelikheidsfaktore.

## Aandeelhouerskwessies op direksievlak

Gedurende die jaar onder oorsig het een van die minderheidsaandeelhouers en vennoot in die SEB Konsortium, Treacle Fund Trust II ("Treacle"), regstappe ingestel teen Senwesbel en Senwes. Hierdie stappe hou verband met die historiese verkryging van Senwes aandele deur Senwesbel. Bewerings van oortredings van die Maatskappywet is gemaak en hierdie stappe het wye mediadekking geniet.

Die Direksie van Senwes is van mening dat hierdie regstappe en die basis daarvan sonder meriete is en opponeer dus die aansoek. Ten tye van die publikasie van hierdie verslag, was die verrigtinge steeds hangende.

Mnr Mashike, wat die aansoeker in die verrigtinge verteenwoordig is in direkte konflik met Senwes. Hy verskoon homself van alle besprekings met betrekking tot die verrigtinge.

### Bywoning van Direksie- en Komiteevergaderings:

Die Direksie vergader gereeld en elf direksievergaderings is gedurende die jaar onder oorsig gehou, waarvan die meeste volle bywoning geniet het. Besonderhede in die verband is soos volg:

| Naam van direkteur | Direksie | Oudit-komitee | Risiko- en Volhoubaarheids-komitee | Vergoedings-komitee | Nominasie-komitee |
|---|---|---|---|---|---|
| **Aantal vergaderings** | **11** | **4** | **5** | **5** | **2** |
| ***Nie-uitvoerend*** | | | | | |
| JE Grobler (Voorsitter) | 11/11 | | | | 2/2 |
| JDM Minnaar (Ondervoorsitter) | 11/11 | 4/4 | | 5/5 | 2/2 |
| JPL Alberts | 11/11 | 4/4 | | | |
| JA Boggenpoel | 8/11 | 4/4 | 5/5 | | |
| SF Booysen (11/10/2010)* | 4/4* | 3/3* | | | |
| JBH Botha | 9/11 | | | 5/5 | 2/2 |
| JAE Els | 11/11 | | 5/5 | | |
| AJ Kruger | 11/11 | 4/4 | | 5/5 | |
| NDP Liebenberg | 11/11 | | 4/5 | 5/5 | |
| J Mashike* | 9/11 | | | 1/1* | 1/1* |
| M Pooe* | 8/11 | | 3/5 | 3/3* | 2/2 |
| WH van Zyl | 10/11 | | 5/5 | | 2/2 |
| ***Uitvoerend*** | | | | | |
| F Strydom (nuut 06/08/2010) | 11/11 | | 1/1* | | |
| CF Kruger (nuut 26/08/2010) | 9/9* | | 1/1* | | |

(*nie lid van 'n komitee vir die hele jaar nie)

### Onafhanklikheid van direkteure

Die Direksie verwag onafhanklike optrede van al sy lede. Die nie-uitvoerende direkteure demonstreer onafhanklikheid van karakter, oordeel en optrede in die uitvoering van hul pligte.

'n Aantal nie-uitvoerende direkteure het direkte en indirekte belange in die Maatskappy, waarvan die besonderhede aangedui word in die tabel op bladsy 8. Die Direksie is bedag hierop, sowel as op die potensiële konflik van belange wat hieruit mag voortspruit. 'n Beleid van gereelde verklaring van belange en uitsluiting uit besprekings waarby 'n direkteur 'n belang mag hê, word gevolg ten einde enige sodanige konflikte te vermy.

Die register van belange in kontrakte van direkteure en ander direkteurskappe is beskikbaar ter insae.

## *BESONDERHEDE VAN DIREKTEURSBELANGE SOOS OP JAAREINDE*

| | 2011 | | | | 2010 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Direk | | Indirek | | Direk | | Indirek | |
| **Naam** | **Aandele** | **%** | **Aandele** | **%** | **Aandele** | **%** | **Aandele** | **%** |
| | | | | ***Nie-uitvoerend*** | | | | |
| JPL Alberts | - | 0,00% | 220 891* | 0,12% | - | 0,00% | 168 415* | 0,09% |
| JA Boggenpoel | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% |
| SF Booysen | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% |
| JBH Botha | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% |
| JAE Els | 1 345 | 0,00% | 1 115 609* | 0,62% | 1 345 | 0,00% | 1 056 271* | 0,58% |
| JE Grobler | - | 0,00% | 5 573 096* | 3,08% | - | 0,00% | 5 013 606* | 2,77% |
| AJ Kruger | 132 386 | 0,07% | 486 399* | 0,27% | 132 386 | 0,07% | 456 391* | 0,25% |
| NDP Liebenberg | - | 0,00% | 614 813* | 0,34% | - | 0,00% | 585 282* | 0,32% |
| J Mashike | - | 0,00% | 903 027** | 0,50% | - | 0,00% | 903 027** | 0,50% |
| JDM Minnaar | - | 0,00% | 5 236 200* | 2,90% | - | 0,00% | 4 916 369* | 2,72% |
| LM Ndala | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% |
| OME Pooe | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% |
| WH van Zyl | 400 000 | 0,22% | 5 190 932* | 2,87% | 500 000 | 0,28% | 4 868 005* | 2,69% |
| | | | | ***Uitvoerend*** | | | | |
| JJ Dique (bedank) | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% | 33 058* | 0,02% |
| F Strydom | - | 0,00% | 397 634* | 0,22% | 295 731 | 0,16% | 378 535* | 0,21% |
| SH Alberts (bedank) | - | 0,00% | - | 0,00% | 100 926 | 0,06% | 70 094* | 0,04% |
| CF Kruger | 21 570 | 0,01% | - | 0,00% | - | 0,00% | - | 0,00% |
| Sub-totaal van direkteure | 555 301 | 0,30% | 19 738 601 | 10,92% | 1 030 388 | 0,57% | 18 449 053 | 10,20% |
| Ander aandeelhouers | 180 224 008 | 99,70% | | | 179 758 920 | 99,43% | | |
| **Totaal** | 180 779 309 | 100,00% | | | 180 789 308 | 100,00% | | |

*Indirekte belang is gebaseer op die persentasie aandeelhouding van die Senwesbel aandeelhouding in Senwes vermenigvuldig met die persentasie van die belang gehou deur die individu.
** gebaseer op belang van begunstigdes van die trust per vasgestelde formule

Die Direksie pas 'n gedragskode toe ten opsigte van die verhandeling van aandele in die Groep, wat die verhandeling van aandele deur direksielede en senior bestuurslede reguleer. Hierdie Kode reguleer periodes waartydens pryssensitiewe inligting van toepassing mag wees in die Groep en die Maatskappysekretaris, as voog van die Kode, monitor verhandeling noukeurig. Die volgende oop en geslote tye vir die verhandeling van aandele het oor die jare gegeld:

| Datum | Status | Rede |
|---|---|---|
| 9 Desember 2009 tot | Gesluit | Oorweging van notering en verskeie transaksies |
| 3 Februarie 2011 tot | Oop | MGK-transaksie aangekondig |
| 31 Maart 2011 | Oop | Voorbereiding van finansiële jaarstate |

Sekere direksielede, as aktiewe klante, bedryf besigheid met die maatskappy op 'n armlengtebasis as deel van Senwes se normale besigheidsaktiwiteite. Senwes Credit verskaf ook krediet aan sekere van hierdie nie-uitvoerende direkteure in terme van die normale besigheidsvoering van die maatskappy.

Sodanige transaksies word op 'n deurlopende basis geëvalueer ten einde te verseker dat daar aan die Maatskappy se beleide voldoen word op bedryfsvlak.

**Prestasie-evaluering van die Direksie**

Die Direksie evalueer deurlopend sy eie prestasie sowel as die prestasie van die Voorsitter en subkomitees. Individuele evaluering van direksielede word deur die Voorsitter gedoen en aspekte ten opsigte daarvan word onmiddellik hanteer. Formele, onafhanklike evaluering word op 'n tweejaarlikse basis gedoen.

## Komitees

### Funksies en mandate

Die Direksie het 'n aantal komitees gestig om effektiewe besluitneming te fasiliteer en om die direksie by te staan in die uitvoering van sy pligte en magte. Die komitees funksioneer op 'n deursigtige basis en rapporteer gereeld aan die direksie. Die magte en uitvoering van die verantwoordelikhede van elke komitee word gereël deur formeel geskrewe mandate, wat jaarliks deur die Direksie goedgekeur word en wat op aanvraag by die Maatskappysekretaris beskikbaar is.

Die direksiekomitees is soos volg:

- Ouditkomitee;
- Vergoedingskomitee;
- Risiko- en Volhoubaarheidskomitee;
- Nominasiekomitee; en
- Beleggingskomitee

Die Direksie bevestig dat dit oorhoofs verantwoordelik is teenoor die aandeelhouers vir die prestasie van die besigheid en dat die gebruik van die gedelegeerde magte aan direksiekomitees, nie die Direksie op enige wyse van sy pligte en verantwoordelikhede kwytskeld nie.

Die komitees word jaarliks gekonstitueer en lede van die komitees en die voorsitters van die komitees word ook jaarliks verkies.



Die Ouditkomitee is tevrede dat die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van Senwes is. Van links: Dries Kruger, Johan Alberts (Voorsitter), Steve Booysen en Danie Minnaar.

## Ouditkomitee

**Verslag voorberei deur die Voorsitter, Johan Alberts**

### Samestelling

Die Ouditkomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure, waarvan drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is, wat die Voorsitter insluit. Die uitvoerende en senior bestuur wat met die finansiële sake van die maatskappy werk, woon ook vergaderings by maar het nie stemreg nie. Die komitee het vier keer gedurende die jaar vergader.

### Mandaat en verantwoordelikhede

In terme van sy mandaat word die volgende, inter alia, van die komitee vereis:

- Om die tussentydse en jaarlikse finansiële state van die maatskappy en sy filiale te beoordeel;
- Om te verseker dat die finansiële state in ooreenstemming met toepaslike rekeningkundige beleide en "International Financial Reporting Standards" opgestel word;
- Om die rekeningkundige beleide wat deur Senwes aanvaar is en enige wysigings daarvan, te oorweeg;
- Oorweeg die lopendesaak-beginsels en redes en maak aanbevelings aan die Direksie.
- Om aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure en hul fooie te maak;
- Om die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te evalueer en enige nie-ouditverwante werk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed;
- Die jaarlikse ouditplan en ouditbegroting te aanvaar;
- Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse oudit, die interne ouditprogram en die interne kontrolestelsel te beoordeel;
- Te verseker dat die rolle van interne en eksterne oudit op 'n gepaste wyse gedefinieer en geskei is;

- Monitering van nakoming van toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte;
- Evaluering van die geïntegreerde verslae en IT-beheerraamwerk;
- Evaluering van die prosesse om bedrog en ongerymdhede te rapporteer;
- Evaluering van kapitaalinstandhoudings- en dividendbeleid;
- Verseker behoorlike openbaarmaking, kommunikasie met belanghebbendes en rapportering;
- Oorweeg belastingaspekte en -risiko's.

Die Komitee het alle pligte soos hierbo uitgespel, uitgevoer.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Voorsitter van die komitee. Interne Oudit lewer verslag oor die dag-tot-dag-aangeleenthede aan die Besturende Direkteur.

Die voorsitter van die komitee en die eksterne ouditeure woon die algemene jaarvergadering by.

Die Komitee is tevrede dat die 2011 oudit wat deur die eksterne ouditeure gedoen is, onafhanklik was en stem saam met die ouditverslag. Die verslag van die Ouditkomitee vorm deel van die finansiële state op bladsy 47.

**Johan Alberts**
*VOORSITTER: OUDITKOMITEE*



**Senwes se benadering is om vergoedingsvlakke te stel wat die toepaslike kaliber direkteure en personeel aantrek, behou en motiveer. Dit word onder toesig van die Vergoedingskomitee gedoen. Van links: Mpueleng Pooe, James Botha, Danie Minnaar (Voorsitter), Nico Liebenberg en Dries Kruger.**

## Vergoedingskomitee

**Verslag voorberei deur die Voorsitter, Danie Minnaar**

### Samestelling

Die Vergoedingskomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure. Die Besturende Direkteur, die Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste en die Assistent Hoofbestuurder: Menslike Hulpbronne woon alle vergaderings by. Die uitvoerende bestuur word egter verskoon tydens die bepaling van hul vergoeding. Die komitee het vyf keer gedurende die jaar onder oorsig vergader.

### Mandaat en verantwoordelikhede

Die Komitee is verantwoordelik vir die volgende:

- Bepaling en handhawing van die vergoedingsfilosofie van die Maatskappy;
- Goedkeuring en handhawing van toepaslike menslike hulpbron- en vergoedingsbeleide;
- Opvolgbeplanning van uitvoerende bestuur;
- Monitering van die implementering van relevante arbeidswetgewing;
- Monitering van transformasiebeleide in terme van gelyke indiensneming en rapportering aan die Departement van Arbeid;
- Aanbevelings met betrekking tot die vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure aan die Direksie;
- Ontwerp en aanbeveling van markverwante kort- en langtermyn aansporingskemas en die monitering van die reëls van die skemas;
- Goedkeuring van jaarlikse mandate vir salarisverhogings;
- Goedkeuring van jaarlikse bonusbetalings in terme van bestaande, vooraf goedgekeurde aansporingskemas.

Dit is Senwes se benadering om vergoedingsvlakke daar te stel wat die toepaslike kaliber direkteure en personeel aantrek, behou en motiveer.

### Uitvoerende direkteure

Die dienskontrakte van die uitvoerende direkteure is normaalweg vir 'n vaste termyn van drie jaar. Die kontrakte van die Besturende Direkteur en Finansiële Direkteur verval aan die einde van Julie en Augustus 2013 respektiewelik.

**Vergoeding van direkteure**
Die komitee doen ook aanbevelings aan die Direksie met betrekking tot die vlak van nie-uitvoerende direkteursvergoeding. Nie-uitvoerende direkteure word vergoed vir lidmaatskap van die Direksie en aangewese komitees.

Die vergoedingsvlakke reflekteer die grootte en kompleksiteit van die Maatskappy, sowel as die tyd bestee aan die besigheid van die Maatskappy. Markpraktyke en vergoedingsopnames word in ag geneem tydens die bepaling van direkteursvergoeding. Die elemente van nie-uitvoerende direkteursvergoeding is:

- ’n Basiese fooi;
- ’n Fooi as lid van ’n direksiekomitee;
- Reis- en werklike uitgawes.

Die vergoeding van die direkteure vir die jaar onder oorsig word in die onderstaande tabel aangedui. Die voorsgestelde vergoeding vir 2012 vorm deel van die kennisgewing aan aandeelhouers. Verdere verduideliking met betrekking tot die maatskappy se vergoedingsfilosofieë en -praktyke is vervat in die vergoedingsverslag.

Uitvoerende direkteure word dienooreenkomstig vergoed, met addisionele kort- en langtermyn aansporingskemas wat deur die direksie oorweeg en goedgekeur word, gebaseer op die behaling van voorafgestelde jaarlikse doelwitte. Gedurende die jaar onder oorsig het die Komitee spesifiek gekonsulteer met eksterne konsultante oor die bonusskemas en nie-uitvoerende direkteure se vergoeding. Dit is bevind dat hierdie aspekte belyn is met markpraktyke en in sekere gevalle toepaslik konserwatief is.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by.



**Danie Minnaar**
*VOORSITTER: VERGOEDINGSKOMITEE*

## *VERGOEDING VIR DIE JAAR ONDER OORSIG WAS SOOS VOLG:*

| | Totaal R | Vergoeding R | Reis- en akkomodasie uitgawes R | Komitees R |
|---|---|---|---|---|
| ***Nie-uitvoerend:*** | | | | |
| JE Grobler (Voorsitter) | **585 473** | 325 425 | 46 298 | 213 750 |
| JDM Minnaar (Ondervoorsitter) | **498 517** | 228 193 | 78 574 | 191 750 |
| JPL Alberts | **279 747** | 143 916 | 35 731 | 100 100 |
| JA Boggenpoel (bedank 17/06/2011) | **246 789** | 143 916 | 26 073 | 76 800 |
| JBH Botha | **297 881** | 143 916 | 17 165 | 136 800 |
| SF Booysen (nuut 11/10/2010) | **103 655** | 73 975 | 17 980 | 11 700 |
| JAE Els | **224 389** | 143 916 | 37 073 | 43 400 |
| AJ Kruger | **253 958** | 143 916 | 21 542 | 88 500 |
| NDP Liebenberg | **252 475** | 143 916 | 20 059 | 88 500 |
| WH van Zyl | **245 354** | 143 916 | 20 638 | 80 800 |
| J Mashike | **181 893** | 143 916 | 16 277 | 21 700 |
| M Pooe* | **283 706** | 143 916 | 22 990 | 116 800 |

| | Totaal R | Vergoeding en reisuitgawes R | Prestasie-aansporings en bonusse R | Statutêre koste R |
|---|---|---|---|---|
| ***Uitvoerend:*** | | | | |
| F Strydom | **8 229 001** | 2 604 793 | 5 541 779 | 82 429 |
| CF Kruger (aangestel 26/08/2010) | **2 333 043** | 1 267 092 | 1 052 570 | 13 381 |



Die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee vervul 'n belangrike funksie deur te verseker dat die Direksie effektief aanspreeklikheid aanvaar vir risikobestuur sowel as sake met betrekking tot volhoubaarheid. Van links: Francois Strydom, Nico Liebenberg, WH van Zyl (Voorsitter), Jannie Els en Corné Kruger.

## Risiko- en Volhoubaarheidskomitee

**Verslag voorberei deur die Voorsitter, WH van Zyl**

### Samestelling

Die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en twee uitvoerende direkteure. Vyf vergaderings is gedurende die jaar gehou. Die uitvoerende direkteure, personeel op bedryfsvlak en die divisionele risikobestuurders woon ook die komiteevergaderings by en neem ten volle deel aan die kritiese risikobestuursbenadering ten einde die voortgesette volhoubaarheid van die besigheid te verseker.

### Mandaat en verantwoordelikhede

Die Komitee staan die Direksie by met die identifisering, beoordeling, evaluering, verlaging en monitering van werklike en potensiële risiko's soos op die Maatskappy van toepassing. Hierdie risiko's sluit kort-, medium- en langtermynrisiko's in.

Die neem van risiko op 'n toepaslike wyse is 'n integrale deel van die besigheid. Die sukses van die besigheid is tot 'n groot mate afhanklik van die optimalisering van die verhouding tussen risiko en opbrengs. Die Groep is blootgestel aan 'n verskeidenheid risiko's in die normale bedryf van sy besigheid, onder andere finansiële risiko, besigheidsrisiko, omgewingsrisiko en strategiese risiko. Die langtermyn volhoubare groei, deurlopende sukses en die reputasie van die groep is krities belangrik en afhanklik van die kwaliteit van risikobestuur en goeie korporatiewe beheer.

Die oorhoofse risikobestuursprogram van die Groep fokus op die onvoorspelbare landbou-ekonomiese klimaat en het ten doel om die potensieel nadelige effek daarvan op die groep se prestasie te verminder. In terme van finansiële risiko fokus Senwes spesifiek op markrisiko, kredietrisiko, likiditeitsrisiko en kapitaalinstandhouding.

Volhoubaarheid en sukses hang daarvan af of Senwes strategiese risiko verstaan en bestuur. Daar word erkenning gegee aan die feit dat strategiese risiko's 'n veel groter impak op die aandeelhouer het as enige van die ander risiko's. Hierdie risiko en die volatiele besigheidsomgewing, saam met globalisering, is as wesenlike risiko's deur Senwes aanvaar.

Senwes se beleggingsportefeulje is blootgestel aan en afhanklik van groot fluktuasies ten opsige van:

- Graanvolumes, hoofsaaklik weens klimaat, aanplantings en markaandeel;
- Spanderingsvermoë van klante met betrekking tot produksie- en kapitaalgoedere, hoofsaaklik weens fluktuerende boerederyinkomste en kommoditeitspryse;
- Internasionale en plaaslike fundamentele, soos:
  - Rentekoerse;
  - Valutakoerse;
  - Internasionale graankommoditeitspryse;
  - Brent ru-oliepryse;
  - Basiese boerderyinsette (veral kunsmis);
  - Nasionale en internasionale politieke stabiliteit.

Die volgende strategiese risiko's is geïdentifiseer en die nodige bestuursaandag word deurlopend daaraan geskenk:

- Bedryfsrisiko – Die bedryf raak so versadig en mededingend dat die totale bedryf in 'n nie-winssone omskep word.
- Stagneringsrisiko – Die besigheid behaal 'n vlak van volwassenheid wat verdere verhoging van wins en volumes bemoeilik.
- Unieke mededingersrisiko – Die skielike verskyning van 'n besonder sterk mededinger kan jou besigheid vernietig.
- Oorgangsrisiko – Die Maatskappy raak oorweldig deur 'n onverwagte verandering in tegnologie of sy besigheidsmodel.
- Klanterisiko – Die klantebasis word verklein deur veranderde behoeftes en prioriteite wat ons aanbod onaantreklik laat lyk.
- Projekrisiko – Die risiko dat 'n hoë belegging in 'n nuwe projek of verkryging kan misluk.
- Gebrek aan fokus op huidige besigheid – Die risiko om fokus te verloor op die kernbesigheid in die proses om uitvoering te gee aan die uitbreidingstrategie.
- Handelsmerkrisiko – Die waarde van die handelsmerk stort ineen of verlaag stelselmatig weens die aanslag van mededingers, swak publisiteit of langtermyn versuim om beleggings te maak.

Die Groep se risikobestuursplan word ondersteun deur sy doelwit om waarde op 'n volhoubare basis te skep vir die aandeelhouer, wat belyn is met die verwagtinge van die aandeelhouer en met die Groep se risiko-kapasiteit en -aptyt. Risikobestuur is een van die Groep se kernbevoegdhede en Bestuur en die Direksie is verbind tot die toepassing van die beste praktyke en standaarde in die verband.

Die Komitee vervul 'n noodsaaklike funksie deur te verseker dat die Direksie effektief aanspreeklikheid aanvaar vir risikobestuur. Dit speel 'n strategiese rol in die identifisering en bestuur van aksieplanne om die risiko's wat die Groep in die gesig staar, proaktief aan te spreek. Onafhanklike verifikasie word verkry ten opsigte van alle sleutelrisiko-areas en toepaslike interne beheer is binne die maatskappy gevestig deur die risikobestuurder en nakomingstrukture.

Op aanbeveling van die Risikokomitee, keur die Direksie die Groep se risiko-aptyt goed, met inagneming van 'n toepaslilke risiko/opbrengsverhouding. Die risiko-aptyt word afgebreek in risikolimiete per afdeling/filiaal, volgens die tipe risiko. Voldoening aan hierdie limiete word deurlopend gemonitor en kulmineer in die risikoprofiel vir die Groep. Die uitvoerende en senior bestuur is verantwoordelik vir die bestuur van die risiko's binne die gestelde aptyt ten opsigte van huidige en nuwe projekte.

Die Komitee is ook verantwoordelik vir die volgende:
- Die risikofilosofie, wat die bepaling van die risiko-aptyt, risikovlakke per aktiwiteit per besigheidseenheid, interne beheermaatreëls, waarskynlikheid en aksieplanne insluit;
- Die risikoproses en risikomitigerende aksies, waar van toepassing;
- Wetgewende nakoming, wat 'n dinamiese proses van deurlopende en aktiewe nakoming op alle vlakke in terme van belangrike en toepaslike wetgewing behels;
- IT- en toepaslike aksies ter bevordering van sekuriteit en besigheidskontinuïteit.

Gedurende die jaar onder oorsig is die mandaat van die Komitee uitgebrei om volhoubaarheidsaspekte soos die volgende in te sluit:
- Raamwerke en beleide met betrekking tot veiligheid, gesondheid, menseregte, sosiale belegging, omgewingsbestuur, werknemers, verhoudings met alle belanghebbendes en bestuur, produkveiligheid en sosio-ekonomiese transformasie van die Maatskappy;
- Bestuur van etiek in die maatskappy; en
- Organisasiestrukture, ontwikkeling en transformasie.

Die voorsitter van die komitee en die interne ouditeure woon die algemene jaarvergadering by ten einde te reageer op enige vrae met betrekking tot die maatskappy se risikobestuursprosesse en volhoubaarheidsaspekte.

**WH van Zyl**
*VOORSITTER: RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDSKOMITEE*



**Die mandaat van die Nominasiekomitee sluit onder andere in die maak van aanbevelings met betrekking tot die omvang, struktuur, samestelling en kundigheid van die Direksie en direksiekomitees. Van links: Mpueleng Pooe, James Botha, Japie Grobler (Voorsitter), WH van Zyl, Danie Minnaar en Jacob Mashike.**

## Nominasiekomitee

**Verslag voorberei deur die Voorsitter, Japie Grobler**

### Samestelling

Die Nominasiekomitee bestaan tans uit ses nie-uitvoerende direkteure. Die komitee het twee maal gedurende die jaar onder oorsig vergader.

### Mandaat en verantwoordelikhede

Die Komitee is verantwoordelik vir:
- Die maak van aanbevelings met betrekking tot die grootte, struktuur, samestelling en kundigheid van die Direksie en sy direksiekomitees. Die Komitee het nie die mag om direkteure aan te stel nie en is beperk daartoe om aanbevelings vir oorweging aan die Direksie en aandeelhouers te maak.
- Opvolgbeplanning van die Direksie, Voorsitter, Ondervoorsitter en Maatskappysekretaris;
- Aanbevelings met betrekking tot die toepaslike samestelling van direksiekomitees;
- Die werwingsproses vir nie-uitvoerende direkteure, gegewe die verlangde kundigheid benodig.

Die Komitee staan ook die Voorsitter by in sy taak om die prestasie van die Direksie as 'n geheel sowel as die prestasie van die individuele direksielede te evalueer.

### Nominasie van direkteure

Direkteure word verkies op basis van hul kundigheid en ondervinding toepaslik tot die strategiese rigting van die maatskappy en wat benodig word om die goeie prestasie van die maatskappy te verseker.

Prosedures vir die nominasie van onafhanklike en uitvoerende direksielede is formeel en deursigtig. Die Direksie het hierdie verantwoordelikheid aan die Nominasiekomitee gedelegeer, wat aanbevelings aan die Direksie maak.

Die voorsitter van die komitee woon die algemene jaarvergadering by om te reageer op enige vrae met betrekking tot die samestelling van die Direksie.

**Japie Grobler**
*VOORSITTER: NOMINASIEKOMITEE*



'n Nuwe toevoeging tot die Direksiekomitees is 'n Beleggingskomitee. Hierdie komitee sal hoofsaaklik as waghond optree oor die beleggingstrategie van die Groep en sy blootstelling aan beduidende beleggings. Die komitee sal ook die Direksie bystaan in die evaluering van spesifieke transaksies. Steve Booysen, middel, sal die Voorsitter van die komitee wees, met Mpueleng Pooe, links, en Danie Minnaar om hom by te staan.

## Beleggingskomitee

**Verslag voorberei deur die Voorsitter, Steve Booysen**


### Samestelling

Gedurende die jaar het die Direksie 'n nuwe Beleggingskomitee in die lewe geroep. Die Beleggingskomitee bestaan tans uit 3 nie-uitvoerende direkteure en is verantwoordelik vir die volgende in terme van sy mandaat:

- Oorweging van die beleggingstrategieraamwerk van die Groep se groot beleggingsportefeulje-blootstellings;
- Ondersoek die huidige aard van die wêreld- en plaaslike beleggingsportefeulje en verseker dat dit versoenbaar is met die Groep se huidige strategie en risikoraamwerk;
- Oorweeg en maak aanbevelings oor groot beleggings, spesifieke verkrygings, gesamentlike ondernemings of samesmeltings en monitor en doen verslag aan die Direksie oor die vordering daarvan;
- Hersien die bedryfsraamwerk van die beleggingsportefeuljes van die Groep, insluitend die gebruik van beide interne en eksterne finansieringsbronne;
- Hersien die prestasie wat deur die beleggingsbates gegenereer word; en
- Ondersoek en daag die huidige markvooruitsigte van beleggings.

Aangesien dit 'n nuwe komitee is, is geen vergaderings gedurende die jaar onder oorsig gehou nie.

**Steve Booysen**
*VOORSITTER: BELEGGINGSKOMITEE*



## Maatskappysekretaris

Die Direksie word in die nakoming van sy voortgesette verantwoordelikhede en verpligtinge deur die Maatskappysekretaris bygestaan. Nuut aangestelde direkteure gaan deur 'n toepaslike induksieproses, aangebied deur die Maatskappysekretaris, wat voorligting oor hul pligte en verantwoordelikhede en die oorhandiging van 'n "korporatiewe beheer-lêer" insluit. Die lêer bevat die Direksiehandves, gedragskode, mandate van komitees, gereserveerde magtigingsvlakke en die Statute van die Maatskappy.

'n Formele oriënterings- en opleidingsprogram, met huidige en relevante onderwerpe wat wissel vanaf King III tot noterings- en Mededingingswetvereistes, is vir agt opeenvolgende jare aangebied en direksielede woon hierdie sessies minstens kwartaalliks by.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die Maatskappysekretaris, Uitvoerende Bestuur en maatskappy-inligting.

Die Maatskappysekretaris is deel van die Uitvoerende Bestuurspan, maar is nie 'n direkteur van enige van die maatskappye in die Groep nie en is derhalwe in staat om 'n hoë vlak van onafhanklikheid te behou en armlengteverhoudings met die onderskeie direksies en bestuurspanne te handhaaf.

Die Maatskappysekretaris rapporteer struktureel aan die Besturende Direkteur en het 'n direkte kommunikasiekanaal na die Voorsitter. In terme van die Maatskappywet, neem die Maatskappysekretaris volle verantwoordelikheid vir alle direksie- en direksiekomiteevergaderings, aandeelhouersvergaderings, openbaarmaking en rapportering, leiding aan direksielede, induksies en verhoudinge met belanghebbendes.

Die Maatskappysekretaris is goed opgelei in korporatiewe beheersake en is 'n genootslid van die Instituut van Gektrooieerde Maatskappysekretarisse en Administrateurs en het uitgebreide regs- en korporatiewe besigheidsadministrasie-ondervinding.

Die Maatskappysekretaris is ook oorsigtelik in beheer van wetgewende nakoming regdeur die Groep. Die toepaslike strukture in die verband is gevestig, soos vroeër verduidelik onder wetgewende nakoming.

### Toegang tot inligting

Die Maatskappy voldoen aan die Wet op Toegang tot Inligting, 2000 en 'n handleiding in die verband is beskikbaar op die Maatskappy se webblad.

Lede het ook toegang tot die aandeleregister, notules van ledevergaderings en inligting oor verskeie maatskappysake. Enige navrae met betrekking tot die Maatskappy kan aan die Maatskappysekretaris as Hoof Inligtingsbeampte gerig word.



**Die Uitvoerende Komitee bestuur die maatskappy op 'n aktiewe en daaglikse basis en is verantwoordelik vir die implementering van direksiebesluite. Voor: Gerrit van Zyl (Credit), Pieter Esterhuysen (Grainlink), Corné Kruger (Finansiële Direkteur), Francois Strydom (Besturende Direkteur), Elmarie Joynt (Maatskappysekretaris) en Frans du Plessis (Village). Agter: Wikus Grobler (Groepfinansies & Tesourie), Martin van Zyl (Inligtingstegnologie), Joe Maswanganyi (Korporatiewe Dienste), Dirk Opperman (Interne Oudit), Dawie Barnard (Univision) en Johan le Grange (Korporatiewe Finansies).**

## Uitvoerende Komitee

### Samestelling en verantwoordelikhede

Die Uitvoerende Komitee bestuur die maatskappy op 'n aktiewe en daaglikse basis en gedurende die jaar onder oorsig is daar met die praktyk begin om vroeg elke oggend te vergader. Die span het sy uitsonderlike leierskap en eienaarskap bewys gedurende 'n buitengewone jaar.

Die komitee bestaan uit die uitvoerende direkteure, die bedryfshoofde van die onderskeie afdelings en die Maatskappysekretaris. Dit is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bedryfsaktiwiteite van die Maatskappy en vir die ontwikkeling van strategie en beleidsvoorstelle vir oorweging deur die Direksie. Die komitee is ook verantwoordelik vir die implementering van direksiebesluite.

## Beleggerverhoudings en verspreiding van aandeelhouers


Die groot Senwes aandeelhouerblokke bestaan uit Senwesbel Beperk en die Bafokeng Konsortium. Senwesbel, wat hoofsaaklik die boere aandeelhouers en klantebasis van Senwes is, het gedurende die jaar onder oorsig sy aandeelhouding verhoog vanaf 39,2% na 41,2%. Senwesbel het homself daartoe verbind om die langtermynvolhoubaarheid van Senwes en sy klantebasis te behou en het in die openbaar aangekondig dat hy sy ekwiteitsaandeel in Senwes oor tyd wil verhoog.

Senwes voorsien en onderhou ook 'n onafhanklike en aktiewe oor-die-toonbank aandeelverhandelingsmeganisme ("OTC–meganisme"). Die aandeelverhandeling geskied elektronies onder die beheer en toesig van die Maatskappysekretaris en word hanteer in terme van streng verhandelingsreëls en FAIS-wetgewing, Die OTC-meganisme word jaarliks deur die eksterne ouditeure geoudit, wat verifieer dat die kontrolemaatreëls en onafhanklikheid toegepas word.


Die markprys van die Senwes aandeel word dus deur verhandeling op die OTC-meganisme bepaal en verskaf 'n gesonde prysbepalingsmeganisme. Die verhandelinge deur die OTC-meganisme word drie maal per dag opgedateer en aanbiedinge van kopers en verkopers kan op die Senwes webblad gesien word.

### Prestasie van aandeelprys

*AANDEELPRYS: VERHANDELINGSWAARDE VS. NETTO BATEWAARDE (sent/aandeel)*




*WAARDESKEPPING EN WAARDEONTSLUITING VIR AANDEELHOUERS DEUR KAPITAAL EN DIVIDENDE*




### VYF GROOTSTE AANDEELHOUERS SOOS OP 30 APRIL 2011

| | | |
|---|---|---|
| 1. Senwesbel Beperk | 74 413 144 | 41,1% |
| 2. Royal Bafokeng Agri Investments (Edms) Bpk | 31 896 503 | 17,60% |
| Treacle Nominees (Edms) Bpk | 27 118 715 | 15,00% |
| Bafokeng Konsortium | 59 015 218 | 32,60% |
| Nywerheidsontwikkelingskorporasie van SA | 3 700 087 | 2,00% |
| Konsortium en verwante partye | 62 715 305 | 34,60% |
| 3. Gardenview Nominees (Edms) Bpk | 2 529 174 | 1,90% |
| 4. Ferbros Nominees (Edms) Bpk | 874 551 | 0,48% |
| 5. Ian van der Merwe Beherend (Edms) Bpk | 840 509 | 0,46% |
| **Totaal** | 141 372 683 | 78,54% |

### Aandeelhoudersdagboek

| | |
|---|---|
| Finansiële jaareinde | 30 April 2011 |
| Afkondiging van resultate in media | 24 Junie 2011 |
| Indiening van volmagte | 24 Augustus 2011 teen 11:00 |
| Algemene Jaarvergadering | 26 Augustus 2011 |
| Rekorddatum vir dividende | 26 Augustus 2011 |
| Betaling van finale dividende | 9 September 2011 |

### VERSPREIDING VAN AANDEELHOUERS

| Portefeuljegrootte | Aantal aandeelhouers | % | Aantal aandele | % |
|---|---|---|---|---|
| 1 - 1 000 | 947 | 32,13 | 332 959 | 0,18 |
| 1 001 - 5 000 | 652 | 22,12 | 1 641 084 | 0,91 |
| 5 001 - 30 000 | 999 | 33,90 | 13 992 207 | 7,74 |
| 30 001 - 100 000 | 300 | 10,18 | 14 581 400 | 8,07 |
| 100 001 - en hoër | 49 | 1,66 | 150 241 658 | 83,10 |
| | 2 947 | 100,00 | 180 789 308 | 100,00 |




**Francois Strydom**
*BESTURENDE DIREKTEUR*
Klerksdorp
22 Junie 2011



**Elmarie Joynt**
*MAATSKAPPYSEKRETARIS*

Senwes













# AFDELING 2

## *GEÏNTEGREERDE VOLHOUBAARHEID*





Met 75 aktiewe boerderyjare agter die rug, is oom Frikkie Rautenbach op 94-jarige ouderdom vir jonger produsente 'n voorbeeld om na te streef. Dié klant van Senwes se grond is geleë in die Bothaville- en Kroonstad-distrik.

# GEÏNTEGREERDE OPERASIONELE EN FINANSIËLE VERSLAG



Francois Strydom


## Inleiding

Die operasionele en finansiële oorsig in hierdie jaarverslag neem aspekte onder die loep wat 'n bydrae tot die volhoubare ontwikkeling van Senwes lewer of dit beïnvloed. Hierdie aspekte word ook in die jaarverslag aangespreek onder bepaalde strategiese temas, wat demonstreer hoe Senwes waarde skep vir aandeelhouers en hoe die volhoubare ontwikkeling van ons besigheid en dié van belanghebbendes nagestreef word.

## 2010/11 Bedryfsoorsig

Die jaar onder oorsig was een van uiterstes waarin Senwes, soos produsente, die slegste én beste kant van landbou beleef het. Senwes het in die eerste ses maande wesenlik swakker presteer as die vorige jaar, maar buitengewone herstel getoon in die tweede semester na gelang van die herstel in landboutoestande.

*PRYS VAN WITMIELIES 2010/2011*




Dié witmielieprystendens beklemtoon weereens dat Senwes belyn is met die welvaart en ekonomiese toestand van ons produsente-klantebasis.

Op plaasvlak het die landboujaar ooreenstemmend verloop. Dit word weerspieël in ons klantebasis se netto boerdery-inkomste wat ook met volatiliteit deur die jaar gekonfronteer is. Produsente se swakker winsgewendheid in die eerste ses maande sedert 1 Mei 2010 is gevolg met hoër vlakke van winsgewendheid in die tweede ses maande. Ongelukkig het van die produsente hul graan teen laer pryse gelikwideer voor die bullopie van Desember 2010.

Swak boerderymarges tydens die oes en voor plantseisoen het veroorsaak dat produsente hul beplande kapitaalspandering uitgestel het na 'n volgende seisoen. Selfs die produksie-insetaankope wat gewoonlik voor plantseisoen gedoen word, het verlangsaam weens die groot onsekerheid rondom die surplus mielievoorraad en gevolglike laer kommoditeitsprys tydens die plantseisoen. Daarbenewens het 'n groot gedeelte van die Noordwes streek laat reëns ontvang en het die verwagte afskaling in aanplantings grootliks gerealiseer. Die handelsbesigheid was onder geweldige druk om winsgewendheidsvlakke te handhaaf onder die omstandighede.

Die verlangsaming het hoër meganisasievoorraadvlakke tot gevolg gehad en gevolglik hoër drakoste. Afskrywings van stadigbewegende voorraad moes ook geabsorbeer word. Hierdie voorraad is genormaliseer teen jaareinde en die besigheidseenheid is gebalanseerd bevoorraad vir die komende seisoen. Ook die investering in debiteure het dieselfde siklus as die vorige jaar gevolg en dit was duidelik dat die lae kommoditeitspryse 'n groot agterstalligheid teen Augustus 2010 tot gevolg sou hê. Hierdie agterstalligheid het heeltemal genormaliseer teen jaareinde en slegs 5% van totale skuld op jaareinde was agterstallig en is behoorlik versekureer en/of voorsien.

Graanvoorraadvlakke was heelwat beter as die vorige jaar weens 'n goeie produksiejaar en weens die geleentheid om kommoditeite ekonomies in die toekomsmaande te dra. Die miélieprys het van Desember 2010 tot April 2011 met R302 per ton gestyg, vergeleke met 'n daling van R480 per ton vir die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar.

*TABEL 1*
***Uittreksel uit die finansiële resultate (Groep)***

| | 2011 | 2010 | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|
| | ***R'm*** | ***R'm*** | ***R'm*** | ***R'm*** | ***R'm*** |
| Omset | **7 550** | 9 039 | 11 157 | 7 640 | 5 578 |
| EBITDA (wins voor belasting, rente, depresiasie en amortisasie) | **471** | 455 | 682 | 400 | 290 |
| EBIT (wins voor rente en belasting) | **434** | 417 | 652 | 376 | 266 |
| Wins uit bedrywighede | **427** | 413 | 648 | 350 | 264 |
| Wins na belasting | **219** | 209 | 368 | 175 | 127 |
| | | | | | |
| Totale bates | **3 106** | 2 796 | 2 503 | 2 375 | 2 122 |
| Ekwiteit | **1 230** | 1 059 | 1 126 | 843 | 773 |
| Rentedraende finansiering | **1 405** | 1 196 | 717 | 802 | 771 |

Weerpatrone het ook 'n jaar van uiterstes gedemonstreer. Waar reënval aan die begin van die seisoen ondergemiddeld was, is die tweede helfte gekenmerk deur bogemiddelde neerslae. Dit het gelei tot 'n laat seisoen met die aankoop van insetmiddele en meganisasietoerusting. Die uitermatige nat tweede helfte van die seisoen kan in sekere gebiede graanopbrengste en kwaliteitsprobleme tot gevolg hê vir die oes wat tans op land is.

## Finansiële prestasie en waardeontsluiting

Senwes se finansiële prestasie vir die jaar het 'n groei van 4% in verdienste per aandeel getoon. Ten spyte van die relatiewe swak insetverskaffingsjaar het Senwes sy besigheidsbasis gehandhaaf (EBITDA R471 miljoen teenoor R455 miljoen die vorige jaar – sien Tabel 1), wat heelwat beter is as die gemiddelde markdaling van 10%.

Die Groep het 20,7% opbrengs op ekwiteit afgelewer en volhoubaarheid oor die afgelope jare is hoofsaaklik gesetel in optimale kapitaalgebruik, verdienstegroei, koste en effektiwiteit, transformasie en nou ook diversifikasie.

*OPBRENGS OP EKWITEIT*




'n Redelike groot kostebesparing kon in die ondersteuningsdienste-departemente bewerkstellig word, ten spyte van verhoogde regs- en advieskoste.

Heelwat van die spelers in die landbousektor het die afgelope twee jaar ekstensiewe herstrukturering deurloop en is genoodsaak om sekere opofferings te maak ten einde die kosteknyptang te ontsnap. Ons het ons risiko, nakoming, beheer en kontrole heroorweeg en besluit om die kostedruk te beveg met beter bate-optimalisering, besigheidsintelligensie en transaksionele posisionering. Hoër produktiwiteit en beter margebestuur het grootliks dié uitdaging die hoof gebied terwyl elke winssentrum gedaag was met sy eie besigheidsplan en teiken.

Ons sal in die komende jaar bate-effektiwiteit en projekte verder oorweeg en bepaal of dit met elke besigheidsentrum se markpotensiaal belyn is. Enige wanbalans sal aangespreek word, wat groter kapitaalspandering maar ook afskrywings tot gevolg kan hê. Sterker klem op produkontwikkeling sal ook opgevolg word met 'n hoër investering in besigheidsintegrasie en besluitneming.

Die Senwes aandeel het sy bullopie voortgesit en het op jaareinde reeds teen 'n 50%-premie tot netto batewaarde verhandel. Die totale welvaart van R588 miljoen (aandeelgroei en dividende) het 'n 45%-opbrengs op die openingsprys van 1 Mei 2010 beloop en is belyn met die vyfjaar-gemiddeld van 47%. R1,96 miljard is oor die afgelope vyf jaar (sien Tabel 2) vir die belegger in Senwes geskep en is goed ondersteun deur nuwe maar veral tradisionele beleggers.

Die 2020-groeistrategie sal oor die kort termyn groter herinvestering vereis en sodoende sal daar ook teruggekeer word na 'n tradisionele en meer konserwatiewe dividendbeleid. Daarbenewens is die verwagting dat die aandeel 'n groot mate van volwassenheid bereik het en al hoe meer met die boekprestasie sal korreleer.

Die verkryging van strategiese beleggings en die reorganisasie daarvan sal groter diversiteit binne die huidige kernbesigheid van die Groep teweegbring en sal die risikoprofiel van die aandeel verbeter en groter vertroue vestig. Die balansstaat sal verder ook gedaag word met hoër kommoditeitspryse en waarskynlik met 'n tweede vlaag van hiperinflasie op landbou-insette, wat 'n beduidende groter belegging in handels- en graanvoorraad tot gevolg sal hê. Die herevaluering van die huidige besigheidsmodel en die strukturering daarvan sal hierdie jaar onder die loep geneem word.

## Diversifikasie

Ons het besluit om die Groep se handelsmerk, geografiese teenwoordigheid, kommoditeite en klante te diversifiseer ten einde 'n beter risikoprofiel en meer volhoubare besigheidsmodel daar te stel.

Ons is van mening dat landboubesighede op 'n korporatiewe vlak gekonsolideer behoort te word sonder dat die besluitneming en interaksie met die kliënt aangetas word. Herorganisasie in verskeie

*TABEL 2*

***Totale aandeelhouerswaarde geskep***

| | | 2011 | 2010 | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **c/a** | **c/a** | **c/a** | **c/a** | **c/a** |
| Aandeelprys op jaareinde | | **1 020** | 730 | 550 | 525 | 400 |
| Aandeelprys aan die begin van die jaar ________ **A** | | **730** | 550 | 525 | 400 | 250 |
| Groei in aandeelprys | | **290** | 180 | 25 | 125 | 150 |
| Totale dividend vir die jaar | | **35** | 140 | 62 | 54 | 23 |
| Finaal | | **25** | 15 | 30 | 14 | 17 |
| Interim | | **10** | 25 | 15 | 10 | 6 |
| Spesiaal | | **0** | 100 | 17 | 30 | 0 |
| Groei in aandeelprys plus dividend ___________ **B** | | **325** | 320 | 87 | 179 | 173 |
| | ***5 jaar gemiddeld*** | | | | | |
| TSR % $\left(\frac{B}{A} \times 100\right)$ | 47% | **45%** | 58% | 17% | 45% | 69% |
| | ***5 jaar totaal*** | | | | | |
| Totale aandeelhouersopbrengs (R'm) | 1 960 | **588** | 579 | 157 | 324 | 313 |

spesialisareas is van die uiterste belang vir die toekoms. Dit, tesame met gedeelde nakomings- en beheerplatforms, sal vir landbou 'n voorsprong gee sonder om buitengewone risiko's te loop en behoorlike diversifikasie sal groter beheer bring. 'n Uitbreiding na markte binne die SAOG en sub-Sahara streke is reeds aan die gang en sal mark- en geografiese verspreiding tot gevolg hê.


## Die Senwes 2020-groeistrategie

Die besef dat die Senwes van môre nie bloot 'n voortsetting van die vorige 101 jaar kan wees nie, het 'n proses geskep waarvolgens die Direksie en Uitvoerende Bestuur – met insette deur personeel op alle vlakke – die toekoms gaan verken het. Binne 'n toekomsscenario van hoe die wêreld, Afrika en Senwes in 2020 gaan lyk, het ons teruggekyk na 2010 en die koördinate gekarteer vir Senwes se strategiese groei- en uitbreidingsplanne vir die volgende tien jaar.

"Senwes 2020" was die resultaat en dit spel Senwes se verwagte rol as sleutelspeler in die landbou- en voedselwaardeketting vir die volgende dekade uit. Die Direksie het homself in Oktober 2010 verbind tot dié strategiese groei- en uitbreidingsplan. Hierdie groeiplan sluit in konsolidasie, reorganisasie en diversifikasie op verskeie vlakke en uitbreiding na aangrensende markte, sowel as 'n meer kompeterende waarde-aanbod aan al ons belanghebbendes.

Die Groep se graanbesigheid, Senwes Grainlink, volg 'n tweeledige groeistrategie, naamlik die koppeling met 'n groot internasionale graanverhandelingsvennoot en die uitbreiding van die Afrika-voetspoor. Senwes het vanjaar groot vordering getoon in dié verband deur die sluiting van 'n gesamentlike onderneming met die Europese bedryfsarm van Bunge en ook deur die vestiging van 'n streekstruktuur in Suidelike Afrika. Nuwe uitbreidings in Zambië en Mosambiek is in 'n onderhandelingsfase en sal waarskynlik eersdaags ontplooi wees.

Die graanproduksie in SAOG is besig om toe te neem en kan eersdaags as 'n surplus gebied vestig. Weens die lae produksie



en arbeidskoste kan van hierdie gebiede as ideale uitvoerbronne ontwikkel word. Die transaksie met 'n toonaangewende internasionale landboubesigheid en voedselmaatskappy – en die besighede wat in Malawi gevestig is – is gefokus op die vestiging van ons vermoë om deel te neem aan die in- en uitvoere van die streek maar veral onderling binne die streek.

'n Uitbreiding van die Groep se meganisasiebesigheid (John Deere-agentskap) word ook in die vooruitsig gestel veral in areas waar daar 'n onderinvestering in die verband is. Senwes Village se insetbemarkingstruktuur is reeds uitgebrei en word tans uitgerol in geografiese gebiede waarheen meganisasie alreeds suksesvol uitgebrei het.

As deel van die aksie om groter finansieringskapasiteit te vestig en Senwes se balansstaat beter te struktureer, is die langtermynfinansieringsboek in die proses om afverkoop te word aan dieselfde finansiers wat reeds die huurkopeboek suksesvol by Senwes oorgeneem het. Hartswater Wynkelder is vanjaar verkoop aan Oranjerivier Wynkelder as 'n laaste stap in die Groep se disinvestering uit nie-kernbesigheid.

Die ontginning van hulpbronne in die platteland wat gekoppel word aan landbou en voedsel word tans nagevors en Senwes het reeds vanjaar sy belegging in 'n kalkbesigheid na 50% verhoog.

## Strategiese vennootskappe

Sterk vennootskappe en ooreenkomste met kundige rolspelers is van die uiterste belang ten einde die maatskappy se groei en volhoubaarheid in die toekoms te verseker. Dit word ondersteun deur 'n beleggingstyl en grondslag van besigheidsvoering wat op 'n nie-konfronterende, deursigtige en vennootskapsgedrewe basis geskied.

'n Eerste mylpaal in die verwesenliking van die 2020-groeistrategie is die transaksie wat ons in Februarie met MGK van Brits gesluit het. Die transaksie, wat onderhewig is aan goedkeuring deur mededingingsowerhede, is so gestruktureer dat die MGK-groep gesamentlik deur Senwes, MGK Beherend en Intrax ('n maatskappy onder beheer van MGK-personeel), beheer sal word. Dit impliseer ook dat beide groepe se handelsmerke, infrastruktuur, bestuurskundigheid, direksies en klantebasis behoue sal bly.

Die klem val verder op diversifikasie deur middel van spesialisasie. Die reorganisasie behels dat MGK die Vaalharts handelstakbedrywighede sal oorneem, wat inpas by hul groter besproeiingsfokus en spesialisasie, terwyl Senwes sal fokus op sy eie én MGK se graanbesigheid. MGK se besproeiingskundigheid sal meehelp om 'n sterk, volhoubare besigheid te verseker saam met Senwes – wat weer 'n droëlandwaardeproposisie aan produsente sal verskaf. Daarbenewens sal verdere ontsluiting van sinergieë nagestreef word.

'n Tweede vennootskap wat vanjaar gesluit is, is die een met die Europese bedryfsarm van Bunge Beperk. Dié gesamentlike onderneming sal graanprodukte invoer, aan die plaaslike mark voorsien en produkte na ander lande uitvoer. Bunge sal kundigheid ten opsigte van kommoditeitsmarkte en gespesialiseerde internasionale logistiek verskaf en sodoende ons kundigheid en vermoëns in die internasionale verkryging van graan en oliesade, logistiek en risikobestuur uitbrei. Senwes sal sy kundigheid ten opsigte van, en toegang tot plaaslike en streeksgraanmarkte beskikbaar stel, sowel as ons hoë kwaliteit infrastruktuur. Goedkeuring deur die mededingingsowerhede word tans afgewag.

Grainovation, die Groep se gesamentlike onderneming met Imperial Logistics, toon reeds 'n opwaartse kurwe. Dié vennootskap behels 'n vervoermakelaarsonderneming en 'n eie vlootbesigheid. Meer as 'n miljoen ton se kommoditeite is vanjaar deur die makelaarsfunksie geplaas. Die eie vlootbesigheid se kapasiteit word tans uitgebrei deur die toevoeging van pasgemaakte applikasie-voertuie.

Ons finansiële dienste-onderneming, Univision, se moontlike samevoeging met 'n nasionale rolspeler kan die verlangde kritiese massa teweegbring. Geleenthede wat tans ondersoek word, is die uitbreiding van die diensteportefeulje en die vergroting van die geografiese voetspoor van die besigheidseenheid.

Beskikbare kapasiteit in Senwes se vaste koste- en voldoeningsplatform bied die geleentheid om kleiner rolspelers se bedreiging in die opsig te versag en kan 'n aktiewe bydrae lewer om die vestiging van strategiese vennootskappe in die landboubedryf te fasiliteer.

## Korporatiewe beheer, risiko en voldoening

Die markplek stel al hoe hoër nakomingsvereistes en die maatskappy wat hierdie aspekte uitnemend hanteer sal 'n strategiese en selfs 'n mededingende voordeel opbou. Geïntegreerde stelsels dryf behoorlike beheer en dinamiese besluite en Senwes is in die proses om sy stelsels só te posisioneer dat dit as 'n strategiese toepassing geëvalueer sal word.

Senwes aanvaar sy rol as goeie korporatiewe burger en het daarom die King III vereistes in beginsel aanvaar en rig sy besigheidsvoering daarvolgens.

Risikobestuur vind geïntegreerd plaas as deel van bestuurspraktyke en word gemonitor deur die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee. Dit maak ook 'n integrale deel uit van strategiese beplanning en implementering in die Groep asook die daaglikse beheer en kontrole.

## Verhoudings met belanghebbendes

Die Groep se impak op aandeelhouers, klante, werknemers, verskaffers, die regering asook die gemeenskap word bespreek in die Volhoubaarheidsverslag wat elders in hierdie jaarverslag verskyn.

## Volhoubaarheid en transformasie

Ek en my uitvoerende bestuurspan is verbind tot die volhoubaarheid van die Groep. Die styl van besigheidsvoering is een waarvolgens volhoubaar en billik opgetree word teenoor alle belanghebbendes. Die bestuurspan en personeel wil nie eksklusief gefokus wees op die aflewering van 'n jaarresultaat nie, maar eerder op die vestiging van 'n gesonde basis waarop voortgebou kan word.

Hierdie kultuur word weerspieël in ons verhouding met belanghebbendes, want volhoubaarheid gaan oor meer as net die omgewing – dit gaan ook oor klante en ons verhouding met insetverskaffers, beleggers en personeel. Senwes opereer binne gemeenskappe en nie losstaande daarvan nie.

Volledige inligting oor Senwes se volhoubaarheid en transformasie verskyn in die Volhoubaarheidsverslag, op bladsy 28 van die jaarverslag.

## Talent, etiek en organisasiekultuur

Ons bied voortdurend opleidings- en vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede om personeel op alle vlakke op te lei en

te ontwikkel. Hierdie programme het ten doel om personeel te bemagtig asook om voldoende vaardighede tot voordeel van die onderneming te skep en bestaande vaardighede te verbeter. Toepaslike wetgewing met betrekking tot vaardigheidsontwikkeling word ook nagekom.

Die Groep is aktief betrokke in vaardigheidsontwikkelingsprojekte binne die breë landbousektor. 'n Indiensopleidingsprogram vir afgestudeerde graduandi is ook die afgelope jaar suksesvol geïmplementeer. 13 kandidate het ingeskryf vir die program en almal is na suksesvolle voltooiing van die program, 'n permanente posisie aangebied. 'n Tweede groep het op 1 Maart 2011 met die 12 maande program begin.

'n Personeelomset van 12% gedurende die jaar onder oorsig word gereken as binne perke te wees. Dit reflekteer die gesonde en volhoubare organisasiekultuur wat gevestig is en vergelyk goed met die res van die landboumark.

## Vooruitsigte

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie is in 'n gunstige posisie weens die tendens dat die ekonomieë van ontwikkelende lande relatief sterker groei as dié van ontwikkelde lande.
- Voedselsekerheid en -veiligheid raak toenemend 'n internasionale vraagstuk en meer spesifiek landbouverwante besighede word al meer op die voorgrond en op die inkopielys van groot beleggers geplaas. Die internasionale beleggersgemeenskap kyk baie noulettend na hierdie sektor.
- Afrika is een van die onontginde voedselpotensiale van die wêreld.
- Na gelang van die prys wat herstel, word groter mielieaanplantings en groter koringaanplantings vir die komende jaar verwag. Gegewe goeie saadverkope is die vroeë aanduidings dat genormaliseerde koringaanplantings sal plaasvind. Die afskaling van die vorige jaar sal dus herstel word.
- Hoër kapitaalspanderings deur produsente word vanjaar verwag – wat 'n positiewe uitwerking op ons meganisasiebesigheid kan hê.
- Hoë ru-oliepryse plaas inflasionistiese druk op insette. Die fundering van die balansstaat sal dus 'n uitdaging vir produsente wees hierdie jaar, gegewe hoër insette en hoër krediet.
- Navolging en prioritisering van ons 2020-visie sal verder aandag geniet.
- Senwes moet homself posisioneer om 'n wesenlike plaaslike speler te wees en ook die sprong te maak na 'n streekspeler in sub-Sahara Afrika.
- Vennootskapsbesigheid, reorganisasie en konsolidasie van bestaande bedrywe sal deel uitmaak van die volgende drie jaar se fokus.

## Bedankings

Ek benut graag die geleentheid om die Direksie te bedank vir hul deurlopende leiding en wysheid – en veral die insig in en ondersteuning van die operasionele werklikhede. Die uitvoerende bestuurspan het hulself uitstekend van hul taak gekwyt in 'n jaar waarin buitengewone uitdagings gestel is en my respek en waardering vir hulle en die volle personeelkomponent, word met groot dank bevestig.

'n Besondere woord van dank aan ons aandeelhouers, verskaffers, klante en die gemeenskappe waarbinne ons opereer, vir hul volgehoue ondersteuning. So ook ons uitmuntende personeelkorps, professionele adviseurs en raadgewers.

Ons erken ons afhanklikheid van die Vader se genade in ons besigheid en tree op in nederige erkenning daarvan.

**Francois Strydom**
*BESTURENDE DIREKTEUR*
Klerksdorp
22 Junie 2011



# MARKTOEGANG – SENWES GRAINLINK



Pieter Esterhuysen (Hoofbestuurder), middel, deel 'n paar Grainlink-idees met sy bestuurspan. Van links: Christo Booyens (Graanbemarking), Pieter Malan (Silobedryf), Mauritz de Kock (Finansies en Administrasie) en Andrew Martalas (Grainlink International).


*Grainlink het vanjaar gefokus op die verhoging van diensvlakke en tariefsopsies wat pasgemaak is vir die produsent se unieke behoeftes. Sterker mededinging is gevestig met meer omvattende en risiko-georiënteerde bemarkingsprodukte sowel as 'n voorraadbestuursmodel wat meer kompeterende opbergingspraktyke stimuleer. Heelparty uitdagings in die graanverhandelingsomgewing moes die jaar die hoof gebied word en dit was veral opmerklik hoe volwasse die markplek veral arbitrage-geleenthede benut het.*

*Die Graanverhandelingsafdeling moes voorwaar sy besigheidsintelligensie tot 'n nuwe besluitnemingsvlak dryf terwyl die geleenthede wat die mark bied, nie noodwendig meer ooglopend voorgekom het nie.* ***Kapasiteit in die Grainlink International kantoor is verder uitgebrei en Senwes is trots op die deelname aan aksies ten einde oplossings te bied vir die surplus-voorraadsituasie.***

## BESIGHEIDSOORSIG


| | |
|---|---|
| **AARD VAN BESIGHEID** | ⌘ Skep van marktoegang vir die graanprodusent,<br>⌘ Verkryging en verhandeling van graan,<br>⌘ Hantering en opberging van graan<br>⌘ Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan<br>⌘ Internasionale bemarking |
| **POSISIONERING** | ⌘ Logistiek, hantering, storing, verskansing en bemarking – geposisioneer tussen die plaashek en die graanafnemer. |
| **STRATEGIESE DOELWIT** | ⌘ Verbeterde verkryging- en afnemerstrategie gefokus op verhoogde dienslewering en deelname in tradisionele en alternatiewe markte |

## GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID




- 68 graansilokomplekse
- 3 deurvoerstrukture
- 23 graanverkrygingskantore
- 2 verhandelingskantore
- 3 makelaars
- 10 logistieke applikasie

## GRAINLINK – BEDRYFSWINS NA RENTE VOOR BELASTING




## BYDRAE TOT WINS VOOR BELASTING SENWES GRAINLINK



# INSETVERSKAFFING – SENWES VILLAGE




Om deurlopend waardetoevoegende dienste te lewer vir klante is ons werkswyse. Die Senwes Village bestuurspan is (van links): Marlo Kotze (Finansies en Administrasie), Frans du Plessis (Hoofbestuurder), Sarel Greyling (Meganisasie) en Neel Rust (Algemene Handel).

*Village kon daarin slaag om op aanvaarbare winsvlakke te presteer en terselfdertyd gesonde groei in markaandeel te bewerkstellig in die insetverskaffingsbesigheid.*

*Goeie voorraadbestuur het bepaalde effektiwiteite in die balansstaat teweeg gebring. Aankope is aangepas na 'n gesentraliseerde stelsel met skerper fokus op produkreekse en -kategorieë.*

***Village is nou so geposisioneer om sy meganisasie afdeling te verbreed buite die tradisionele areas van bedryf.***

## BESIGHEIDSOORSIG


| | |
|---|---|
| **AARD VAN BESIGHEID** | ⌘ Verskaffing van Insetmiddele aan die landbou produsent<br>⌘ Verskaffing van meganisasie en instandhoudings-dienste aan die landbou produsent mbt landboutoerusting<br>⌘ Verskaffing van 'n verskeidenheid van hardeware en geriefsprodukte aan die algemene publiek |
| **POSISIONERING** | ⌘ Ontplooi infrastruktuur, bemarkingstrukture en produkreekse ten einde die produsent te diens ten opsigte van produksie-insette en meganisasiebenodigdhede |
| **STRATEGIESE DOELWIT** | ⌘ Om die rol van voorkeurverskaffer aan die landbouprodusent tov al sy insetbenodigdhede en meganisasie met uitnemendheid te vervul |

## GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID





- 26 handelswinkels
- 12 meganisasieherstelwinkels
- 4 vulstasies
- 4 geriefswinkels

## VILLAGE – BEDRYFSWINS NA RENTE VOOR BELASTING




## BYDRAE TOT WINS VOOR BELASTING SENWES VILLAGE



# KREDIETVERSKAFFING – SENWES CREDIT

*Die debiteureboek toon groei ten spyte van die laer Village omset. Agterstalligheid is genormaliseer en op dieselfde vlakke as die vorige jaar. Credit is 'n goeie fasiliteerder vir die res van die besigheid.*

*Ten spyte van laer heersende graanpryse tydens die plantseisoen asook 'n effense afskaling in hektare geplant is daar steeds goeie groei in markaandeel ondervind. Gemiddelde produksiekrediet het met ongeveer 12% toegeneem.*

***Die gesamentlike onderneming met 'n finansier is suksesvol geïmplementeer en maak reeds 'n positiewe bydrae tot die winslyn.***




Gerrit van Zyl (Hoofbestuurder), middel, en sy bestuurspan is optimisties oor die verhoogde markaandeel van Credit vir die jaar onder oorsig. Van links: Herman Harmzen (Finansies), Johan Meiring (Besigheid en Ontwikkeling). Voor: Phillip Hollenbach (Kredietbestuur) en Johan du Toit (Landboudienste).

## BESIGHEIDSOORSIG


| | |
|---|---|
| **AARD VAN BESIGHEID** | ⌘ Finansiering van alle landbougeoriënteerde insette<br>⌘ Finansiering van vaste en roerende bates vir boerderydoeleindes<br>⌘ Finansiering van bemarkte graan dmv 'n verskeidenheid van finansieringsprodukte<br>⌘ Voorsien landboukundige dienste |
| **POSISIONERING** | ⌘ Finansieringskakel tussen die landbouprodusent en Senwes se ander bedryfsaktiwiteite<br>⌘ Finansieringskakel tussen die graanafnemer en Senwes Grainlink<br>⌘ Adviseer die produsent rakende produksiepraktyke en totale insetbeplanning |
| **STRATEGIESE DOELWIT** | ⌘ Die daarstel van effektiewe en doelgemaakte finansieringsprodukte ten einde die produsent en die graanafnemer in staat te stel om sy besigheid optimaal te bestuur tot voordeel van alle belanghebbendes |

## GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID





- Gesentraliseerde kantoor
- Gedesentraliseerde sleutel-rekeningbestuurders
- Produsent en korporatiewe debiteure

## CREDIT – BEDRYFSWINS NA RENTE VOOR BELASTING




## BYDRAE TOT WINS VOOR BELASTING SENWES CREDIT



# KORPORATIEWE BEHEER EN NAKOMING

*Senwes strewe na uitnemende voldoening aan nakomingsvereistes met betrekking tot Korporatiewe Beheer (King III).*

*Daar word sterk gesteun op Korporatiewe dienste vir nakoming en risikobestuur en die daarstelling van geïntegreerde stelsels ten einde die Maatskappy in staat te stel om hierdie funksies as strategiese voordeel aan te wend.*



**Ondersteuning deur Groepdienste is krities vir die effektiewe bedryf van 'n toonaangewende agri-besigheid. Van links: Jana van den Berg (Risikobestuur), Wikus Grobler (Groep Finansies en Tesourie), Elmarie Joynt (Maatskappysekretaris), Johan le Grange (Korporatiewe Finansies), Martin van Zyl (Inligtingstegnologie) en Dirk Opperman (Interne Oudit).**

## KORPORATIEWE BEHEER EN NAKOMING-OORSIG

| Departement | Beskrywing van funksie | Posisionering | Strategiese doelwitte |
|---|---|---|---|
| **1. Groeprisiko** | Die identifisering, monitering, kontrolering en verslagdoening van risiko's binne die Groep. Sien detail in Korporatiewe Beheerverslag sowel aantekening 21 van die Finansiële State. | Operasioneel ontplooi vir elke besigheidseenheid maar korporatief bestuur ten einde objektiwiteit en onafhanklikheid te behou. | Proaktiewe optrede om risiko's betyds te identifiseer en af te dek ten einde die risikoprofiel van die groep sodoende te verbeter. |
| **2. Sekretariaat, Regsdienste, Nakoming en Bestuur van Belanghebbendes** | Die verskaffing van maatskappy-sekretariële dienste, regsadvies, nakomingsfunksie asook die bestuur van belanghebbendes. | Onafhanklik geposisioneer ten einde korporatiewe beheer en nakoming te verseker. Gee die pas aan in die daarstel van operasionele en korporatiewe regsadvies. | Nakomingsplatform daar te stel wat risikodoelwitte aanspreek. Lewering van regsdienste vir nuwe innoverende kontrakte ten einde die groeidoelwitte aan te spreek. |
| **3. Interne Oudit en Korporatiewe Versekering** | 'n Ten volle geïntegreerde ouditfunksie wat groter kwaliteit interne beheer verseker deur 'n risikogebaseerde ouditbenadering te volg. | Onafhanklik gesentraliseer en sitting op verskeie Bestuurs- en Raadstrukture. | Proaktiewe advies en indiepte kennis van die operasionele stelsel en besigheidsprosesse ten einde 'n onmisbare skakel van kundigheid en 'n verbeteringsagent te wees. |
| **4. Korporatiewe Finansies** | Die verskaffing van advies ten einde korporatiewe transaksies te fasiliteer. Die daarstel van oplossings ten einde operasionele sowel as korporatiewe vraagstukke en kwessies aan te spreek. | Korporatief as 'n verlengstuk tot Uitvoerende Bestuur sowel as die Uitvoerende Komitee. | Advies ten einde korporatiewe transaksies te fasiliteer wat die 2020 doelwitte sal aflewer en ook die suksesvolle implementering daarvan sal verseker. |
| **5. Groep Finansies en Tesourie** | Statutêre verslagdoening, maandelikse bestuursrapportering, begroting en finansiële beplanning, tesouriefunksie asook belastingbeplanning, korporatiewe finansiële beheer en besluitneming. | Die funksies word korporatief geposisioneer maar met sterk integrasie na operasionele en ander korporatiewe afdelings ten einde beheer, optimale kapitaalaanwending en verslagdoening te verbeter. | Befondsingstrategie wat met die 2020 doelwitte belyn is asook betrokke in die beplanning van korporatiewe transaksies. Rapporteringstandaarde sal belyn wees met die vereiste van 'n genoteerde omgewing. |
| **6. IT** | Die daarstel van 'n IT-oplossing wat die besigheidsvereistes diens en die Maatskappy in staat stel om met geïntegreerde stelseloplossings tydige besluite te akkommodeer. | Gesentraliseerde afdeling wat gespesialiseerde en projek-geöriënteerde dienste aflewer aan operasionele afdelings op 'n ooreengekome doelwitbasis. | Die stelsel so te ontwikkel dat dit 'n stragiese wapen vir die maatskappy sal wees teen 2020. |

# GESENTRALISEERDE DIENSTE EN UNIVISON



**Joe Maswanganyi (Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste), middel, en die diensafdelingspan verseker dat korporatiewe beheer regdeur die Groep toegepas word. Van links: Sizwe Magagula (Talent- en Leierskapontwikkeling), Henco de Jager (Menslike Hulpbronne), Johan Grobler (Korporatiewe Bemarking) en Dawie Barnard (Univision) verteenwoordig die diverse bedrywe van die Groep.**

*Univision het sy produkaanbod en besigheidsbasis gedurende die jaar uitgebrei ten einde meer omvattende versekerings-oplossings daar te stel.*

*Die mannekrag- en talentbestuursfunksie ondersteun die huidige vergoedingsfilosofie terwyl die strategie-afdeling verseker dat die groepstrategie belyn bly.*

*Die Korporatiewe bemarkingspan is ook besig om die Senwes handelsmerk effektief uit te bou.*

## GESENTRALISEERDE DIENSTE EN UNIVISION-OORSIG

| Departement | Beskrywing van funksie | Posisionering | Strategiese doelwitte |
|---|---|---|---|
| **1. Univision** | Die verskaffing van verskeie doelgemaakte versekeringsprodukte aan produsente, klante en die algemene publiek. Makelaars- en administratiewe dienste. | Toegevoegde waarde-dienste ter ondersteuning van Senwes se kernbedrywighede. | Om toegevoegde waarde-dienste aan Senwes se kernbedrywighede te lewer en besigheid op verskeie terreine te ondersteun. |
| **2. Menslike Hulpbronne** | Die verkryging en behoud van talent, administrasie van die mannekragfunksie en die daarstel van 'n behoorlike opleidingsplan wat die huidige vergoedingsfilosofie ondersteun. | Gesentraliseerd met 'n behoorlike diensvlakooreenkoms met die operasionele afdelings. | Die daarstel van 'n verteenwoordigende werksmag op alle vlakke en die ontwikkeling van 'n waardeproposisie aan personeel ten einde die voorkeurwerkgewer binne landbou te wees teen 2020. |
| **3. Korporatiewe Bemarking en Bemarkingsdivisie** | Die uitrol van 'n ten volle geïntegreerde bemarkingsplan ten einde die korporatiewe handelsmerk maar ook die divisionele bemarkingsaksies te ondersteun. | Noue samewerking met die operasionele divisies maar ook korporatief geposisioneer om die handelmerkekwiteit te optimaliseer. | Om die handelsmerk nasionaal uit te bou teen 2020. |
| **4. Strategie, SEB en Ander Gesentraliseerde Dienste** | Die daarstel van 'n duidelike strategie, die meet daarvan en voortdurende verstelling daaraan. Ook funksies soos vlootbeheer, eiendomsportefeulje, hoofkantoordienste en die SEB-dryf is deel hiervan. | Gesentraliseerd maar met sterk begrotingsbestuur ten einde koste-effektiewe dienste te verseker. | Die 2020 strategie voortdurend te oorweeg en te verstel en waar nodig ander dienste so koste-effektief moontlik te lewer. |



# SENWES GROEPSTRUKTUUR

*soos op 30 April 2011*

**Aandeelhouers**

- PRODUSENTE AANDEELHOUERS — 18,3%
- SENWESBEL BPK — 41,2%
- BAFOKENG KONSORTIUM EN VERWANTE PARTYE — 34,7%
- ANDER AANDEELHOUERS — 5,9%

## SENWES BPK

### SENWES GRAINLINK

- Silo Bedryf
- Graanbemarking
- Logistieke dienste
- Elektroniese silo-sertifikaat verhandeling
- Oorgrens transaksies

Filiale:

- Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk — 100%
- Senwes Bpk Malawi — 100%
- Senwes Grainlink East Africa (Kenya) — 100%
- Grainovation (Edms) Bpk — 50%
- Silo Certs (Edms) Bpk H/A Electronic Silo Certificates — 42,5%
- Graansilo Industrie (Edms) Bpk — 26%
- Senwes International Holdings (Edms) Bpk — 100%

### SENWES VILLAGE

- Winkels
- Meganisasie
  - Heelgoedere
  - Onderdele en Werkswinkels
  - Presisieboerdery
- Insetverskaffing

Filiale:

- Grasland Ondernemings (Edms) Bpk — 50%

### SENWES CREDIT

- Kredietverskaffing
- Graanfinansiering
- Batefinansiering
- Landboukundige en tegniese dienste

### DIVERSE ONDERNEMINGS

- Saad
- Versekering

Filiale:

- Univision Life (Edms) Bpk — 100%
- Univision Financial Services (Edms) Bpk — 100%
  - Univision Broker Services (Edms) Bpk — 100%

### DIENSTE-AFDELINGS

- Korporatiewe strategie en SEB
- Risikobestuur
- Groepfinansies
- Korporatiewe Finansies
- Tesourie
- Inligtingstegnologie
- Menslike hulpbronne
- Hoofkantoor dienste
- Eiendomme
- Vlootbeheer
- Sekretariaat
- Interne oudit
- Korporatiewe bemarking

Filiale:

- Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk — 100%

# VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

## Oor Senwes

### Profiel

Senwes is een van die leier landboubesighede in Suid-Afrika met fokus op die verskaffing van landbouproduksie-insette, sowel as marktoegang vir graanprodukte. Dit word strategies gekoppel aan die verskaffing van waardetoevoegende dienste, wat insluit finansiering, landboutegniese en logistieke dienste en versekering.

Senwes bedryf hoofsaaklik besigheid in die Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Noord-Kaap provinsies, met beperkte aktiwiteite in die Wes-Kaap. Senwes het 'n teenwoordigheid in Malawi gevestig as deel van sy Afrika uitbreidingstrategie, met fokus op graanverhandelingsaktiwiteite.

Die marktoegangskant van die besigheid verskaf opberging en hantering deur 'n goed-ontplooide silo-infrastruktuur met 'n kapasiteit van 4,6 miljoen ton, wat meer as 25% van die totale Suid-Afrikaanse kommersiële opbergingskapasiteit uitmaak. Senwes se silo's hanteer ongeveer 18% van die land se graan en oliesade in 'n normale landbouproduksiejaar. Senwes is 'n betroubare verskaffer van skoon, veilige en gesonde kommoditeite met integriteit en kwaliteit.

Die insetkant verskaf alle produksie-insette, meganisasie-, produksie- en batefinansiering by wyse van kompeterende waarde- en dienspakkette. Waarde word toegevoeg vir produsente deur relevante insetkostefinansieringspakkette.

Senwes is 'n vlak 6 BBSEB-bydraer met 'n 34,7% swart aandeelhouer, naamlik die Royal Bafokeng Konsortium en verwante partye.

### Strategie

Die Senwes Visie-2020 en die langtermynstrategie word gedryf deur die noodsaaklikheid om te groei en om die konsentrasierisiko aan te spreek, gegewe die volwassenheid van die besigheid en die mark waarin dit tans besigheid bedryf. Die strategiese rigting is gemik op diversifikasie regdeur die landbouwaardeketting en verwante besighede wat krities en ondersteunend is tot die kernbesigheid.

Die strategie behels die volgende:

1. Verhoging van markaandeel in die huidige mark.
2. Geografiese uitbreiding na ander binnelandse markte, die res van Afrika en na wêreldmarkte.
3. Versterking van korporatiewe beheer, risiko- en nakomingstelsels, -strukture en -prosesse.
4. Versterking van volhoubaarheidsbestuur en integrasie daarvan in die dag-tot-dag bestuur van die besigheid.
5. Belyning van die strategie en kultuur en verbetering van etiese gedrag regdeur die besigheid.
6. Bekom, ontwikkel, ontplooi en behou die beste talent.
7. Effektiewe bestuur van verhoudinge met belanghebbendes.
8. Vestiging van 'n effektiewe besigheidsintelligensiestelsel om groei en prestasie te fasiliteer.

## Volhoubare ontwikkeling

### Bestuur van en benadering tot volhoubare ontwikkeling

By Senwes glo ons dat ons besigheid nie net onlosmaaklik gekoppel is aan die gemeenskap en die omgewing nie, maar dat daar ook interafhanklike koppeling moet wees met hierdie elemente indien die maatskappy volhoubare ekonomiese prestasie wil lewer. Ons glo dat ons volhoubaarheid afhanklik is van die effektiewe bestuur van ons aktiwiteite, deur om te gee vir al die hulpbronne wat in ons besigheid gebruik word en deur individueel en korporatief verantwoordelikheid te neem vir die gemeenskaplike en natuurlike omgewing waarin ons besigheid bedryf. Volhoubaarheid is derhalwe 'n noodsaaklikheid wat elke aspek van ons besigheid behoort te deurtrek.

Ons glo dat ons primêre doelwit is om waarde vir ons belanghebbendes te maksimaliseer, terwyl die sosiale en natuurlike omgewing beskerm en versterk word. Ons glo ook dat volhoubaarheid 'n voorvereiste is vir volhoubare waardeskepping. Dit sal die sukses van die besigheid oor die lang termyn, die opbrengste vir ons aandeelhouers en die voordele vir ons werknemers, klante, verskaffers, die gemeenskappe en die natuurlike omgewing waarin ons besigheid bedryf, optimaliseer.

Ons benadering, gebaseer op ons waardes en etiese gedrag, versterk ons lisensie om besigheid te doen en ons vermoë om te groei en te ondersteun. Hierdie besef behoort dus voortdurend ons langtermyn-besluitneming en dag-tot-dag aksies te rig.

Ons besef dat volhoubaarheidsontwikkelingsaspekte nie staties is nie, maar dat dit 'n dinamiese verskynsel is wat deurlopend oor tyd ontwikkel. Ons moet derhalwe buigbaar wees ten einde veranderinge in ons omgewing te herken en dienooreenkomstig aan te pas.


### Volhoubaarheid: verslagdoeningsbeleide

Die volhoubaarheidsverslag het ten doel om 'n gebalanseerde, deursigtige en redelike verslag te lewer oor die groep se volhoubare prestasie vir die jaar. Die benadering van die verslag is gebaseer op die beginsels van geïntegreerde verslagdoening en fokus op die drie bene van ekonomiese-, sosiale- en omgewingsvolhoubaarheid.

Die sosiale- en omgewingsverslagdoening is belyn met die Global Reporting Initiative ("GRI"), G3-riglyne en die King III Geïntegreerde Verslagdoeningsriglyne, terwyl die Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtigingsverslagdoening belyn is met die DHI se Beste Praktykskodes.

Senwes het 'n progressiewe ontwikkelingsbenadering tot geïntegreerde volhoubaarheidsverslagdoening aanvaar. Hierdie verslag verteenwoordig bestuur se verslagdoening oor die vordering wat gemaak is ten opsigte van volhoubaarheids doelwitte, uitdagings teëgekom en inisiatiewe geneem.
Die verslag is nie onderwerp aan eksterne verifikasie nie.

## Strategiese temas en wesenlike aspekte




| Strategiese doelwit | Prestasiearea | Vordering |
|---|---|---|
| ***Diversifikasie*** | | |
| Diversifikasie van die inkomstebronne ten einde konsentrasierisiko oor die lang termyn aan te spreek. | Geografies | Die gesamentlike onderneming en herorganisasietransaksie met MGK sal aanleiding gee tot geografiese diversifikasie deur die uitbreiding van Senwes se mark na Limpopo, Mpumalanga en Gauteng. |
| | Kommoditeit | Die MGK-transaksie verskaf ook toegang tot 'n nuwe mark en kommoditeite gebaseer op besproeiingsboerdery, wat voorheen 'n klein persentasie van Senwes se portefeulje uitgemaak het en beperk was tot Vaalharts.<br><br>Die Bunge reëling, indien dit goedgekeur word, sal toegang verleen tot ander kommoditeite wat tans nie deel vorm van ons portefeulje nie. |
| | Klant | Hierdie gesamentlike onderneming bring 'n nuwe klantebasis en die geleentheid vir kruisverkope. |
| | Waardeketting-integrasie | Reeds in proses. |
| ***Groei en inkomste*** | | |
| Die groei van inkomste deur verhoogde markaandeel in die huidige bedieningsgebied, sowel as verkrygings en samesmeltings in nuwe markte regoor die waardeketting, in lyn met Visie-2020. | Organiese groei | Onderhandelinge met betrekking tot 'n aanbod vir 'n belang in 'n John Deere agentskap is feitlik gefinaliseer en die sluiting van 'n transaksie behoort vroeg in die nuwe jaar te realiseer. |
| | Oornames en samesmeltings | 'n Transaksie is met MGK gesluit en regulatoriese goedkeuring word afgewag.<br><br>Onderhandelinge vir die vestiging van 'n gesamentlike onderneming met Bunge om internasionale verhandeling te doen is ook suksesvol afgehandel en regulatoriese goedkeuring word afgewag. |
| | Uitbreiding na Afrika | Senwes Malawi is geregistreer in 2009 en het in 2010 besigheid begin bedryf. |

| Strategiese doelwit | Prestasiearea | Vordering |
|---|---|---|
| ***Strategiese Vennootskappe*** | | |
| Die skep van plaaslike en internasionale netwerke wat toegang tot nuwe markte, verbetering van die maatskappy se waardeproposisie, diensverskaffing aan ons klante en die verbetering van bedryfseffektiwiteit sal fasiliteer. | Logistieke | Die gesamentlike onderneming met Imperial Logistics is suksesvol geïmplementeer en maak reeds 'n positiewe bydrae tot die winslyn. |
| | Finansiële dienste | Die gesamentlike onderneming met 'n finansier is ook suksesvol geïmplementeer en maak reeds 'n positiewe bydrae tot die winslyn. |
| | Internasionale verhandeling | Die Bunge transaksie sal internasionale verhandeling van graan en oliesade fasiliteer. |
| ***Finansiële prestasie en Werknemerproduktiwiteit*** | | |
| Om die winslyn te maksimaliseer deur effektiewe kostebestuur, balansstaatbestuur en die belyning van kapitaal met die strategiese doelwitte van die besigheid. | Finansiële prestasie | Na-belaste wins van R219 miljoen (2010 – R209 miljoen) |
| | Werknemerproduktiwiteit | Bruto wins van R499 318 per werknemer (2010 – R450 153) |
| | Optimalisering van kapitaal en balansstaatbestuur | Eiekapitaalverhouding van 40% (2010 – 38%) |
| ***Besigheidsintelligensie*** | | |
| Om ons kennis en begrip van die bedryf, die mark en die klant te verbeter ten einde die maatskappy strategies te posisioneer en effektief en tydig te reageer op omgewingsveranderings. | Inligtingstegnologie<br>Markintelligensie<br>Klantintelligensie | 'n Besigheidsintelligensiefunksie is gevestig en makro-, industrie- en klantanalises is suksesvol onderneem. 'n Deurlopende proses word gevolg om inligting na werkbare intelligensie om te skakel. |
| ***Korporatiewe Beheer, Risiko's en Nakoming (BRN)*** | | |
| Om 'n hoë vlak van korporatiewe beheer, in lyn met King III riglyne, sowel as effektiewe risikobestuur en nakoming van alle wetgewing te verseker. | Korporatiewe Beheer<br>Risikobestuur<br>Nakoming | King III riglyne is aanvaar in die strukturering en bedryf van die Direksie en direksiekomitees. Waar daar afwykings is, word die nodige verduidelikings en redes verskaf.<br>Risikobestuur is by bestuurspraktyke geïntegreer en word deur die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee gemonitor. Risikobestuur vorm ook 'n integrale deel van strategiese beplanning en uitvoering.<br>Nakoming word bestuur deur 'n interne Nakomingskomitee en deur die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee gemonitor. |
| ***Verhoudings met belanghebbendes*** | | |
| Die vestiging van effektiewe strukture en prosesse vir die betrokkenheid van belanghebbendes, wat kommunikasie, interaksie en konflikoplossing fasiliteer. | Aandeelhouers<br>Klante<br>Werknemers<br>Verskaffers<br>Regering en regulatoriese instansies<br>Gemeenskap | Gedurende die jaar onder oorsig het een van die minderheidsaandeelhouers en vennoot in die SEB Konsortium, Treacle Fund Trust II ("Treacle"), regsaksie ingestel teen Senwesbel en Senwes. Hierdie aksie het betrekking op die historiese verkryging van Senwes aandele deur Senwesbel. Bewerings van oortredings van die Maatskappywet is gemaak en hierdie aksie het wye mediadekking geniet.<br>Strategieë word in plek geplaas en pogings aangewend om te verseker dat kommunikasie met alle belanghebbendes op 'n proaktiewe basis plaasvind, vir doeleindes van konsultasie, vooruitbeplanning, rapportering en konflikoplossing. |
| ***Volhoubaarheid en Transformasie*** | | |
| Om effektiewe bestuurstrategieë en stelsels te hê, sowel as die integrasie van volhoubaarheid en transformasie in die dag-tot-dag aktiwiteite van Senwes. | Volhoubaarheid Bestuurstelsels<br>Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging | Die direksiekomitees is geherstruktureer ten einde te verseker dat volhoubaarheidsaspekte die nodige beheer en toesig geniet via die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee.<br>'n Interne volhoubaarheidskomitee is gevestig ten einde integrasie van volhoubaarheid in die strategiese dag-tot-dag aktiwiteite van die besigheid te verseker. |

| Strategiese doelwit | Prestasiearea | Vordering |
|---|---|---|
| ***Talent, Etiek en Organisasiekultuur*** | | |
| Om te verseker dat die maatskappy oor die regte talent, op die regte plek en op die regte tyd en teen die regte prys beskik, wat eties korrek optree te alle tye, sowel as 'n kultuur wat effektiewe nastrewing van ons strategiese doelwitte fasiliteer en terselfdertyd ons mense bemagtig om hul volle potensiaal te bereik. | Talentbestuur<br>Etiek<br>Organisasiekultuur | Opvolgbeplanning, talentontwikkeling en prestasiebestuurstelsels is geïmplementeer gedurende die jaar onder oorsig.<br><br>'n Etiese bestuursraamwerk is aanvaar en bewusmakingsinisiatiewe is geïmplementeer.<br><br>Drywers van etiese aspekte sal geïdentifiseer word vir die nuwe finansiële jaar en verskeie afdelings het reeds 'n geakkrediteerde opleidingsprogram deurloop.<br><br>Senior bestuur is blootgestel aan opleiding met betrekking tot 'n kultuurkonsep van UGR, ten einde bystand te verleen met die identifisering van ongeskrewe basiese reëls van toepassing op ons kultuur.<br><br>'n Organisasiewye kultuuropname is in proses, wat ten doel het om kritiese aspekte te identifiseer en kultuurintervensies te belyn ten einde te verseker dat organisasiekultuur die strategie najaag en ondersteun. |

## Betrokkenheid van belanghebbendes

Senwes strewe daarna om die beste agri-besigheid in Suid-Afrika te wees. Belanghebbendes is kern tot hierdie visie en die verhouding met belanghebbendes is derhalwe een van Senwes se strategiese prioriteite. Ons poog deurlopend om die betrokkenheid van belanghebbendes 'n integrale deel te maak van die wyse waarop ons besigheid bedryf. Ons benadering tot die betrokkenheid van belanghebbendes is gebaseer op die beginsels van wederkerigheid en deursigtigheid. Die groep het verskeie forums gevestig waar verskillende groepe belanghebbendes met mekaar kan skakel. Die doel hiervan is om ons begrip van die behoeftes, verwagtinge, kommer en persepsies van ons belanghebbendes met betrekking tot aspekte wat wesenlik is vir die prestasie en volhoubaarheid van die groep te verbreed en te verbeter, sowel as om relevante inligting te kommunikeer wat belanghebbendes in staat sal stel om ingeligte besluite te neem. Ons soek deurlopend na innoverende wyses waarop die effektiwiteit van ons skakeling met alle belanghebbendes verbeter kan word.

Senwes het nie spesifiek hierdie jaar met belanghebbendes geskakel oor die wesenlikheid van volhoubaarheidskwessies nie. Dit sal gedurende die komende jaar gedoen word in terme van die volhoubaarheidsbestuursplan.

### Aandeelhouers en Beleggers

Senwes skakel minstens op 'n jaarlikse basis met beide groot en kleiner aandeelhouers by wyse van inligtingsvergaderings, wat ten doel het om die oorhoofse prestasie van die groep, strategiese ontwikkeling en uitdagings wat die groep te eniger tyd in die gesig staar, met die aandeelhouers te deel; sowel as om terugvoering te ontvang oor aspekte wat die aandeelhouers mag bekommer. Inligtingsvergaderings is tydens die jaar onder oorsig gehou, sowel as vergaderings met groot aandeelhouers om pertinente sake wat in die openbaar uitgespeel het, onder hulle aandag te bring.

### Klante

Klante is die strategiese fokus van ons besigheid. Begrip vir hulle behoeftes is krities ten einde die regte produkte, dienste en kwaliteit te kan voorsien en ten einde te verseker dat ons waardeproposisie belyn is met hul verwagtinge. Ons handhaaf intieme persoonlike interaksie met ons groot klante via ons normale besigheidstrukture, klantepublikasies, elektroniese en telefoniese kommunikasie en klanteforums. Ons doen ook 'n jaarlikse klanttevredenheidsopname om die klant se ondervinding van die Senwes handelsmerk te evalueer. Ons besigheidafdelings inisieer ook klanttevredenheidsopnames ten einde die onderskeie afdelings in staat te stel om die vlak van tevredenheid van klante met die diens wat hulle ontvang, te bepaal. Gedurende die jaar onder oorsig het die groep nie so 'n opname gedoen nie, maar Senwes Village het wel 'n opname onder sy klante gedoen, waardeur klante ons ingelig het oor hul persepsie van ons diensvlakke en die areas waarop verbeter moet word.

### Verskaffers

Die sukses van die Senwes besigheidsmodel is afhanklik van 'n soliede verskaffersnetwerk wat betroubare beskikbaarheid van kwaliteit produkte, deurlopende innovasie, tydige lewering, produkveiligheid en na-verkopediens kan verseker. In dié verband handhaaf Senwes deurlopende skakeling en betrokkenheid met sy verskaffersnetwerk deur middel van persoonlike vergaderings, verskafferforums en -konferensies en elektroniese interaksie.

### Werknemers

Ons werknemers is die hoeksteen van Senwes se volhoubaarheid. Dit is derhalwe noodsaaklik dat deurlopende interaksie met hulle bevorder word oor 'n reeks van sake wat hulle raak. 'n Aantal meganismes word gebruik om ons werknemers te betrek, wat wissel vanaf elektroniese nuusbriewe, werknemerpublikasies, web "blogs", werknemerforums, prestasie-evalueringstelsels en klimaatsopnames. Gedurende die afgelope jaar was die hoogtepunt die Senwes 2020 web-gebaseerde "blog", wat werknemers in staat gestel het om aktief en direk deel te neem aan die ontwikkeling van die Senwes 2020 strategie.

### Regering en Regulatoriese Owerhede

Senwes wil 'n goeie verhouding met die regering en ander regulatoriese owerhede handhaaf met die oog daarop om aspekte van wedersydse belang te deel, misverstande aan te spreek, beleidsinisiatiewe te bespreek, betoë te lewer en aan te hoor en om gesamentlike programme te ontwikkel. Hierdie belanghebbendes word hoofsaaklik betrek deur bedryfstrukture en persoonlike vergaderings met amptenare van relevante departemente.

### Gemeenskap en verenigings

Senwes glo dat volhoubaarheidsuitdagings nie deur een maatskappy alleen opgelos kan word nie. Hy betrek derhalwe alle ander belanghebbendes, insluitend gemeenskapsorganisasies, nie-regeringsorganisasies, akademiese instellings en bedryfsorganisasies in 'n gees van vennootskap. In die verband was Senwes reeds betrokke by sosiale- en omgewingsprojekte saam met 'n groot aantal van sy vennote ten einde die lewenstandaard van gemeenskappe te verbeter. Kommunikasie vind hoofsaaklik plaas by wyse van persoonlik interaksie met verskeie organisasiestrukture, sowel as deur middel van borgooreenkomste.

## Volhoubaarheidsaanwysers

### Ekonomiese aanwysers

***Staat van toegevoegde waarde***
*vir die jaar geëindig 30 April 2011*

| | Notas | GROEP 2011 R'm | % | 2010 R'm | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste | | **7 550** | | 9 039 | |
| Betaal aan verskaffers vir goedere en dienste | | **(6 661)** | | (8 196) | |
| **Waarde toegevoeg** | | **889** | | 843 | |
| Beleggingsaktiwiteite | | **4** | | 2 | |
| **Welvaart geskep** | | **893** | | 845 | |
| **Verdeel soos volg:** | | | | | |
| Werknemers en direkteure | | **412** | **46,1%** | 405 | 46,6% |
| Salarisse, lone en ander voordele | 1 | **373** | **41,7%** | 359 | 41,3% |
| Aansporingskema | | **39** | **4,4%** | 46 | 5,3% |
| Owerhede | 2 | **110** | **12,3%** | 132 | 15,2% |
| Finansiers (Finansieringskoste) | | **115** | **12,9%** | 85 | 9,8% |
| Aandeelhouers | | **256** | **28,7%** | 247 | 28,4% |
| Dividende en distribusie aan gewone aandeelhouers | | **45** | **5,0%** | 280 | 32,2% |
| Voorsiening vir vervanging van bates | | **37** | **4,2%** | 38 | 4,4% |
| Behoue surplus/(tekort) | 3 | **174** | **19,5%** | (71) | (8,2%) |
| **Welvaart verdeel** | | **893** | **100,0%** | 869 | 100,0% |

**Notas:**

1. Werknemerbydraes van R4 miljoen (2010 – R2 miljoen) met betrekking tot sentrale versekeringsfondse is nie ingesluit by die syfer nie, aangesien die bedrag verreken word onder bedrae betaal aan owerhede (Aantekening 2).

| | 2011 | 2010 |
|---|---|---|
| 2. Sentrale- en plaaslike regering: | | |
| SA normale belasting – huidige jaar | **95** | 93 |
| Toename in uitgestelde belasting | **-** | 2 |
| Sekondêre maatskappybelasting | **4** | 28 |
| Vaardigheidsontwikkelingheffing netto van krediete | **2** | 2 |
| Belasting betaal aan plaaslike owerhede | **5** | 5 |
| Sentrale versekeringsfondse | **4** | 2 |
| **Totale spandering aan owerhede** | **110** | 132 |
| 3. Behoue surplus/(tekort) bestaan uit: | | |
| Groepwins na belasting | **219** | 209 |
| Dividende en distribusie: Alle aandeelhouers | **(45)** | (280) |
| Behoue surplus/(tekort) | **174** | (71) |

Senwes

From Greens 2 Dreams

R1 miljoen-kompetisie

Toekomsfokus-dag

Entrepreneurs-kompetisie


Senwes Spinners


Graduates-program

Jongboer



**Toedeling van Welvaart**




| ***Ondernemingsontwikkeling*** | 2011 | 2010 | % afwyking |
|---|---|---|---|
| Produksiekrediet en kapitaalfinansiering (R'm) | **18,6** | 24.3 | -23,46% |
| Hektare geplant | **1 908** | 2 080 | -8,27% |
| Tonne geoes | **5 663** | 6 214 | -8,87% |
| Lewendehawe | **1 728** | 1 977 | -13,00% |
| Totale aantal ontwikkelende boere ondersteun | **138** | 146 | -5,48% |

Al die indikators met betrekking tot ondernemingsontwikkeling toon 'n afwaartse tendens, hoofsaaklik weens die moeilike landbou-omgewing en die impak daarvan op ontwikkelende boere.

## Sosiale aanwysers

| ***Werkverskaffing*** | 2011 | 2010 | % afwyking |
|---|---|---|---|
| Aantal werknemers soos op jaareinde (N) | **2 201** | 2 277 | -3% |
| Werknemeromset (%) | **10,90%** | 9,70% | 24% |
| Direkte belegging in vaardigheidsontwikkeling (R'm) | **3,1** | 4,7 | -34% |
| Vaardigheidsontwikkeling as % van salarisrol (%) | **0,94%** | 1,40% | -33% |
| Aantal deelnemers in vaardigheidsontwikkeling (N)* | **2 984** | 1 127 | 165% |
| Deelnemers aan leerlingskappe (N) | **15** | 32 | -53% |

- Die belegging in vaardigheidsontwikkeling en derhalwe vaardigheidsontwikkeling as 'n persentasie van salarisrol het verlaag as gevolg van die feit dat intervensies op die laer werknemervlakke van die organisasie gefokus is, met laer besteding per kop, vergeleke met werknemers op die hoër vlakke.
- Die aantal werknemers opgelei het verhoog.

* Sommige deelnemers het meer as een kursus bygewoon

### Veiligheid

**Prestasieaanwysers**

| | 2011 | 2010 |
|---|---|---|
| Korporatiewe man-ure gewerk | **4 784 592** | 4 870 900 |
| Afdeling 24 Ongeskiktheidsbeserings | **12** | 6 |
| Ongeskiktheidsbeserings (DI) | **50** | 45 |
| Man-dae verloor weens beserings | **12 442** | 335 |
| Ongeskiktheidsinsident-frekwensiesyfer (DIFR) | **3** | 2 |
| Nie-ongeskiktheidsbeserings (NDI) | **31** | 31 |
| Gehoorverlies | **2** | - |
| SHEQ-Opleiding | **115** | 471 |

- Daar was 'n verlaging ten opsigte van veiligheidsprestasie en 'n verhoging ten opsigte van ongeskiktheidsbeserings en gevolglik verlore man-dae.
- Die beduidende verhoging ten opsigte van verlore man-dae is as gevolg van twee sterftes, een weens 'n motorongeluk en een weens verstrikking in 'n silo. (Die penalisering vir 'n noodlottige ongeluk beloop 6 000 man-dae).
- Laasgenoemde sterfgeval was 'n eerste in die geskiedenis van Senwes. 'n Sterfgeval weens verstrikking is 'n sterfgeval te veel en bestuur beskou dit in 'n baie ernstige lig. Die volgende aksies is in plek geplaas om enige verdere verstrikkingsinsidente in ons silo's te voorkom.
  - o Die huidige ontwerp van silo's uit 'n veiligheidsperspektief is hersien ten einde te bepaal of daar 'n behoefte is aan die verbetering van strukturele veiligheidsmaatreëls.
  - o Streng afdwinging van deurlopende gebruik van persoonlike beskermende klere en toerusting.
  - o Voorsien effektiewe opleiding aan alle graanhanteerders, persone wat buise betree of daarin werk en noodpersoneel.
  - o Verbetering van kommunikasiestelsels en -prosedures.
  - o Hersiening van alle buistoegangsprogramme en prosedures ten einde moontlike veiligheidsleemtes te identifiseer.
  - o Streng implementering van veilige en gesonde werkspraktyke.
  - o Versekering dat effektiewe noodreaksievermoëns in plek is.

### Werknemerproduktiwiteit

**Werknemerproduktiwiteit**

| | 2011 | 2010 | % afwyking |
|---|---|---|---|
| Inkomste per werknemer (R'm) | **499** | 450 | 11% |
| Bedryfswins per werknemer (R'000) | **194** | 181 | 7% |
| Gemiddelde aantal werknemers | **2 201** | 2 277 | -3% |

### Gelyke Indiensneming

| | 2011 | | 2010 | | % afwyking | % afwyking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beheer en bestuur** | **Totaal Swart** | **Swart Vroulik** | **Totaal Swart** | **Swart Vroulik** | **Totaal Swart** | **Swart Vroulik** |
| Direksie | **21%** | **7%** | 21% | 7% | 0% | 0% |
| Senior bestuur | **14%** | **0%** | 13% | 0% | 8% | 0% |
| Middelbestuur | **9%** | **1%** | 13% | 3% | -31% | -67% |
| Junior bestuur en spesialisposte | **10%** | **2%** | 12% | 3% | -17% | -33% |

- Die verteenwoordiging van swart mense op senior bestuursvlak het met 8% verbeter, terwyl vroulike swart verteenwoordiging nie verbeter het nie.
- Die middelbestuursvlakke het 'n afname in die verteenwoordiging van swart in totaal en swart vroue in besonder ervaar. Dit is gedeeltelik weens verhoogde personeelomsetsyfers van swart personeel op hierdie vlakke.

## Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging

**BBSEB TELKAART**

| Prestasieaanwyser | 2011 Senwes Prestasie | Geweegde puntetelling | 2010 Senwes Prestasie | % afwyking |
|---|---|---|---|---|
| | % | | % | % |
| Ekwiteitseienaarskap | **18,55** | 23,00* | 20,02 | **-1,47** |
| Bestuursbeheer | **2,53** | 11,00* | 2,70 | **-0,17** |
| Gelyke indiensneming | **0,00** | 18,00* | 0,00 | **0,00** |
| Vaardigheidsontwikkeling | **1,71** | 15,00 | 1,53 | **0,18** |
| Voorkeurverskaffing | **13,89** | 20,00 | 11,04 | **2,85** |
| Ondernemingsontwikkeling | **15,00** | 15,00 | 15,00 | **0,00** |
| Sosio-ekonomiese ontwikkeling | **2,96** | 5,00 | 2,65 | **0,31** |
| **Totale puntetelling** | **54,64** | 107,00* | 52,94 | **1,70** |
| **Bydraersvlak** | **6** | | 6 | |

* dui addisionele bonuspunte aan

- Die BBSEB telkaart is saamgestel in lyn met die vereistes en doelwitte van die DTI se "Codes of Good Practice" (CGOP).
- Die oorhoofse telling het met 3% verbeter weens 'n verbetering ten opsigte van voorkeurverskaffing en 'n effense verhoging ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling, terwyl 'n afname op die gebiede van eienaarskap en bestuursbeheer ervaar is.
- Gelyke indiensneming bly een van die grootste uitdagings vir die maatskappy, veral op bestuursvlakke, en spesifiek die aanstelling van swart vrouens op hierdie vlakke. Strategiese inisiatiewe is in plek geplaas om die uitdaging aan te spreek.
- Verskeie strategieë word geïmplementeer om te verseker dat die gestelde doelwitte behaal word en dat die maatskappy sy doelwit om minstens 'n vlak 4 bydraer te wees, sal behaal teen 2012.

### Korporatiewe Sosiale Beleggings

Senwes se betrokkenheid by en belegging in die gemeenskap verhoog deurlopend. Die groep het, via vennootskappe met verskeie sosiale vennote, 'n beduidende impak op die volgende fokusareas gemaak:

- Onderwys
- Entrepreneurskap en werkverskaffing
- Sport
- Kuns en kultuur
- Gesondheid en welsyn

### Sport en ontspanning

- Die Spinners plattelandse skolekrieketontwikkelingsprogram, in vennootskap met Noordwes Krieket, die Onderwys-departement en die plattelandse skole, het sedert sy ontstaan geleenthede aan 130 leerders verskaf met betrekking tot bekendstelling aan die sport, kwaliteitsopleiding, afrigting en die verskaffing van toerusting. Dit sluit ook meer as 30 onderwysers in wat as skeidsregters en afrigters opgelei is.

  Uitstaande presteerders word geïdentifiseer en die geleentheid gebied om hoogs presterende akademiese- en krieketskole by te woon ten einde hulle in staat te stel om krieket op 'n hoër vlak as sport te beoefen. Daar is tans vier leerders in die program.

- Die Senwes Skole Sokkerliga is in Bothaville begin in vennootskap met Dreamfields, 'n sokkerontwikkelingsprogram, wat op laerskoolseuns en -dogters fokus. Hierdie program behels tans 12 skole, met twee spanne per skool, wat deelneem aan 'n liga en uitklopkompetisies. Die program het reeds uitgereik na meer as 120 seuns en 120 dogters wat dié sport beoefen.
- Die Plattelandse Skole Atletiekprogram sluit 12 skole in die Vrystaat in, wat aan 'n jaarlikse kompetisie deelneem. 1 200 leerders neem deel aan die program.

### Ondernemingsontwikkelingsprogramme

- Senwes staan boere by met tegniese ondersteuning, produksiefinansiering, opleiding ten einde te verseker dat die bewerkbare grond in ons bedieningsgebied produktief is en dat opkomende boere winsgewende boerderyondernemings kan bedryf deur die toepassing van die beste boerderypraktyke.
- Die Senwes Entrepreneurskapontwikkelingskompetisie is gemik op laer- en hoërskole in die Senwes bedieningsgebied. Gedurende die jaar onder oorsig het 23 skole daaraan deelgeneem. 'n Totaal van 114 hoërskool- en 219 laerskoolleerders het aan die kompetisie deelgeneem. Die doel van die kompetisie is om entrepreneurskap onder jongmense te stimuleer en aan te moedig. Die kompetisie word bedryf in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat.
- Senwes Jongboer Toekomsfokus is 'n kongres vir jong boere van die Vrystaat en Noordwes waar kundiges op verskeie gebiede jong boere toespreek. Die doel is om jong mense aan te moedig om boerdery as loopbaan te volg en om hulle te bemagtig om die uitdagings wat kommersiële boerdery stel, te kan hanteer. Ongeveer 300 jong boere het hierdie jaarlikse kongres bygewoon.
- As deel van die entrepreneursontwikkelingsprogram, bedryf Senwes 'n boerderybestuurskursus aan in samewerking met Batho Pele, wat basiese boerderyriglyne en beste boerderypraktyke aan boere leer.

| Nasionale Organisasies | Provinsiale Organisasies |
| --- | --- |
| • Agri SA<br>• Graan SA Jaarkongres<br>• Nasionale Meulenaarskamer Jaarlikse Konferensie<br>• Graanhanteringsorganisasie van SA Jaarlikse Konferensie<br>• AMT Agri-Vooruitskouingskonferensie | • Vrystaatse Landbou-unie Jaarlikse Kongres<br>• Agri Noordwes Jaarlikse Kongres<br>• Agri Noord-Kaap Jaarlikse Kongres<br>• Vrystaatse Landbou-unie Jongboere Kongres<br>• Agri Noordwes Jongboere Kongres<br>• Vrystaat Vrouelandbou-unie<br>• Agri Noordwes Vrouelandbou-unie<br>• Rooivleisprodusenteorganisasie (Noordwes)<br>• Hebron Koringdag |

- Senwes borg 5 nasionale kongresse, wat deur verskeie organisasies uit die landboubedryf bygewoon is, 9 provinsiale kongresse en 170 distriks- en plaaslike boereverenigings en landbouverwante instellings.

**Gemeenskapsprogramme**
- Senwes ondersteun geselekteerde NGO's en welsyns-organisasies met fondsinsameling. Oor die afgelope jaar het 10 organisasies voordeel getrek uit ons Greens to Dreams gholf fondsinsamelingsprojek en 5 organisasies het voordeel getrek uit die befondsing gekoppel aan die R1 miljoen-kompetisie. Die begunstigde organisasies word deur die gemeenskap en boereklante respektiewelik genomineer.
- Senwes bied 'n Kerspartytjie aan vir ses organisasies, in samewerking met ander sosiale en besigheidsvennote. Die partytjie word gehou vir 400 gestremde of hulpbehoewende kinders in die Klerksdorp gebied. Die geleentheid word deur Senwes personeel gereël en aangebied en die kinders ontvang geskenke, gekoop deur personeel uit hul eie sakke.

**Opleidingsprogramme**
- Senwes werk in vennootskap met akademiese instansies in beide die Vrystaat en Noordwes, wat ons hoof bedieningsgebied is.
- 'n Borgskap is aan die Noordwes Universiteit toegeken vir die ontwikkeling van 'n rekenaarsentrum by die Potchefstroom kampus.
- Beurse word toegeken aan verdienstelike studente wat in die landbourigting by die Universiteit van die Vrystaat studeer.

## Omgewingsaanwysers

Senwes het uitstekende vordering gemaak met die verlaging van die impak van ons besigheid op die omgewing en het daarin geslaag om beduidende energiebesparings vir die groep te bewerkstellig. Energiebesparende beligting word nou gebruik en die uitfasering van hoë-energie stelsels deur 'n kombinasie van ontwerp-, onderhoud- en vervangingstrategieë word beplan.
Die volgende aksies is geïmplementeer gedurende die afgelope jaar:
- Verbeterde Boubestuursprogram (BBP) by Hoofkantoor;
- Die vervanging van die verouderde lughanteringstelsel (HVAC) stelsel by die Hoofkantoor opleidingsgebou;
- Groter gebruik van energiebesparende beligtingstelsels in die geboue;
- Verhoogde bewusmaking van personeel met betrekking tot energie-aspekte en meer effektiewe gebruik van energie;
- Veilige verwydering van buisligte.

| *Omgewingsaanwysers* | 2011 | 2010 | % afwyking |
| --- | --- | --- | --- |
| Waterverbruik (K/l) | **73 201** | 76 248 | -4,0% |
| Elektrisiteitsverbruik (kW/h – '000) | **22 461** | 21 755 | 3,2% |
| Papierverbruik (Afvalpapier – Kg) | **29 897** | 24 940 | 19,9% |
| Reis: Werknemervoertuie (Km's – '000) | **3 851** | 3 840 | 0,3% |
| Reis: Maatskappyvoertuie (Km's – '000) | **6 247** | 6 312 | -1,0% |
| Brandstofverbruik van voertuie besit deur maatskappy (L's – '000) | **804** | 830 | -3,1% |

Doelwitte met betrekking tot laer waterverbruik is behaal, terwyl die verbruik van elektrisiteit en papier verhoog het. Pogings sal aangewend word om te verseker dat meer effektiewe prosedures geïmplementeer word om papier- en elektrisiteitsverbruik te verlaag.

## Vergoeding

### Vergoedingsfilosofie

Senwes se vergoedingsfilosofie en -strategie behels die werwing, motivering, indiensneming en behoud van talentvolle en hoogs-presterende personeel ten einde die groep se strategiese doelwitte te kan behaal. Die filosofie moedig volhoubare, langtermynprestasie aan, wat deurlopend belyn is met die strategiese rigting en doelwitte van die besigheid, sowel as met die belange van die aandeelhouers. Die vergoedingsfilosofie en -strukture word deur die Vergoedingskomitee hersien op 'n jaarlikse basis. Wanneer die hersiening plaasvind, gebruik die komitee die dienste van onafhanklike vergoedingskonsultante soos en wanneer die komitee dit nodig ag.

### Vergoedingsbeleid en -struktuur

Die groep se vergoedingstruktuur bestaan uit vier sleutelelemente, ontwerp om 'n balans te skep tussen korttermyn- en langtermyndoelwitte:

### Gewaarborgde vaste salaris
Senwes se gewaarborgde vergoeding is gebaseer op totale koste vir die maatskappy, wat alle voordele insluit, en word jaarliks hersien. Dit word vergelyk met die relevante arbeidsmarkte op 'n nasionale en provinsiale basis en met verskeie sektore. Dit neem ook kollektiewe bedingingsooreenkomste en die resultate van prestasie-evalueringsprosesse in ag.

### Prestasiegebaseerde veranderlike vergoeding
Dit sluit in prestasievergoedingstrukture soos kommissie en ander insentiewe wat betaalbaar is, gebaseer op ooreengekome prestasiedoelwitte. Hierdie insentiewe is normaalweg betaalbaar op 'n maandelikse basis, afhangend van die prestasievlak.

### Korttermyninsentiewe
Dit is 'n prestasiegebaseerde insentiefskema van toepassing op alle werknemers, behalwe werknemers wat aan ander prestasiegebaseerde veranderlike vergoedingskemas deelneem. Die skema is afhanklik van die groep, die relevante afdeling en die individu se behaling van finansiële en ander relevante nie-finansiële doelwitte, gebaseer op die gebalanseerde telkaart. Die skema inkorporeer 'n winsdelingskomponent wat van toepassing raak wanneer die groep se finansiële doelwitte oorskry word.

### Langtermyninsentiewe
Die skema is van toepassing op topbestuur, wat die strategiese rigting van die organisasie bepaal ten einde te verseker dat die langtermyndoelwitte behaal word en dat volhoubare waarde vir belanghebbendes geskep word.

Die skema is in die vorm van skynaandele wat aan elke deelnemer toegeken word en het 'n vestigingsperiode van drie jaar.

Deelname aan die skema word op 'n jaarlikse basis deur die Vergoedingskomitee oorweeg, op aanbeveling van die Besturende Direkteur, en word deur die direksie goedgekeur.

18 uitvoerende bestuurslede het die afgelope jaar aan die langtermyninsentiefskema deelgeneem.

### Erkenning vir werknemerprestasie
Senwes bied 'n jaarlikse funksie aan om erkenning in die vorm van toekennings en kontantbonusse te gee aan die prestasies van uitsonderlike individue en spanne.

**Francois Strydom**
*BESTURENDE DIREKTEUR*
Klerksdorp
22 Junie 2011

**Joe Maswanganyi**
*HOOFBESTUURDER: KORPORATIEWE DIENSTE*



## AFDELING 3

*GEÏNTEGREERDE FINANSIËLE VERSLAG*














Jaco Minnaar, 2011 se Vrystaat Jongboer van die Jaar, saam met sy vrou, Nicolene, en hul dogtertjie, Henke, op sy plaas *Uitsny* by Hennenman. Jaco se besigheidsfilosofie is om in die volle landbouwaardeketting betrokke te wees.

# SENWES GROEP VYFJAAR-OORSIG

| | 2011 | 2010 | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|
| | R'm | R'm | R'm | R'm | R'm |
| ***Verkorte balansstaat*** | | | | | |
| **Bates** | | | | | |
| Nie-bedryfsbates | **548** | 508 | 433 | 377 | 331 |
| Bedryfsbates | **2 558** | 2 288 | 2 070 | 1 998 | 1 791 |
| Totale bates | **3 106** | 2 796 | 2 503 | 2 375 | 2 122 |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | | | |
| Totale ekwiteit | **1 230** | 1 059 | 1 126 | 843 | 773 |
| Nie-bedryfslaste | **446** | 436 | 432 | 79 | 106 |
| Bedryfslaste | **1 430** | 1 301 | 945 | 1 453 | 1 243 |
| Totale ekwiteit en aanspreeklikhede | **3 106** | 2 796 | 2 503 | 2 375 | 2 122 |
| Rentedraende laste ingesluit in totale laste | **1 405** | 1 196 | 717 | 802 | 771 |
| ***Verkorte inkomste- en segmentstaat*** | | | | | |
| **Inkomste** | | | | | |
| Kredietverskaffing (Senwes Credit) | **126** | 139 | 161 | 120 | 80 |
| Insetverskaffing (Senwes Village) | **1 770** | 1 943 | 2 208 | 1 573 | 1 155 |
| Marktoegang (Senwes Grainlink) | **5 567** | 6 895 | 8 723 | 5 902 | 4 273 |
| Diverse bedrywe | **76** | 54 | 48 | 39 | 40 |
| Normale bedryfsaktiwiteite | **7 539** | 9 031 | 11 140 | 7 634 | 5 548 |
| Korporatiewe en nie-toedeelbare inkomste | **11** | 8 | 17 | 6 | 6 |
| Voortgesette bedrywe | **7 550** | 9 039 | 11 157 | 7 640 | 5 554 |
| Beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop | **-** | - | - | - | 24 |
| Totale inkomste vir die jaar | **7 550** | 9 039 | 11 157 | 7 640 | 5 578 |
| **Wins/(verlies)** | | | | | |
| Kredietverskaffing | **50** | 58 | 68 | 44 | 24 |
| Insetverskaffing | **65** | 96 | 138 | 83 | 42 |
| Marktoegang | **252** | 236 | 349 | 138 | 166 |
| Diverse bedrywe | **4** | 6 | 4 | 3 | 2 |
| Normale bedryfsaktiwiteite | **371** | 396 | 559 | 268 | 234 |
| Korporatiewe en nie-toedeelbare koste | **(56)** | (66) | (37) | (44) | (53) |
| Beleggingsinkomste | **4** | 2 | 4 | 26 | 2 |
| Voortgesette bedrywe | **319** | 332 | 526 | 250 | 183 |
| Beëindigde bedrywe gehou vir verkoop | **-** | - | - | - | (1) |
| Wins voor belasting | **319** | 332 | 526 | 250 | 182 |
| **Belasting** | **(100)** | (123) | (158) | (75) | (55) |
| Wins vir die jaar | **219** | 209 | 368 | 175 | 127 |
| Minderheidsbelang | **-** | - | 1 | 2 | 2 |
| Finansieringskoste ingesluit by wins vir die jaar | **(115)** | (85) | (126) | (126) | (83) |
| ***Kontantvloeistaat*** | | | | | |
| Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite: | | | | | |
| Kontantwins | **343** | 329 | 474 | 218 | 202 |
| Dividende betaal | **(45)** | (280) | (83) | (103) | (24) |
| Veranderings in bedryfskapitaal | **(290)** | 52 | (386) | (316) | 59 |
| **Netto kontantvloei uit/gebruik in bedryfsaktiwiteite** | **8** | 101 | 5 | (201) | 237 |
| Netto kontant geïnvesteer deur beleggingsaktiwiteite | **(31)** | (46) | (55) | - | (21) |
| **Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente** | **(23)** | 55 | (50) | (201) | 216 |


# SENWES GROEP VYFJAAR-OORSIG (VERVOLG)

| | Definisies | 2011 | 2010 | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ***Finansiële groei (persentasie)*** | | | | | | |
| Totale bates | | **11,1** | 11,7 | 5,4 | 11,9 | 29,2 |
| Totale aandeelhouersbelang | | **16,1** | (6,0) | 33,6 | 9,1 | 13,2 |
| Rentedraende aanspreeklikhede | | **17,5** | 66,8 | (10,6) | 4,0 | 27,2 |
| Totale inkomste van voortgesette bedrywe | | **(16,5)** | (19,0) | 46,0 | 37,6 | 53,3 |
| Wins voor belasting van voortgesette bedrywe | | **(3,9)** | (36,9) | 110,4 | 36,6 | 88,7 |
| Wesensverdienste per aandeel | | **1,6** | (39,9) | 123,4 | 29,4 | 13,3 |
| Netto batewaarde per aandeel | | **16,1** | (6,0) | 33,9 | 9,1 | 12,9 |
| Sluitingsmarkprys per aandeel | | **39,7** | 32,7 | 4,8 | 31,3 | 60,0 |
| ***Gewone aandeelprestasie*** | | | | | | |
| **Aantal gewone aandele ('m)** | | | | | | |
| Geweegde gemiddelde aantal uitgereik | | **180,79** | 180,79 | 180,79 | 180,79 | 180,79 |
| Aantal uitgereik op jaareinde | | **180,79** | 180,79 | 180,79 | 180,79 | 180,79 |
| **Sent per aandeel** | | | | | | |
| Verdienste | 1 | **121,1** | 115,6 | 203,0 | 95,7 | 69,1 |
| Wesensverdienste | 2 | **116,2** | 114,4 | 190,3 | 85,2 | 65,8 |
| Netto batewaarde | 3 | **680,3** | 585,8 | 622,8 | 465,2 | 426,5 |
| Sluitingsmarkprys | 4 | **1 020,0** | 730,0 | 550,0 | 525,0 | 400,0 |
| Totale dividende vir die jaar | 5 | **35,0** | 140,0 | 62,0 | 54,0 | 23,0 |
| Finale dividend voorgestel en verklaar | | **25,0** | 15,0 | 30,0 | 14,0 | 17,0 |
| Tussentydse dividend betaal | | **10,0** | 25,0 | 15,0 | 10,0 | 6,0 |
| Spesiale dividend betaal | | **-** | 100,0 | 17,0 | 30,0 | - |
| **Persent** | | | | | | |
| Prysboekverhouding | 6 | **149,9** | 124,6 | 88,3 | 112,9 | 93,8 |
| Dividendopbrengs, ingesluit spesiale dividende | 7 | **4,8** | 25,5 | 11,8 | 13,5 | 9,2 |
| Dividendopbrengs, uitgesluit spesiale dividende | 8 | **4,8** | 7,3 | 8,6 | 6,0 | 9,2 |
| **Aantal keer** | | | | | | |
| Prysverdiensteverhouding | 9 | **8,4** | 6,3 | 2,7 | 5,5 | 5,8 |
| Dividenddekking, ingesluit spesiale dividende | 10 | **3,5** | 0,8 | 3,3 | 1,8 | 3,0 |
| Dividenddekking, uitgesluit spesiale dividende | 11 | **3,5** | 2,9 | 4,5 | 4,0 | 3,0 |
| ***Aandeelhouersopbrengs (%)*** | | | | | | |
| Opbrengs op ekwiteit | 12 | **20,7** | 18,6 | 43,6 | 22,4 | 18,3 |
| Opbrengs op gemiddelde ekwiteit | 13 | **19,1** | 19,1 | 37,3 | 21,5 | 17,2 |
| Totale aandeelhouersopbrengs (dividende en kapitaalgroei) | 14 | **44,5** | 58,2 | 16,6 | 44,8 | 69,2 |
| ***Produktiwiteit*** | | | | | | |
| Bateomsetsnelheid (aantal keer) | 15 | **2,6** | 3,4 | 4,6 | 3,4 | 3,0 |
| Inkomste/ekwiteit (aantal keer) | 16 | **6,1** | 8,5 | 9,9 | 9,1 | 7,2 |
| Aantal werknemers | 17 | **2 201** | 2 277 | 2 167 | 2 087 | 1 933 |
| Bedryfswins per werknemer (R'000) | 18 | **194** | 181 | 299 | 168 | 137 |
| Opbrengs op totale bates | 19 | **14,0** | 14,9 | 26,0 | 15,8 | 12,6 |
| Bedryfswins as % van inkomste | 20 | **5,7** | 4,6 | 5,8 | 4,6 | 4,8 |
| Effektiewe belastingkoers | 21 | **31** | 37 | 30 | 30 | 31 |
| ***Solvensie en likiditeit*** | | | | | | |
| Ekwiteit as % van netto bates | 22 | **47** | 47 | 61 | 51 | 50 |
| Ekwiteit as % van totale bates | 23 | **40** | 38 | 45 | 35 | 36 |
| Hefboomverhouding % | 24 | **113** | 109 | 64 | 91 | 69 |
| Nie-rentedraende laste as % van ekwiteit | 25 | **38** | 51 | 59 | 87 | 75 |
| Kontantwins | 26 | **343** | 329 | 474 | 218 | 202 |
| Rentedekking (aantal keer) | 27 | **4,1** | 5,4 | 5,4 | 3,2 | 3,5 |
| Bedryfsverhouding | 28 | **1,8** | 1,8 | 2,2 | 1,4 | 1,4 |
| Vuurproefverhouding | 29 | **1,2** | 1,1 | 1,5 | 0,9 | 0,9 |


# FINANSIËLE- EN BEDRYFSVERHOUDINGS

## Finansiële prestasie


### INKOMSTE UIT VOORTGESETTE BEDRYWE





### WINS UIT VOORTGESETTE BEDRYWE




### WINS NA BELASTING





### WINS VOOR RENTE, BELASTING, DEPRESIASIE EN AMORTISASIE (EBITDA)




## Finansiële posisie

### RENTEDRAENDE SKULD




### EIEKAPITAALVERHOUDING




### TOTALE AANDEELHOUERSBELANG





### HEFBOOMVERHOUDING



# FINANSIËLE- EN BEDRYFSVERHOUDINGS (VERVOLG)

## Kontantvloei

### KWALITEIT VAN VERDIENSTE: REKENINGKUNDIGE WINS VS. KONTANTWINS




### KONTANTWINS




## Effektiwiteit en produktiwiteit

### EFFEKTIEWE BELASTINGKOERS




### BEDRYFSWINS PER WERKNEMER




### DISTRIBUSIE, VERKOOPS- EN ADMINISTRATIEWE UITGAWES AS PERSENTASIE VAN BRUTO WINS





### BEDRYFSWINSMARGE




### RENTEDEKKING




### OPBRENGS OP EKWITEIT




## Beleggingstatistieke


### AANDEELPRYS: VERHANDELINGSWAARDE VS. NETTO BATEWAARDE





### VERDIENSTE VS. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL




### DIVIDEND PER AANDEEL




### PRYSVERDIENSTEVERHOUDING OP WESENSVERDIENSTE BEREKEN





### WAARDESKEPPING EN WAARDEONTSLUITING VIR AANDEELHOUERS DEUR KAPITAAL EN DIVIDENDE




### PRYSBOEKVERHOUDING




### EKWITEIT TOESKRYFBAAR AAN AANDEELHOUERS TEENOOR AANTAL AANDEELHOUERS




### MARKKAPITALISASIE – SLUITINGSPRYS



# DEFINISIES

1. **Verdienste per aandeel**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele vir die jaar.

2. **Wesensverdienste per aandeel**
Wesensverdienste (verwys aantekening 22), gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

3. **Netto batewaarde per aandeel**
Kapitaal en reserwes gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op jaareinde.

4. **Sluitingsmarkprys**
Verhandelingsprys afgelei van die laaste aandeelverhandelingstransaksie van die finansiële jaar.

5. **Totale dividende vir die jaar**
Totaal van normale (tussentyds en finale) en spesiale dividende vir die jaar.

6. **Prysboekverhouding**
Sluitingsmarkprys per aandeel gedeel deur die netto batewaarde per aandeel op jaareinde.

7. **Dividendopbrengs, ingesluit spesiale dividende**
Totale dividend per aandeel gedeel deur die openingsmarkprys per aandeel.

8. **Dividendopbrengs, uitgesluit spesiale dividende**
Totale dividend per aandeel, uitgesluit spesiale dividende, gedeel deur die openingsmarkprys per aandeel.

9. **Prysverdiensteverhouding**
Sluitingsmarkprys per aandeel gedeel deur die verdienste per aandeel.

10. **Dividenddekking, ingesluit spesiale dividende**
Verdienste per aandeel gedeel deur die totale dividend per aandeel.

11. **Dividenddekking, uitgesluit spesiale dividende**
Verdienste per aandeel gedeel deur die totale dividend per aandeel, uitgesluit spesiale dividende.

12. **Opbrengs op ekwiteit**
Wins na belasting gedeel deur die beginsaldo van kapitaal en reserwes.

13. **Opbrengs op gemiddelde ekwiteit**
Wins na belasting gedeel deur gemiddelde kapitaal en reserwes.

14. **Totale aandeelhouersopbrengs**
Totale dividendopbrengs (definisie 7), plus groei in markprys.

15. **Bateomsetsnelheid**
Inkomste gedeel deur totale gemiddelde bates.

16. **Inkomste/ekwiteit**
Inkomste gedeel deur sluitingsekwiteit.

17. **Aantal werknemers**
Aantal personeel (totaal van permanent en tydelik) op jaareinde.

18. **Bedryfswins per werknemer**
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywe, aangesuiwer met finansieringskoste, beleggingsinkomste en deel in wins vanaf geassosieerdes (bedryfswins), gedeel deur die totale aantal personeel op jaareinde.

19. **Opbrengs op totale bates**
Wins voor finansieringskoste en belasting uit voortgesette bedrywe (EBIT) as ’n % van totale bates, uitgesluit bates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop.

20. **Bedryfswins as ’n % van inkomste**
Bedryfswins as % van inkomste van voortgesette bedrywe.

21. **Effektiewe belastingkoers**
Belastinguitgawe soos per finansiële state as ’n % van wins voor belasting.

22. **Ekwiteit as ’n % van netto bates**
Totale ekwiteit uitgedruk as ’n % van totale bates min nie-rentedraende skuld.

23. **Ekwiteit as ’n % van totale bates**
Totale ekwiteit uitgedruk as ’n % van totale bates.

24. **Hefboomverhouding**
Rentedraende skuld, verminder deur kontant, gedeel deur totale ekwiteit.

25. **Nie-rentedraende laste as ’n % van ekwiteit**
Nie-rentedraende laste en voorsienings gedeel deur totale ekwiteit.

26. **Kontantwins**
Wins vir die jaar, aangesuiwer met nie-kontantvloei items (Verwys aantekening 24) en inaggenome werklike belasting betaal, finansieringskoste betaal en ander bedryfsinkomste.

27. **Rentedekking**
Wins voor belasting, aangesuiwer met depresiasie (verwys aantekening 2) en finansieringskoste (EBITDA), gedeel deur finansieringskoste.

28. **Bedryfsverhouding**
Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

29. **Vuurproefverhouding**
Bedryfsbates verminder met voorraad gedeel deur bedryfslaste.

# VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE DIREKSIE

Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van die maatskappy en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsye 49 tot 96 is in ooreenstemming met "International Financial Reporting Standards" (IFRS) opgestel. Die direkteure het ook alle ander inligting wat in hierdie jaarverslag ingesluit word, voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy en filiale se interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op 'n gereelde basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute, gerusstelling oor die betroubaarheid van die finansiële state te bied, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstellings en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat op 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig mag dui nie.

Die finansiële state is op die lopendesaak-grondslag opgestel. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie in die nabye toekoms 'n lopende saak sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, ramings en vooruitskattings, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young Ingelyf. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords, insluitend alle notules van vergaderings van die direksie, direksiekomitees, bestuur en aandeelhouers. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die oudit geldig en behoorlik was.

Die maatskappy finansiële jaarstate en die groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2011, soos uiteengesit op bladsy 49 tot 96, is deur die Direksie goedgekeur.

**JE Grobler**
*VOORSITTER*
Klerksdorp
22 Junie 2011

**F Strydom**
*BESTURENDE DIREKTEUR*

**CF Kruger**
*FINANSIËLE DIREKTEUR*

## *VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS*

Vir die jaar onder oorsig en in terme van artikel 268G(d) van die vorige Maatskappywet, sertifiseer ek Elizabeth Maria Joynt, as maatskappysekretaris, dat alle opgawes, soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en Intellektuele Goedere (CIPC) en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.

Aangesien die Maatskappywet 71 van 2008 op 1 Mei 2011 in werking getree het, sal die sertifisering soos vereis in terme van artikel 88 (2) (e) van die nuwe Maatskappywet vir die volgende finansiële jaar voorsien word.



**EM Joynt**
*MAATSKAPPYSEKRETARIS*
Klerksdorp
22 Junie 2011

# VERSLAG VAN DIE SENWES OUDITKOMITEE

Ingevolge artikel 94(7f) van die Maatskappywet 71 van 2008, bied ons graag ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2011 aan.

Daar word in die korporatiewe beheerverslag verwys na die wyse waarop die Ouditkomitee sy pligte uitgevoer het met betrekking tot rolle, verantwoordelikhede en mandaat.

Die komitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure waarvan drie onafhanklik is en vergader minstens drie maal per jaar soos bepaal in die mandaat en verwysingsterme van die komitee.

| Naam van lid | Bywoning van vergaderings |
|---|---|
| JPL Alberts<br>SSAS, B.Com(Ekon),<br>CTA, IAMP (Geneva) GR(SA) | 4/4 |
| JA Boggenpoel<br>B.Comm, B.Rek, GR (SA) | 4/4 |
| SF Booysen<br>M Compt (Unisa), D.Com (Rek)<br>(UP), GR (SA) | 3/3 |
| AJ Kruger<br>B.Compt(Hons),GR (SA) | 4/4 |
| JDM Minnaar<br>B.Comm | 4/4 |

**Eksterne ouditeur**

Die komitee is tevrede dat die eksterne ouditeure, Ernst en Young Ingelyf onafhanklik van die Senwes Groep opgetree het, soos bepaal in terme van Maatskappywetgewing, wat oorweging van voldoening aan die kriteria met betrekking tot onafhanklikheid of botsing van belange, soos voorgeskryf deur die Onafhanklike Rekenmeesters en Ouditeure, insluit.

Die komitee het, na konsultasie met die uitvoerende bestuur, ooreenkoms bereik met betrekking tot die aanstellingsbrief, terme, ouditplan en begrote ouditfooie vir die 2010/2011 finansiële jaar.

'n Formele, geskrewe beleid en prosedure (waarby 'n delegasie van magtematriks geïnkorporeer is) beheer die prosesse waarvolgens die eksterne ouditeure oorweeg word vir nie-ouditverwante dienste. Die komitee het die bepalings van die geskrewe beleid met betrekking tot die voorsiening van nie-ouditverwante dienste deur die eksterne ouditeure oorweeg en die aard en omvang van nie-ouditverwante dienste wat die eksterne ouditeure mag lewer, goedgekeur.

Die komitee het Ernst & Young Ing. as die eksterne ouditeure en Mnr. Frantz Scheepers as die aangewese ouditeur vir die 2011/2012 finansiële jaar na die algemene jaarvergadering verwys vir goedkeuring.

**Interne finansiële kontroles**

Gebaseer op die resultate van die formeel gedokumenteerde oorsig van die ontwerp, implementering en effektiwiteit van die Senwes Groep se interne finansiële beheerstelsel wat gebruik is deur die interne ouditfunksie gedurende die 2010/2011 finansiële jaar, en na inagneming van inligting en verduidelikings verskaf deur bestuur, sowel as besprekings met die eksterne ouditeure met betrekking tot die resultate van hul oudit, is die komitee van mening dat die Senwes Groep se interne finansiële beheerstelsels effektief is en die basis vorm vir die voorbereiding van betroubare finansiële state.

**Finansiële state (rekeningkundige praktyke ingesluit)**

Die komitee het die finansiële state van die Maatskappy en die Senwes Groep in oënskou geneem en is tevrede dat dit aan "International Financing Reporting Standards" voldoen.

**Kundigheid en ondervinding van finansiële direkteur en finansiële funksie**

Die komitee is tevrede dat die finansiële direkteur van Senwes oor die toepaslike kundigheid en ondervinding beskik.

Die komitee het die toepaslikheid van die kundigheid en doelmatigheid van die hulpbronne van die Senwes Groep se finansiële funksie en ondervinding van die senior lede van bestuur wat verantwoordelik is vir die finansiële funksie oorweeg en is tevrede daarmee.

**Pligte deur die Direksie opgelê**

Die komitee vervul 'n oorsigtelike rol met betrekking tot die Senwes Groep se geïntegreerde jaarverslag en die verslagdoeningsproses, insluitend die interne finansiële beheerstelsel. Dit is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat die Maatskappy en die Senwes Groep se interne ouditfunksie onafhanklik is en oor die nodige hulpbronne, status en gesag beskik om dit in staat te stel om sy pligte effektief uit te voer. Daarbenewens hou die komitee toesig oor die samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure en dien as 'n skakel tussen die Raad van Direkteure en hierdie funksies.

Die komitee het gedurende die jaar onder oorsig afsonderlik gesprek gevoer met die eksterne ouditeur en met die hoof van Interne Oudit.

**Interne oudit**

Die komitee oorweeg en beveel die interne ouditplan jaarliks aan vir goedkeuring deur die Direksie. Die interne ouditfunksie is binne die Senwes korporatiewe kantoor gesetel en is verantwoordelik vir die nagaan van en gerusstelling oor die effektiwiteit van die interne beheeromgewing regdeur die Senwes Groep. Die hoof van Interne Oudit is verantwoordelik daarvoor om interne ouditbevindinge teenoor die ooreengekome interne ouditplan op 'n gereelde basis aan die komitee te rapporteer.

Die hoof van Interne Oudit het direkte toegang tot die Ouditkomitee, hoofsaaklik via die voorsitter.

**Volhoubaarheidsverslagdoening**

Die komitee het die Senwes Groep se volhoubaarheidsinligting soos geopenbaar in die geïntegreerde jaarverslag, oorweeg ten einde te bepaal of dit konsekwent is met die bedryfs- en ander inligting bekend aan die komiteelede en of dit konsekwent is met die finansiële jaarstate van die Maatskappy en die Senwes Groep. Die verslag van die Risiko- en Volhoubaardheidskomitee ten opsigte van die top tien risiko's is voorgelê aan die Ouditkomitee vir oorweging. Die Komitee het die volhoubaarheidsinligting met bestuur bespreek en is tevrede dat die inligting betroubaar en konsekwent is met die finansiële resultate.

**Aanbeveling van die jaarlikse finansiële state vir goedkeuring deur die Direksie**

Die komitee het die jaarlikse finansiële state na die Direksie aanbeveel vir goedkeuring.

**JPL Alberts**
*VOORSITTER: OUDITKOMITEE*
Klerksdorp
22 Junie 2011

# ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG

## Aan die Lede van Senwes Beperk

Ons het die groepsfinansiële jaarstate en finansiële jaarstate van Senwes Beperk geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële posisie soos op 30 April 2011, die gekonsolideerde en afsonderlike state van omvattende inkomste, die gekonsolideerde en afsonderlike state van veranderings in ekwiteit, die gekonsolideerde en afsonderlike state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, en die direkteursverslag, soos uiteengesit op bladsye 49 tot 96.

### Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Finansiële State

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig "International Financial Reporting Standards" en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word, en vir sulke interne beheermaatreëls wat die direkteure nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

### Ouditeur se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig "International Standards on Auditing" uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

Die drawaarde van die kontantvereffende aandeelgebaseerde verpligting beloop op 30 April 2011 R18,2 miljoen (2010 – R16,9 miljoen).

### 13.2 Na-aftrede verpligtinge

#### 13.2.1 Pensioen

Die Groep het 'n omskrewe bydraeplan wat noodsaaklike dekking vir al die werknemers verskaf. Aantekening 19.4 toon die pensioenfondsbydraes aan.

#### 13.2.2 Medies

Toekomstige na-aftrede gesondheidsorgbydraes word jaarliks teen inkomste voorsien.

'n Aktuariële waardasie word jaarliks uitgevoer en die laaste waardasie het op 30 April 2011 geskied.

Die berekening is gegrond op die huidige waarde van toekomstige mediese skema bydraes ten opsigte van bestaande afgetredenes, waarby aktuariële tegnieke gebruik word om 'n betroubare raming van voordele te verkry. Hierdie voordele word met behulp van die Geprojekteerde Eenheidskredietmetode verdiskonteer na die huidige waarde vir die verpligting.

Die beweging in die na-aftrede gesondheidsorgverpligting is as volg:

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | ***2011 R'm*** | ***2010 R'm*** | ***2011 R'm*** | ***2010 R'm*** |
| Openingsbalans | **79** | 75 | **79** | 75 |
| Netto voorsiening geskep | **8** | 11 | **8** | 11 |
| Bydraes betaal | **(6)** | (7) | **(6)** | (7) |
| **Totale drawaarde** | **81** | 79 | **81** | 79 |

Die berekeningsaannames by die bepaling van die verpligting is 'n verwagte opbrengskoers (diskontokoers) van 8% (2010 – 8%) op beleggings en 'n eskalasie van 6% (2010 – 6%), wat 'n reële opbrengskoers van 5,4% (2010 – 5,2%) sal oplewer en op sterftekoerse volgens algemeen aanvaarde sterftetabelle.

**Sensitiwiteitsontleding:**

| | ***Afwyking*** | ***% verandering in verpligting*** | ***% verandering in dienskoste plus rentekoste-aanspreeklikheid*** |
|---|---|---|---|
| Subsidieverhoging | **1%** | 8,00% | **8,40%** |
| Subsidieverlaging | **(1%)** | (7,10%) | **(7,50%)** |
| Verdiskonteringskoersverhoging | **1%** | (6,70%) | **4,60%** |
| Verdiskonteringskoersverlaging | **(1%)** | 7,60% | **(5,50%)** |

## 14. Handels- en ander rekeninge betaalbaar

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Handelsrekeninge betaalbaar * | **183** | 210 | **182** | 205 |
| Ander bedrae betaalbaar | **100** | 115 | **96** | 114 |
| Verlof- en dertiende tjek voorsiening | **24** | 24 | **24** | 23 |
| **Totale drawaarde** | **307** | 349 | **302** | 342 |

Terme en voorwaardes van handels- en ander rekeninge betaalbaar:

- Handelskrediteure is op verskeie terme vanaf 30 dae na staat betaalbaar en is nie rentedraend nie.
- Ander krediteure het wisselende betaaldatums.
- Verlof- en dertiende tjek bonusvoorsienings word maandeliks voorsien.

* 2010 syfers was hersaamgestel as gevolg van die herklassifikasie van afgeleide finansiële instrumente.

## 15. Inkomstebelasting

### 15.1 Belastinguitgawe

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| SA normale belasting – huidige jaar | **(95)** | (93) | **(93)** | (91) |
| Verhoging van uitgestelde belasting | **-** | (2) | **-** | (3) |
| Kapitaalwinsbelasting | **(1)** | - | **(1)** | - |
| Sekondêre belasting op maatskappye | **(4)** | (28) | **(4)** | (28) |
| **Totale belastinguitgawe** | **(100)** | (123) | **(98)** | (122) |

### 15.2 Uitgestelde belastingbate

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| **Die vernaamste tydelike verskille teenoor die statutêre koers is:** | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **(17)** | (13) | **(17)** | (13) |
| Voorraad | **8** | 8 | **8** | 8 |
| Handels- en ander rekeninge ontvangbaar | **13** | 8 | **13** | 8 |
| Voorsienings | **35** | 36 | **35** | 36 |
| **Totale drawaarde** | **39** | 39 | **39** | 39 |
| Rekonsiliasie van uitgestelde belastingsaldo: | | | | |
| Openingsbalans | **39** | 66 | **39** | 66 |
| Tydelike verskille – bewegings gedurende die tydperk | **-** | (27) | **-** | (27) |
| **Totale drawaarde** | **39** | 39 | **39** | 39 |

### 15.3 Belasting betaalbaar

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Inkomste- en kapitaalwinsbelasting betaalbaar | **15** | 7 | **15** | 6 |

**15.4 Rekonsiliasie van die belastingkoers**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 % | 2010 % | 2011 % | 2010 % |
| Standaard belastingkoers | **28,0** | 28,0 | **28,0** | 28,0 |
| Aangesuiwer vir: | | | | |
| Nie-belasbare inkomste | **(2,2)** | (0,3) | **(2,2)** | (0,3) |
| Nie-aftrekbare items | **3,4** | 0,3 | **3,4** | 0,3 |
| Ander | **0,3** | 0,4 | **(0,1)** | 1,1 |
| Kapitaalwinsbelasting | **0,4** | - | **0,4** | - |
| Sekondêre belasting op maatskappye | **1,4** | 8,7 | **1,4** | 8,7 |
| **Effektiewe belastingkoers** | **31,3** | 37,1 | **30,9** | 37,8 |

**15.5 Onbenutte bates – inkomstebelasting**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Onbenutte beraamde aangeslane verliese beskikbaar vir aanwending teen inkomste aan die begin van die jaar | **2** | 3 | **-** | - |
| Aangewend gedurende die jaar | **(2)** | (1) | **-** | - |
| **Netto onbenutte bedrae aan einde van die jaar** | **-** | 2 | **-** | - |

## 16. Voorsienings

| *Groep en Maatskappy* | Graanrisiko's | Reguitlynige erkenning van bedryfshure | Totaal |
|---|---|---|---|
| | R'm | R'm | R'm |
| **Saldo op 30 April 2009** | **16** | **6** | **22** |
| Afname in voorsiening vir die jaar | (1) | - | (1) |
| Aangewend gedurende die jaar | (1) | - | (1) |
| **Saldo op 30 April 2010** | **14** | **6** | **20** |
| Afname in voorsiening vir die jaar | - | - | - |
| Aangewend gedurende die jaar | (8) | (1) | (9) |
| **Saldo op 30 April 2011** | **6** | **5** | **11** |

**16.1 Graanrisiko**

Die Groep is blootgestel aan risiko's in die graanbedryf wat insluit die fisiese risiko van voorraadhouding sowel as die nie-nakoming van graankontrakte deur teenpartye. Beraming vir hierdie risiko's is gebaseer op potensiële tekorte en nie-nakoming van kontrakte teen heersende markpryse.

**16.2 Reguitlynige erkenning van bedryfshure**

Ooreenkomstig IAS 17 moet bedryfshure met 'n vaste termyn en vaste eskalasiekoerse op 'n reguitlyngrondslag as uitgawe erken word. 'n Voorsiening word geskep wat oor die kontraktermyn benut sal word.

## 17. Afgeleide finansiële instrumente

| | Aantekeninge | Groep 2011 R'm | Groep 2010 R'm | Maatskappy 2011 R'm | Maatskappy 2010 R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| **Bedryfsbates** | | **28** | - | **28** | - |
| - Vooruitaankoopkontrakte | 21.1.1.2 | **23** | - | **23** | - |
| - Buitelandse valuta termynkontrakte | 21.1.1.3 | **5** | - | **5** | - |
| **Bedryfslaste** | | **(10)** | (33) | **(10)** | (33) |
| - Vooruitaankoopkontrakte | 21.1.1.2 | **(2)** | (27) | **(2)** | (27) |
| - Vooruitverkoopkontrakte | 21.1.1.2 | **(2)** | - | **(2)** | - |
| - Rentekoers ruiltransaksies | 21.1.1.4 | **(6)** | (6) | **(6)** | (6) |
| **Nie-bedryfslaste** | | **(2)** | - | **(2)** | - |
| - Rentekoersruiltransaksie | 21.1.1.4 | **(2)** | - | **(2)** | - |

Die bogenoemde bedrae word geherklassifiseer ten einde openbaarmaking met betrekking tot vergelykende syfers te verseker.

## 18. Kapitaalverpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede

### 18.1 Voorwaardelike aanspreeklikhede

**Ondersoek na die Graan Silo Bedryf ("GSI"-saak)**

Senwes is op Vrydag, 12 Maart 2010 deur die Mededingingskommissie in kennis gestel dat 'n ondersoek geloods is teen rolspelers in die Graan Silo Industrie met betrekking tot beweerde oortredings van artikel 4(1) van die Mededingingswet deurdat dit na bewering saamgespan het in die vasstelling van graansilotariewe. Die beweerde oortredings dra wesenlike boetes, met gepaardgaande reputasierisiko's.

'n Skikkingsvoorstel is aan die Mededingingskommissie voorgelê, welke aanbod onderworpe is aan 'n onderhandelingsproses en die saak is steeds hangende.

**Mashike & Ross (Trustees van die Treacle Fund II Trust) ("Treacle") teen Senwesbel en Senwes**

Treacle, een van die minderheidsaandeelhouers in Senwes en party tot die Bafokeng Konsortium, het 'n aansoek gebring teen Senwes en Senwesbel (as tweede en eerste verweerders) in terme waarvan beweer word dat die verkryging van Senwes aandele deur Senwesbel, ongeldig was. Indien die aansoek sou slaag, sal van Senwes verwag word om sy aandeleregister reg te stel. Senwes opponeer die aansoek aangesien hy van mening is dat dit geen meriete dra nie.

Die verhoor het vanaf Mei tot Junie 2011 plaasgevind en uitspraak is voorbehou.

### 18.2 Verpligtinge ten opsigte van kapitaalprojekte

| | Groep 2011 R'm | Groep 2010 R'm | Maatskappy 2011 R'm | Maatskappy 2010 R'm |
|---|---|---|---|---|
| Reeds gekontrakteer | **18** | 16 | **18** | 16 |
| Goedgekeur deur die Direksie maar nog nie gekontrakteer nie | **3** | - | **3** | - |
| **Totale toekomstige kapitaalprojekte** | **21** | 16 | **21** | 16 |

**18.3 Bedryfshure – minimum bedryfshuurbetalings**

Die Groep het sekere bedryfshuurverpligtinge (vaste huurkontrakte) in toerusting en eiendomme met 'n gemiddelde tydperk van tussen drie en ses jaar.

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Binne een jaar | **6** | 4 | **6** | 4 |
| Meer as een jaar en binne vyf jaar | **18** | 13 | **18** | 13 |
| Langer as vyf jaar | **3** | 3 | **3** | 3 |
| **Bedryfshuurverpligting** | **27** | 20 | **27** | 20 |

Kapitaalverpligtinge en bedryfshure word gefinansier uit netto kontantvloei uit bedrywighede en/of lenings vanaf finansiële instellings.

## 19. Bedryfswins

**19.1 Items ingesluit in bedryfswins**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Wins uit bedrywe word getoon nadat die volgende in aanmerking geneem is: | | | | |
| Bedryfshuuruitgawes | **(7)** | (5) | **(7)** | (5) |
| Eiendom | **(5)** | (3) | **(5)** | (3) |
| Aanleg en toerusting | **(2)** | (2) | **(2)** | (2) |
| Depresiasie | **(37)** | (38) | **(37)** | (38) |
| Netto wins met realisasie van eiendom, aanleg en toerusting | **2** | 2 | **2** | 2 |
| Ouditeursvergoeding – Ouditdienste | **(5)** | (5) | **(5)** | (5) |
| – Ander dienste | **(1)** | - | **(1)** | - |
| Slegte skuld afgeskryf | **(5)** | (3) | **(5)** | (3) |
| Slegte skuld verhaal | **-** | 2 | **-** | 2 |
| Terugskrywing van twyfelagtige skuld | **2** | - | **2** | - |
| Terugskrywing/(voorsiening) vir graanrisiko | **-** | 1 | **-** | 1 |
| Terugskrywing vir agentskapgraanvoorsiening | **-** | 1 | **-** | 1 |
| Wins met pensioenfonds surplusverdeling | **1** | 1 | **1** | 1 |

**19.2 Finansieringskoste**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Lenings van kommersiële banke | **(41)** | (51) | **(41)** | (51) |
| Kommoditeitsfinansiering | **(67)** | (23) | **(67)** | (23) |
| Ander | **(5)** | (5) | **(5)** | (5) |
| **Totale finansieringskoste betaal** | **(113)** | (79) | **(113)** | (79) |
| Rentekoers ruiltransaksie | **(2)** | (6) | **(2)** | (6) |
| **Totale finansieringskoste** | **(115)** | (85) | **(115)** | (85) |

**19.3 Finansieringsinkomste**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Rente-inkomste – lenings en ander rekeninge ontvangbaar | **31** | 24 | **31** | 24 |
| Rente-inkomste – handelsrekeninge ontvangbaar | **99** | 117 | **99** | 117 |
| **Totale finansieringsinkomste** | **130** | 141 | **130** | 141 |

**19.4 Werknemerskoste**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Netto vergoeding | **380** | 360 | **363** | 343 |
| Vergoeding en voordele | **345** | 326 | **328** | 309 |
| Aansporingskemas | **35** | 34 | **35** | 34 |
| Pensioenkoste – omskrewe bydraeplan | **25** | 23 | **24** | 22 |
| **Totale werknemerskoste** | **405** | 383 | **387** | 365 |
| | Aantal | Aantal | Aantal | Aantal |
| Permanente personeel | **2 014** | 2 039 | **1 941** | 1 953 |
| Tydelike personeel | **187** | 238 | **185** | 234 |
| **Personeel aan die einde van die jaar** | **2 201** | 2 277 | **2 126** | 2 187 |

## 20. Ander bedryfsinkomste

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Dividende ontvang | **-** | 2 | **7** | 2 |
| Diverse inkomste | **4** | - | **8** | - |
| **Totale ander bedryfsinkomste** | **4** | 2 | **15** | 2 |

## 21. Finansiële instrumente en risikobestuur

Die oorhoofse risikobestuursprogram van die Groep fokus op die onvoorspelbaarheid van die finansiële markte en streef daarna om die potensiële nadelige effek op die Groep se finansiële resultate te beperk.

Die metodes en ramings gebruik vir die jaar is konsekwent met dié van die vorige jaar. Wesenlike risiko's is geïdentifiseer en word bestuur soos onderaan uiteengesit.

**21.1 Finansiële risiko's**

**21.1.1 Markrisiko's**

**21.1.1.1 Kommoditeitsprysrisiko**

Posisies wat nie op Safex verskans is nie, stel Senwes bloot aan markprysbewegings. Die risiko is veral sensitief tydens lae marklikiditeit. Senwes handhaaf 'n baie streng beleid en oop posisies word tot lae vlakke beperk, hetsy spekulatief of operasioneel van aard. Die status van oop posisies word daagliks gemonitor en aan die betrokke senior bestuur gerapporteer.

Die Groep gebruik afgeleide instrumente om blootstelling aan kommoditeitsprysrisiko's te bestuur en te verskans. In ooreenstemming met die Groep se risikobeleid kan slegs minimale onverskanste posisies te enige tyd

bestaan. Die waarde van beskibare kommoditeite, die netto waarde van termynkontrakte en opsiekontrakte en die waarde van die netto posisies van voorseisoenkontrakte dui op 'n effektiewe skans. Die totale waarde van termynkontrakte word as sensitiewe inligting beskou en word dus nie in die finansiële state vervat nie.

Die verskansingsinstrumente wat gebruik word bestaan uit termynkontrakte en opsiekontrakte. Die netto billike waarde van termynkontrakte vir verskansing op jaareinde het R4,6 miljoen (2010 – R53,2 miljoen) beloop. Soos verduidelik in die vorige paragraaf, is die netto herwaarderingsverskil van die instrumente wat vir verskansing gebruik word, in ag geneem teenoor die waarde van kommoditeite en die billike waarde van voorseisoenkontrakte. Die waarde van kommoditeite op die staat van finansiële posisie word dus as die markwaarde daarvan weerspieël en die termynkontrakte, opsiekontrakte en voorseisoenkontrakte word ook in die staat van finansiële posisie teen billike waarde ingesluit.

**21.1.1.2 Verhandelingsrisiko**

Markrisiko met betrekking tot verhandeling hou verband met die potensiële verliese in die verhandelingsportefeulje weens markfluktuasies soos rentekoerse, gaping tussen huidige en toekomstige kommoditeitspryse, volatiliteit van hierdie markte en veranderinge in marklikiditeit. Risikoperke word gestel waarbinne verhandeling binne die risiko-aptyt van die Groep bestuur word via vooruitkoop- en verkoopkontrakte.

Vooruitkoopkontrakte verteenwoordig kontrakte met produsente vir die verkryging van fisiese kommoditeite in die toekoms. Die voorwaartse verkoop verteenwoordig kontrakte met kliënte vir die verkoop van fisiese kommoditeite in die toekoms.

**21.1.1.3 Buitelandse valuta risiko**

Die Groep het minimale blootstelling aan fluktuasies in hoofsaaklik rand/USD wisselkoers ten opsigte van invoere en uitvoere. Transaksies in buitelandse geldeenhede word hoofsaaklik aangegaan vir die aankoop en verkoop van voorraaditems.

Valutatermynkontrakte word aangegaan vir spesifieke transaksies om die fluktuasies in wisselkoers te verskans.

Op jaareinde was die valutatermynkontrakte as verskansing teen verwagte betalings uitgeneem R53,2 miljoen (2010 – R9,5 miljoen). Die billike waarde aanpassing op buitelandse valuta kontrakte word erken deur wins en verlies.

Kontrakte is aangegaan om die verwagte kontantvloei van R58,7 miljoen te verskans (2010 – R10,8 miljoen). Die verskanste kontantvloeie sal na verwagting op verskeie datums gedurende die 12 maande na balansstaatdatum voorkom.

**21.1.1.4 Rentekoersrisiko**

**Befondsing**

Die Groep is grootliks natuurlik verskans teen wisselende rentekoerse, aangesien rentedraende skuld hoofsaaklik vir bates wat rente verdien teen wisselende koerse aangewend word.

| | 2011 | | |
|---|---|---|---|
| ***Rentekoersrisiko*** | ***Totale bedryfsbates R'm*** | ***Nie-renteverdienende bates R'm*** | ***Rente-verdienende bates R'm*** |
| Voorraad | **984** | **984** | **-** |
| Debiteure | **1 366** | **57** | **1 309** |
| Agentskapsgraandebiteure | **160** | **-** | **160** |
| Bank | **17** | **-** | **17** |
| Ander | **31** | **31** | **-** |
| **Totaal** | **2 558** | **1 072** | **1 486** |
| Rentedraende laste | | | **(1 405)** |
| **Netto blootstelling aan rentekoersrisiko (beperk tot R nul)** | | | **-** |

| Rentekoersrisiko | 2010 Totale bedryfsbates R'm | Nie-renteverdienende bates R'm | Rente-verdienende bates R'm |
|---|---|---|---|
| Voorraad | 835 | 835 | - |
| Debiteure | 1 316 | 42 | 1 274 |
| Agentskapsgraandebiteure | 97 | - | 97 |
| Bank | 40 | - | 40 |
| **Totaal** | 2 288 | 877 | 1 411 |
| Rentedraende laste | | | (1 196) |
| **Netto blootstelling aan rentekoersrisiko (beperk tot R nul)** | | | - |

Rentekoste is natuurlik verskans in gevalle waar die renteverdienende bates die rentedraende laste oorskry. Rentekoerse word egter by wyse van finansiële instrumente verskans in omstandighede waar die rentedraende laste die renteverdienende bates wesenlik oorskry of in gevalle waar die omgewing hoë volatiliteit inhou.

Soos op 11 November 2009, het die Groep in 'n rentekoersruiltransaksie 'n ooreenkoms met 'n veronderstelde waarde van R250 miljoen (2010 – R250 miljoen) teen 'n vaste koers van 8,15% aangegaan. 'n Veranderlike koers gelykstaande aan die 3 maande Jibar koers is van toepassing op die Groep. Die ruiltransaksie word gebruik om die rentekoste oor die lang termyn te verskans teen 'n aanvaarbare vlak. Die langtermyn effek word gerapporteer in die staat van omvattende inkomste.

**Sensitiwiteit van rentekoerse**

Die volgende toon die potensiële impak van rentekoersveranderings op die finansieringskostelyn.

| | 2011 Verhoging/(verlaging) % | Verhoging/(verlaging) op voorbelaste finansieringskoste R'm |
|---|---|---|
| Kommoditeitsfinansiering | **2%** | **(20,7)** |
| | **1%** | **(10,4)** |
| | **(1)%** | **10,4** |
| | **(2)%** | **20,7** |
| Korttermynkoers | **2%** | **(4,7)** |
| | **1%** | **(2,4)** |
| | **(1)%** | **2,4** |
| | **(2)%** | **4,7** |
| Langtermynkoers | **2%** | **(7,0)** |
| | **1%** | **(3,5)** |
| | **(1)%** | **3,5** |
| | **(2)%** | **7,0** |
| | **2010** | |
| Kommoditeitsfinansiering | 2% | (6,0) |
| | 1% | (3,0) |
| | (1)% | 3,0 |
| | (2)% | 6,0 |
| Korttermynkoers | 2% | (7,0) |
| | 1% | (3,6) |
| | (1)% | 3,6 |
| | (2)% | 7,0 |
| Langtermynkoers | 2% | (7,0) |
| | 1% | (3,5) |
| | (1)% | 3,5 |
| | (2)% | 7,0 |

### 21.1.2 Kredietrisiko

**Konsentrasierisiko**

Die potensiële konsentrasierisiko van krediet het hoofsaaklik betrekking op handelsdebiteure. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot aantal klante wat oor verskillende geografiese gebiede versprei is en krediet word toegestaan ingevolge die Groep se kredietbeleid. Omsigtige kredietkeuringsprosesse word noukeurig gevolg.

Die waarde op risiko hieronder is as volg bereken:

1. "Bruto blootstelling" word hieronder bereken deur die totale produsentedebiteurebalans te verminder met die sekuriteitswaarde gehou of wat gesedeer is aan Senwes asook die toepaslike voorsiening vir oninbaarheid.
2. Verspreiding word gemeet teen die beste praktyke in die bedryf gegewe konsentrasie ten opsigte van geografie, stratifikasie, kategorisering en agterstalligheid. Bronne van meting van die konsentrasierisiko word geformuleer vanaf verskeie industrienorme, marktendense in groot landboumaatskappye en eie ontledings. Die verspreiding sal die waarde op risiko verhoog indien dit hoër is as die norm en verlaag indien dit laer is as die norm.

| | 2011<br>R'm | 2010<br>R'm |
|---|---|---|
| Bruto blootstelling | **548** | 436 |
| Konsentrasie verminder weens verspreiding | **(231)** | (164) |
| Produsentedebiteure: waarde op risiko (VaR) | **317** | 272 |

Die waarde op risiko van R317 miljoen (2010 – R272 miljoen) is bereken voor inagneming van kliënte se finansiële posisie.

Bogenoemde waarde op risiko word gemeet met betrekking tot konsentrasie in die verskillende areas naamlik: agterstalligheid, kategorisering, stratifikasie (individuele grootte) en geografie en word volledig hieronder uiteengesit:

**Geografie**
'n Lae konsentrasierisiko is van toepassing. Dit word toegeskryf aan 'n wydverspreide geografiese area, hoofsaaklik Vrystaat, Noordwes en Noord-Kaap.

**Stratifikasie en agterstalligheid**

| | 2011 | | 2010 | |
|---|---|---|---|---|
| *Stratifikasie van kliëntebasis in omvang van krediet toegestaan* | % *blootstelling van boek* | % *agterstallig* | % *blootstelling van boek* | % *agterstallig* |
| R1 - R500 000 | **5,84%** | **16,79%** | 6,99% | 15,01% |
| R500 000 - R1 250 000 | **9,72%** | **3,16%** | 10,13% | 7,45% |
| R1 250 000 - R3 000 000 | **20,26%** | **1,36%** | 23,13% | 4,15% |
| R3 000 000 - R5 000 000 | **23,71%** | **1,58%** | 19,56% | 4,41% |
| Bo R5 000 000 | **37,92%** | **2,80%** | 35,87% | 3,26% |
| Regskliënte | **2,55%** | **61,51%** | 4,32% | 57,13% |
| | **100,00%** | **4,57%** | 100,00% | 7,27% |

Goeie verspreiding in kliëntegrootte en agterstalligheid is van toepassing.

**Kategorisering**

| *Verspreiding van debiteure per kategorie* | 2011 *Handelsdebiteure* | 2010 *Handelsdebiteure* |
|---|---|---|
| Kategorie 1 | **28,78%** | 29,93% |
| Kategorie 2 | **58,67%** | 51,56% |
| Kategorie 3 | **7,06%** | 10,76% |
| Kategorie 4 | **0,40%** | 0,08% |
| Ander | **2,54%** | 3,35% |
| Regskliënte | **2,55%** | 4,32% |
| | **100,00%** | 100,00% |

Die verskillende kategorieë word as volg gedefinieer:

| | |
|---|---|
| Kategorie 1 kliënt: | Topklante in die mark met 'n uitstekende kredietgeskiedenis, balansstaat, finansiële posisie en terugbetaalvermoë. |
| Kategorie 2 kliënt: | Boonste kwartiel klante (met uitsluiting van kategorie 1 klante) in die mark met 'n goeie kredietgeskiedenis en 'n gesonde finansiële posisie en terugbetaalvermoë. |
| Kategorie 3 en 4 kliënt: | Verteenwoordig 'n breë basis van kliënte wat wissel vanaf beginnerboere met relatief swakker balansstate, tot produsente wat in 'n oorlewingstryd betrokke is. Die beleid is streng met betrekking tot hierdie katergorie kliënte en krediet sal slegs verleen word onder omstandighede van hoë sekuriteitsposisie, spesifieke doelgemaakte lae-risiko finansieringsprodukte en waar ons van mening is dat die kliënt wel die potensiaal het om te herstel na 'n sterker posisie. |
| Ander: | Rekeninge word geëvalueer op die basis waarop die rekening hanteer word en is ten volle versekureer. |

**Teenpartyrisiko**
Die kredietkrisis rig generies vrae met betrekking tot die finansiers se vermoë en bereidwilligheid om te finansier. Absa en Land Bank as hoof finansiers word beskou as 'n uitstekende teenparty en is binne die aanvaarbare vlakke van teenpartyrisiko. Teenpartyrisiko wat verband hou met krediet verleen aan kliënte, word aktief bestuur en is ook binne aanvaarbare vlakke.

### 21.1.3 Likiditeitsrisiko

Die Groep monitor die likiditeitsrisiko by wyse van 'n kontantvloeibeplannings- en sekuriteitsmodel.

Die Groep neem die vervaldatum van sy onderskeie bates in ag en befonds die bedrywighede deur 'n balans te verkry tussen die optimale finansieringmeganisme en die onderskeie finansieringsprodukte wat insluit bankoortrekkings, korttermynlenings, kommoditeitsfinansiering en ander krediteure. Die onderskeie vervaldatums van skuld sien soos volg daar uit:

| *Skuld – 2011* | Totaal | Betaalbaar binne 1 maand | Betaalbaar binne 1 - 2 maande | Betaalbaar binne 2 - 6 maande | Betaalbaar binne 6 - 12 maande | Betaalbaar na 1 jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | | | |
| Langtermynlenings | **350** | **-** | **-** | **-** | **-** | **350** |
| Langtermyn-werknemersvoordele | **13** | **-** | **-** | **-** | **-** | **13** |
| Na-aftrede verpligtinge | **81** | **-** | **-** | **-** | **-** | **81** |
| | **444** | **-** | **-** | **-** | **-** | **444** |
| **Bedryfslaste** | | | | | | |
| Korttermynlenings | **1 021** | **352** | **-** | **669** | **-** | **-** |
| Handelsrekeninge betaalbaar | **307** | **84** | **199** | **5** | **11** | **8** |
| Ander | **104** | **35** | **29** | **17** | **13** | **10** |
| | **1 432** | **471** | **228** | **691** | **24** | **18** |
| **Totale verpligtinge** | **1 876** | **471** | **228** | **691** | **24** | **462** |

| *Skuld – 2010* | Totaal | Betaalbaar binne 1 maand | Betaalbaar binne 1 - 2 maande | Betaalbaar binne 2 - 6 maande | Betaalbaar binne 6 - 12 maande | Betaalbaar na 1 jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | | | |
| Langtermynlenings | 350 | - | - | - | - | 350 |
| Langtermyn-werknemersvoordele | 7 | - | - | - | - | 7 |
| Na-aftrede verpligtinge | 79 | - | - | - | - | 79 |
| | 436 | - | - | - | - | 436 |
| **Bedryfslaste** | | | | | | |
| Korttermynlenings | 773 | 312 | - | 14 | 447 | - |
| Handelsrekeninge betaalbaar | 376 | 101 | 240 | 6 | 13 | 15 |
| Ander | 152 | 9 | - | 46 | - | 98 |
| | 1 301 | 422 | 240 | 66 | 460 | 113 |
| **Totale verpligtinge** | 1 737 | 422 | 240 | 66 | 460 | 549 |

### 21.1.4 Riglyne vir kapitaalhandhawing

Die Groep handhaaf sy eiekapitaalverhouding binne die volgende gestelde teikens:

| *Handhawing van kapitaal* | 2011 *Eiekapitaal - verhouding (totale bates)* | 2010 *Eiekapitaal - verhouding (totale bates)* |
|---|---|---|
| Totale bates | **3 106** | 2 796 |
| Ekwiteit | **1 230** | 1 059 |
| Laste | **1 876** | 1 737 |
| Totale ekwiteit en laste | **3 106** | 2 796 |
| Berekende koers (%) | **40%** | 38% |
| Gestelde teikenband (%) | **35% - 45%** | 35% - 45% |

Die eiekapitaalverhouding het met 2% toegeneem en die verhouding is steeds binne die gestelde teikenband en word geag op konserwatiewe vlakke te wees.

| *Rentedekking* | 2011 *Rentedekking R'm* | 2010 *Rentedekking R'm* |
|---|---|---|
| Wins voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie | **471** | 455 |
| Finansieringskoste | **115** | 85 |
| Berekende rentedekking (keer) | **4,1** | 5,4 |
| Gestelde teiken (keer) | **>3** | >3 |

Die rentedekking oorskry die minimum gestelde teiken.

## 21.2 Besigheidsrisiko's

### 21.2.1 Operasionele risiko's

**Toegang tot graan**
Die risiko bestaan dat Senwes nie in staat is om toegang tot volumes graan binne sy geografiese basis te kan volhou of verhoog nie en waar die gepaardgaande impak op sy graaninkomste beduidend kan wees. Verminderde toegang tot graanvolumes kan die gevolg wees van die volgende:

- Verminderde aanplantings – Die verskynsel van verminderde aanplantings impakteer Senwes op verskeie besigheidsvlakke. Modelle is ontwikkel en word bestuur om die impak van aansienlike afwaartse aanplantings te verminder.
- Droogtes – Die veranderinge in klimaatstoestande hou 'n wesenlike risiko vir Senwes in die verkope van produkte word beduidend hierdeur beïnvloed. Modelle is ontwikkel en finansiële instrumente word gebruik om die potensiële impak van droogtes te verminder.
- Mededingende alternatiewe bergingstrukture – Alternatiewe bergingstrukture word aangespreek deur innoverende marktransaksies en die instandhouding van goeie produsenteverhoudinge. Verskille tussen produkaanbiedinge is ook aangespreek in die mark. Logistieke oplossings en befondsing van graankopers is addisionele risikoverminderingsmaatreëls.
- Onbehoorlike bestuur van transformasie en grondhervorming kan 'n aansienlike uitwerking op produksie hê. Senwes, in samewerking met die betrokke regeringsdepartemente, soek na lewensvatbare opsies en die implementering van sulke opsies met inagneming van die SEB-beleid.

**Menslike kapitaal – skaarsheid en behoud van talent**
Toegang tot en behoud van uitstaande personeel is een van die hoekstene van goeie prestasie. Suid-Afrika voer tans 'n stryd teen skaarsheid van talent weens verskeie redes. Daarbenewens het Senwes self 'n relatiewe jong talentprofiel, wat opsigself probleme veroorsaak ten opsigte van die behoud van talent weens die beweeglikheid daarvan. 'n Bydraende faktor is die feit dat Senwes hoofsaaklik in plattelandse gebied geleë is terwyl baie jong mense eerder in die groter metropole wil woon waar daar meer loopbaanvooruitsigte is. Ten einde hierdie risiko te verminder en as deel van 'n omvattende strategie ten opsigte van die behoud van talent, is toepaslike vergoeding- en aansporingskemas geïmplementeer en word voldoende geleenthede vir groei gebied deur opleiding en praktiese blootstelling. Opvolgbeplanning en -identifisering geniet ook voldoende aandag.

**Bedryfsrisiko**
Bedryfsrisiko verwys na gebeure wat nie deur menslike foute veroorsaak word nie en vorm deel van die normale verloop van besigheid. Die gebeure kan insluit die onderbreking van operasionele prosesse op kritiese tye, onvoorsiene wagtydperk op voorraadbestellings en die tekort aan noodsaaklike dienste wat die voortsetting van besigheid verseker as enkele voorbeelde.

**Diefstal en bedrog**
Die huidige ekonomiese toestande gee aanleiding tot 'n verhoogde moontlikheid van diefstal en bedrog. Die diversiteit van die Groep se aktiwiteite verhoog die moontlikhede hiervan verder. Dit word ook verder verhoog deur die ingewikkelde aard van sekere aktiwiteite wat spesifieke nakoming en kontrole vereis. Herfokus van besigheidsprosesse, 'n kultuurprogram, herontwerp van aanstellingspraktyke en die opgradering van fisiese kontroles is van die bestuursaksies wat in proses is ten einde die risiko tot 'n aanvaarbare vlak te beperk.

### 21.2.2 Regsrisiko

**Nie-nakoming van kontrakte**
Die feit dat Senwes kontrakte sluit met produsente sowel as kopers hou 'n risiko in wanneer omstandighede lei tot die nie-nakoming van kontraktuele verpligtinge. Hierdie omstandighede kan ontstaan as gevolg van droogte of aansienlike prysveranderinge. Behoorlike evaluasie en akkreditasie sowel as die monitering van die vloei van die oes, speel 'n belangrike rol om hierdie risiko aan te spreek. Verder word die kontrakgrootte per teenparty beperk tot 'n sekere gewig van sy langtermyn gemiddelde opbrengs. Marktendense wat kan lei tot nie-nakoming van kontrakte word deeglik gemonitor en strategieë om hierdie risiko te verskans word ingestel wanneer nodig. Hierdie instrumente word ingesluit in die waardes aangedui in aantekening 17.

**Regsaksies**
Senwes is betrokke by sekere regsaksies soos bespreek in aantekening 18.1.

Die moontlikheid bestaan altyd dat verliese vir die Groep mag ontstaan, terwyl regsadvies op 'n positiewe uitslag vir Senwes dui. Die moontlikheid van verliese word voortdurend oorweeg en geëvalueer en word aan die Risiko- en Volhoubaarheidskomitee en die Direksie gerapporteer.

### 21.2.3 Strategiese risiko

**Volhoubaarheids- en reputasierisiko**
Die moontlikheid bestaan dat sekere gebeure of persepsies aanleiding kan gee tot onsekerheid by sommige belanghebbendes. Dit kan negatief impakteer op die besigheid wat met die Groep gedoen word of die aandeelwaarde.

Die risikobestuursproses oorweeg alle relevante aksies, gebeure en omstandighede wat 'n uitwerking kan hê op die reputasie van die maatskappy. In die proses word ook gepoog om die omvang van die uitwerking van die reputasie te bepaal. Toepaslike maatreëls en strukture is in plek gestel om gebeure tydig en effektief te hanteer.

Die risikoproses identifiseer ook gebeure wat druk plaas op die volhoubaarheid van die Groep. Die proses identifiseer areas vir die implementering van aksieplanne wat volhoubare winsgewendheid verseker.

### 21.2.4 Stelselrisiko

Die maatskappy steun beduidend op tegnologie. Die risiko met betrekking tot argivering, kapasiteit, toepaslikheid, data-integriteit, integrasie en aanpasbaarheid is van die vernaamste risiko's. 'n Behoorlike IT-strategie met die nodige stuurkomitee is in plek en formele veranderings, projek- en integrasiebestuur word hierop toegepas.

## 21.3 Omgewingsrisiko

### 21.3.1 Weer- en klimaatrisiko

Verwys paragraaf 21.2.1.

### 21.3.2 Politieke risiko

Verwys paragraaf 21.2.1.

## 21.4 Billike waarde

Alle finansiële instrumente word teen drawaardes weerspieël. Die drawaardes is redelike beramings van die markverwante billike waardes.

### 21.4.1 Billike waarde hiërargie

Senwes gebruik die volgende hiërargie vir die bepaling en openbaarmaking van die billike waardes van finansiële instrumente volgens waardasietegniek:

Vlak 1: Gekwoteerde (onverrekende) pryse in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste.
Vlak 2: Ander waardasiemetodes waarvan alle insette wat 'n beduidende uitwerking op die billike waarde het, hetsy direk of indirek.
Vlak 3: Waardasiemetodes wat insette gebruik wat 'n beduidende uitwerking op die billike waarde het, wat nie gebaseer is op waarneembare markdata nie.

| | *Aan-teke-ninge* | 30 April 2011 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | *R'm* | *R'm* | *R'm* | *R'm* |
| **Bates gewaardeer teen billike waardes** | | **31** | **3** | **28** | **-** |
| Gekwoteerde ekwiteitsaandele | 4.1.1 | **3** | **3** | **-** | **-** |
| Vooruitaankoopkontrakte | 17 | **23** | **-** | **23** | **-** |
| Buitelandse valuta termynkontrakte | 17 | **5** | **-** | **5** | **-** |

| | Aan-teke-ninge | 30 April 2011 R'm | Vlak 1 R'm | Vlak 2 R'm | Vlak 3 R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| **Laste gewaardeer teen billike waardes** | | 12 | - | 12 | - |
| Vooruitaankoopkontrakte | 17 | 2 | - | 2 | - |
| Vooruitverkoopkontrakte | 17 | 2 | - | 2 | - |
| Rentekoers ruiltransaksies | 17 | 8 | - | 8 | - |

Die billke waarde van die buitelandse valutakontrakte is nie wesenlik nie en as gevolg van afronding word dit nie getoon nie.

Gedurende die rekeningkundige periode wat eindig op 30 April 2011, was daar geen oordragte tussen vlak 1 en vlak 2 billike waarde metings nie, en geen oordragte in of uit vlak 3 billike waarde metings nie.

## 22. Verdienste per aandeel en dividende

### 22.1 Verdienste per aandeel

'n Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele van 180 789 308 (2010 – 180 789 308) is gebruik in onderstaande berekenings. Die verdienste is bereken op wins toeskryfbaar aan aandeelhouers.

22.1.1 Verdienste per aandeel is bereken op grond van wins van R219 miljoen (2010 – R209 miljoen) toeskryfbaar aan gewone aandele.

22.1.2 Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe is bereken op wins van R219 miljoen (2010 – R209 miljoen).

22.1.3 Wesensverdienste per aandeel is bereken op wins van R210 miljoen (2010 – R207 miljoen).

22.1.4 Rekonsiliasie tussen verdienste en wesensverdienste is as volg:

| | Groep | |
|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Verdienste soos per staat van omvattende inkomste | **219** | 209 |
| Aansuiwerings: | | |
| Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **(1)** | (1) |
| Voorsiening vir aktuariële wins op pensioenfondsbydraes | **(1)** | (1) |
| Wins met die verkoop van beleggings | **(7)** | - |
| Wesensverdienste | **210** | 207 |
| Verdienste per aandeel (sent) | **121,1** | 115,6 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **116,2** | 114,4 |

*Alle aansuiwerings word getoon op 'n na-belaste basis.*

### 22.2 Dividende betaal en voorgestel

| | Maatskappy | |
|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm |
| **Verklaar en betaal gedurende die jaar:** | | |
| Dividende op gewone aandele: | | |
| Finale dividend vir 2010 – 15 sent (2009 – 30 sent) | 27 | 54 |
| Tussentydse dividend 2011 – 10 sent (2010 – 25 sent) | 18 | 45 |
| Spesiale dividend 2011 – nul sent (2010 – 100 sent) | - | 181 |
| **Totale dividende betaal** | 45 | 280 |
| Voorgestel vir goedkeuring by die jaarvergadering (nie erken as 'n las op 30 April): | | |
| Dividende op gewone aandele: | | |
| **Finale dividend 2011 – 25 sent (2010 – 15 sent)** | 45 | 27 |

## 23. Verwante party transaksies

### 23.1 Filiale

Die finansiële state sluit die finansiële state van die filiale in soos gelys in die volgende tabel:

| *2011* | % belang | Inkomste ontvang vanaf filiale | Bedrae verskuldig (aan)/deur filiale |
|---|---|---|---|
| | | R'm | R'm |
| Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk | 100% | - | (2) |
| Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk | 100% | - | - |
| Senwes Bpk – geïnkorporeer in Malawi | 100% | - | 17 |
| Senwes International Holdings (Edms) Bpk | 100% | - | - |
| Univision Broker Services (Edms) Bpk | 100% | 1 | (8) |
| Univision Financial Services (Edms) Bpk | 100% | 5 | 1 |

| *2010* | % belang | Inkomste ontvang vanaf filiale | Bedrae verskuldig (aan)/deur filiale |
|---|---|---|---|
| | | R'm | R'm |
| Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk | 100% | - | (3) |
| Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk | 100% | - | - |
| Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk | 100% | - | - |
| Senwes Bpk – geïnkorporeer in Malawi | 100% | - | - |
| Senwes International Holdings (Edms) Bpk | 100% | - | - |
| Univision Broker Services (Edms) Bpk | 100% | 1 | (7) |
| Univision Financial Services (Edms) Bpk | 100% | 3 | (6) |

Univision Financial Services (Edms) Bpk besit 'n 100% belang in Univision Broker Services (Edms) Bpk. Senwes Beperk hou weer 'n direkte belang in Univision Financial Services (Edms) Bpk en 'n indirekte belang in Univision Broker Services (Edms) Bpk.

**23.2 Geassosieerdes**

Besonderhede van transaksies met geassosieerdes word gelys in die onderstaande tabel:

| | % belang | | Verwante partye transaksies | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 | 2010 | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Grainovation (Edms) Bpk | **50%** | 50% | **(183)** | (23) |
| Graan Silo Industrie (Edms) Bpk | **26%** | 26% | **(1)** | (1) |
| Grasland Onderneming (Edms) Bpk | **50%** | 44% | **(2)** | (2) |

**23.3 Belegging in 'n gesamentlike onderneming**

Besonderhede van verwante partye is as volg:

| | % belang | | Uitgawes betaal aan die gesamentlike onderneming | | Bedrag verskuldig deur die gesamentlike onderneming | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2011 | 2010 | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Silo Certs (Edms) Bpk | **42,50%** | 42,50% | **-** | - | **3** | 2 |

**23.4 Beduidende invloed**

Beduidende invloed is uitgeoefen deur Senwesbel Beperk en die Bafokeng Konsortium en verwante partye wat afsonderlik 41,16% en 34,69% van die maatskappy se aandele besit.

| | Bestuursfooie ontvang | | Rente betaal | | Lening betaalbaar | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Senwesbel Beperk | **1** | 1 | **4** | 4 | **28** | 69 |

- Dividende betaal aan Senwesbel Beperk het R18 miljoen beloop (2010 – R110 miljoen).
- Dividende betaal aan die Bafokeng Konsortium het R16 miljoen beloop (2010 – R97 miljoen).

**23.5 Handelsdebiteure ontvangbaar – direkteure en uitvoerende bestuur**

Handelsdebiteure ontvangbaar bestaan uit produksiekredietrekeninge en ander rekeninge waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse ten opsigte van lenings is in ooreenstemming met maatskappybeleid. Hierdie bedrae word ingesluit in handels- en ander rekeninge ontvangbaar volgens normale kredietterme en -voorwaardes.

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Verwante partye – handels- en ander rekeninge ontvangbaar | **24** | 14 | **24** | 14 |

**23.6 Direkteursvergoeding (uitvoerend & nie-uitvoerend)**

| | Maatskappy | |
|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Salarisse | **4** | 10 |
| Korttermyninsentiewe | **2** | 6 |
| Langtermyninsentiewe | **2** | 6 |
| Uitvoerende direkteure | **8** | 22 |
| Nie-uitvoerende direkteure | **3** | 2 |
| Direkteursvergoeding | **11** | 24 |

Die direkteure se vergoeding is nie in die werknemerskoste, soos getoon in aantekening 19.4, ingesluit nie.

**23.7 Ander sleutelbestuurspersoneel**

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Salarisse | **20** | 21 | **19** | 19 |
| Aansporingsbonusse | **8** | 11 | **8** | 10 |
| Totale vergoeding aan sleutelbestuur | **28** | 32 | **27** | 29 |
| Aantal sleutelbestuurspersoneel op jaareinde | **17** | 22 | **16** | 19 |

Die vergoeding van hierdie personeel word in werknemerkoste ingesluit, soos getoon in aantekening 19.4.

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone met die gesag en verantwoordelikheid vir beplanning, bestuur en beheer van die entiteit se aktiwiteite, direk of indirek.

**23.8 Kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie**

Verwys na aantekening 13.1.2 vir inligting rakende die kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie waarin direkteure ook deelneem.

**23.9 Inligting oor direkteure se dienstermyne**

Verwys na die statutêre direkteursverslag (aantekening 6) vir inligting rakende die nie-uitvoerende direkteure.

**Uitvoerende direkteure**

| *Direkteur* | *Dienskontrakverstrykingsdatum* | *Posisie beklee* |
|---|---|---|
| F Strydom | 31 Julie 2013 | Besturende Direkteur |
| CF Kruger | 31 Augustus 2013 | Finansiële Direkteur |

Belange van direkteure in die maatskappy:

| | Maatskappy | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 | | 2010 | |
| | Aantal aandele | % van totale aandele | Aantal aandele | % van totale aandele |
| *Direk* | | | | |
| Nie-uitvoerende direkteure | **533 731** | **0,29%** | 633 731 | 0,40% |
| Uitvoerende direkteure | **21 570** | **0,01%** | 396 657 | 0,20% |
| *Indirek* | | | | |
| Nie-uitvoerende direkteure | **19 340 967** | **10,70%** | 17 967 366 | 9,90% |
| Uitvoerende direkteure | **397 634** | **0,22%** | 481 686 | 0,30% |
| **Totale direkte en indirekte belang** | **20 293 902** | **11,22%** | 19 479 440 | 10,80% |

Verwys na die Korporatiewe Beheerverslag vir inligting rakende belange gehou.

## 24. Rekonsiliasie van wins voor belasting met kontant deur bedrywighede voortgebring

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Wins voor belasting | **319** | 332 | **317** | 322 |
| Nie-kontant aansuiwerings van wins voor belasting na netto kontantvloeie: | **228** | 184 | **221** | 187 |
| Depresiasie | **37** | 38 | **37** | 38 |
| Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **(2)** | (2) | **(2)** | (2) |
| Wins met die verkoop van filiaal | **(3)** | - | **(7)** | - |
| Ander bedryfsinkomste | **(1)** | (2) | **(7)** | (2) |
| Finansieringskoste | **113** | 79 | **113** | 79 |
| Wins vanaf geassosieerdes | **(2)** | (2) | **-** | - |
| Toename in voorsienings en nie-kontant items | **86** | 73 | **87** | 74 |
| Kontant deur bedrywe voortgebring | **547** | 516 | **538** | 509 |

## 25. Verandering in bedryfskapitaal

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Toename in voorraad | **(152)** | (209) | **(157)** | (208) |
| Toename in handels en ander rekeninge ontvangbaar | **(117)** | (110) | **(106)** | (113) |
| (Toename)/afname in agentskapsgraandebiteure | **(63)** | 64 | **(63)** | 64 |
| Afname in handels en ander rekeninge betaalbaar | **(159)** | (192) | **(158)** | (192) |
| Toename in rentedraende bedryfslenings | **248** | 438 | **248** | 438 |
| (Afname)/toename in rentedraende lenings vanaf verwante partye | **(47)** | 61 | **(48)** | 69 |
| Verandering in bedryfskapitaal | **(290)** | 52 | **(284)** | 58 |

## 26. Belasting betaal

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Belasting betaalbaar aan die begin van die tydperk | **(7)** | (20) | **(6)** | (20) |
| Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die begin van die tydperk | **39** | 65 | **39** | 66 |
| Bedrae teen die staat van omvattende inkomste gedebiteer | **(100)** | (123) | **(98)** | (121) |
| Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die einde van die tydperk | **(39)** | (39) | **(39)** | (39) |
| Belasting betaalbaar aan die einde van die tydperk | **15** | 7 | **15** | 6 |
| Belasting betaal | **(92)** | (110) | **(89)** | (108) |

## 27. Dividende betaal

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Bedrae teen ekwiteit gedebiteer | **(45)** | (280) | **(45)** | (280) |
| Dividende betaal | **(45)** | (280) | **(45)** | (280) |

## 28. Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Grond | **(3)** | - | **-** | - |
| Geboue en verbeterings | **(7)** | (14) | **(10)** | (14) |
| Aanleg en toerusting | **(20)** | (26) | **(19)** | (26) |
| Voertuie | **(8)** | (8) | **(8)** | (8) |
| Totale aankope van eiendom, aanleg en toerusting | **(38)** | (48) | **(37)** | (48) |
| Verteenwoordig deur: | **(38)** | (48) | **(37)** | (48) |
| Aankope om bedryfskapasiteit te verhoog | **(21)** | (32) | **(20)** | (32) |
| Aankope om bedryfskapasiteit te handhaaf | **(17)** | (16) | **(17)** | (16) |

## 29. Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Drawaarde van bates verkoop | **1** | 1 | **1** | 1 |
| Wins met verkoop | **2** | 2 | **2** | 2 |
| Opbrengs met verkoop | **3** | 3 | **3** | 3 |

## 30. Bedryfslenings ontvangbaar

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | 2010 R'm |
| Toename in bedryfslenings ontvangbaar | **(3)** | (1) | **(27)** | (1) |

## 31. Onbenutte finansieringsfasiliteite

Die Groep het onbenutte korttermyn leningsfasiliteite van R200 miljoen, wat fasiliteite deur middel van sessies en verpanding van produksiekredietdebiteure asook silobergings- en silohanteringsdebiteure verseker. Die Groep het ook 'n onbenutte finansiële posisie (SPV) van R615 miljoen, wat verseker is deur 'n eerste verband oor silobates. Die Groep het van tyd tot tyd kommoditeitsfinansierings-transaksies aangegaan en het die finansiers 'n onbeperkte aptyt getoon vir die tipe finansiering. Senwes is egter beperk tot die waarde van die kommoditeit en die verskanste afgeleide instrument wat as sekuriteit voorsien kan word.

## 32. Gebeure na rapporteringsdatum

**Die Mededingingskommissie van Suid-Afrika vs. Senwes Beperk**

Die Mededingingskommissie ("die Kommissie") het 'n klagte van beweerde misbruik van dominansie en spesifiek prysdiskriminasie deur Senwes Beperk ("Senwes") na die Mededingingstribunaal ("die Tribunaal") verwys in 2005. In 'n uitspraak op 3 Februarie 2009 het die Tribunaal bevind dat Senwes onskuldig is op die twee klagtes wat vir verhoor deur die Kommissie verwys is.

Gedurende die verloop van die verhoor het die Tribunaal egter uit eie beweging tot die gevolgtrekking gekom en bevind dat Senwes die marges van mededingers in die graanverhandelingsmark onder druk geplaas het, ten spyte daarvan dat die klagte nie ondersoek is of met behoorlike getuienis voor die Tribunaal geplaas is nie. Die oortreding is deur die Tribunaal hanteer in terme van artikel 8(c) van die Wet op Mededinging as 'n sogenaamde "margin squeeze" (margedruk). Die bevinding het nie 'n boete gedra nie.

Senwes het daarna appèl teen die bevinding aangeteken na die Mededingingsappèlhof en daarna ook na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof. Laasgenoemde het op 1 Junie 2011 bevind dat die margedrukklagte nooit deur die Mededingingskommissie ondersoek of verwys is nie en dat die Tribunaal nie by magte was om daaroor te beslis nie. Die Tribunaal het ook gedurende die destydse verhoor nie Senwes se besware om hierdie klagte te oorweeg, ter harte geneem nie en was Senwes nooit in 'n posisie om dit self op 'n billike en volledige wyse te verdedig nie.

Senwes is derhalwe onskuldig bevind op hierdie beweerde oortreding. 'n Bevel vir die koste van die appèl is teen die Kommissie verleen.

# REKENINGKUNDIGE BELEID

**1. Aanbiedingsgrondslag**

Die finansiële state word op die historiese-kostegrondslag opgestel, met uitsondering van afgeleide finansiële instrumente en beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates wat teen billike waardes getoon word. Die drawaardes van verskanste bates en laste word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die verskanste risiko's te weerspieël. Die finansiële state word in rand opgestel en alle waardes tot die naaste miljoen rand (R' 000 000) afgerond, tensy anders aangedui word.

**1.1 Staat van voldoening**

Die finansiële state van die Senwes Beperk, al sy filiale en geassosieerdes (Senwes Groep) is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) soos uitgereik deur die "International Accounting Standards Board (IASB)" en ook ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Maatskappy Wet, 1973 (soos gewysig) wat van toepassing is op maatskappye wat onder IFRS rapporteer.

**1.2 Verandering in rekeningkundige beleid en openbaarmaking**

Buiten vir die aanvaarding van die onderstaande nuwe standaarde en interpretasie van standaarde wat in hierdie finansiële state vanaf 1 Mei 2010 geïmplementeer is, is die rekeningkundige beleid konsekwent toegepas met die van die vorige finansiële jaar.

- *IFRS 3 Besigheidskombinasies (Gewysig)*
  IFRS 3 (Gewysig) stel beduidende veranderinge bekend in die rekeningkundige hantering van besigheidskombinasies na dit effektief raak. Veranderinge affekteer die waardasie van nie-beherende belang, die rekeningkundige hantering van transaksiekoste, die aanvanklike erkenning en daaropvolgende meting van 'n voorwaardelike teenprestasie en besigheidskombinasies wat stuksgewys plaasgevind het. Hierdie veranderinge sal 'n impak hê op die klandisiewaarde erken, die gerapporteerde resultate in die periode waartydens 'n verkryging plaasvind en toekomstig gerapporteerde resultate. Die veranderinge daargestel deur IFRS 3 (Gewysig) affekteer verkrygings of verlies van beheer oor filiale en transaksies met 'n nie-beherende belang na 1 Mei 2010.
- *IAS 27 Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State (Gewysig)*
  IAS 27 (Gewysig) vereis dat 'n verandering in die eienaarskapbelang van 'n filiaal (sonder verlies van beheer) te boek gestel word as 'n transaksie met eienaars in hul kapasiteit as eienaars. Sodanige transaksie sal dus nie aanleiding gee tot klandisiewaarde nie en sal ook nie aanleiding gee tot 'n wins of verlies nie. Die gewysigde standaard verander verder ook die rekeningkundige hantering van verliese gely deur die filiaal sowel as die verlies van beheer oor 'n filiaal. Die wysigings ten opsigte van IAS 27 (Gewysig) affekteer verkrygings of verlies van beheer oor filiale en transaksies met nie-beherende belange na 1 Mei 2010. Die wysigings het geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep nie.

- *IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting - Beskikbare Verskanste Items (Gewysig)*
  Die wysiging verduidelik dat 'n onderneming 'n gedeelte van die billike waarde-veranderinge of kontanvloeiveranderlikheid van 'n finansiële instrument as 'n verskanste item kan aanwys. Dit dek ook die aanwysing van inflasie as 'n verskanste risiko of gedeelte in spesifieke omstandighede. Die wysiging het geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep nie, aangesien die Groep nie enige sodanige verskansings gedoen het nie.
- *IFRIC 17 Distribusie van Nie-kontant Bates aan Eienaars*
  Hierdie interpretasie verskaf leiding ten opsigte van die rekeningkundige hantering van reëling in terme waarvan 'n onderneming nie-kontant bates aan aandeelhouers toedeel as 'n toedeling van reserwes of as dividende. Die interpretasie het geen impak op die finansiële posisie of die prestasie van die Groep nie.
- *IFRIC 18 Oordrag van Bates vanaf Klante*
  Die interpretasie verskaf leiding oor hoe en wanneer 'n onderneming eiendom, masjinerie en toerusting ontvang vanaf klante of kontant vir die verkryging of konstruksie van sodanige items, behoort te erken. Sodanige bates moet dan aangewend word om die klant met 'n netwerk te koppel of om deurlopende toegang tot die verskaffing van goedere of dienste, of beide, te verskaf. Die interpretasie het geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep nie.
- *Verbeteringe tot IFRS (uitgereik in April 2009)* Die IASB het in April 2009 die tweede omnibus wysigings tot die standaarde uitgereik, hoofsaaklik met die oog op die verwydering van onkonsekwenthede en om bewoording duideliker te maak. Daar is afsonderlike transisiebepalings vir elke standaard. Die aanvaarding van die wysigings het nie enige impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep gehad nie.
- *IFRS 2 Aandeelgebaseerde betalings: Groep kontantbetaalde aandeelgebaseerde betalingstransaksies (Gewysig)*
  Die IASB het 'n wysiging tot IFRS 2 uitgereik wat die bestek en die rekeningkundige hantering van Groep kontantbetaalde aandeelgebaseerde betalingstransaksies verduidelik. Hierdie wysiging is effektief vir finansiële jare wat op of na 1 Mei 2010 begin. Dit het nie 'n impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep gehad nie.
- *IAS 32 – Klassifikasie van regte-uitgifte gedoen in 'n buitelandse valuta (Gewysig)*
  Die wysiging tot IAS 32 is effektief vir jaarlikse periodes beginnende op of na 1 Mei 2010 en wysig die definisie van 'n finansiële las ten einde regte-uitgifte (en sekere opsies of waarborge) as ekwiteitinstrumente te klassifiseer in gevalle waar sodanige regte pro rata gegee word aan al die bestaande eienaars van dieselfde klas van 'n onderneming se nie-afgeleide ekwiteitsinstrumente, of om 'n vaste hoeveelheid van die onderneming se eie ekwiteitsinstrumente te bekom vir 'n vaste bedrag in enige valuta. Die wysiging het geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep gehad nie.

**1.3 Nuwe standpunte interpretasie, en aanpassings**

Standaarde wat reeds uitgereik is maar nog nie effektief was op die uitreiking van die Groep se finansiële state nie, word hieronder gelys. Die lys is van standaarde en interpretasies uitgereik, wat die Groep verwag van toepassing sal wees op 'n toekomstige datum. Die Groep is van voorneme om die standaarde te aanvaar wanneer hulle effektief raak.

- *IAS 24 – Verwante party openbaarmaking (Gewysig)*
  Die gewysigde standaard is effektief vir jaarlikse periodes wat begin op of na 1 Januarie 2011. Dit lig die definisie toe van 'n verwante party ten einde die identifisering van sodanige verhoudings te vereenvoudig en om onkonsekwentheid ten opsigte van die toepassing daarvan te elimineer. Die gewysigde standaard stel 'n gedeeltelike vrystelling van openbaarmakingsvereistes vir regeringsverwante ondernemings bekend. Die Groep voorsien nie dat dit enige impak sal hê op sy finansiële posisie of prestasie nie. Vroeë aanvaarding van óf die gedeeltelike vrystelling vir regeringsverwante ondernemings óf vir die volledige standaard is toelaatbaar.
- *IFRS 9 Finansiële Instrumente Klassifikasie en Meting*
  IFRS 9 soos uitgereik reflekteer die eerste fase van die IASB se werk met betrekking tot die vervanging van IAS 39 en het betrekking op die klassifikasie en meting van finansiële bates soos gedefinieer in IAS 39. Die standaard is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Januarie 2013 begin. In Oktober 2010 het die IASB byvoegings uitgereik tot IFRS 9 – Finansiële Instrumente met betrekking tot finansiële laste wat teen billike waarde gemeet word deur 'n onderneming. Die wysigings inkorporeer ook in IFRS 9 die huidige onterkenningsbeginsels van IAS 39. Hierdie verbeteringe het 'n effektiewe datum van 1 Januarie 2013 en vroeër toepassing word toegelaat. In opvolgende fases sal die IASB waardedalingsmetodologie en verskansingsrekeningkunde aanspreek. Die projek sal na verwagting vroeg in 2011 gefinaliseer word. Die aanvaarding van die eerste fase van IFRS 9 sal 'n impak hê op die klassifikasie en meting van die Groep se finansiële bates en laste. Die Groep sal die effek saam met die ander fases kwantifiseer, wanneer dit uitgereik word, ten einde 'n volledige beeld te skep.
- *IFRIC 14 Voorafbetaling van 'n minimum befondsingsvereiste (Gewysig)*
  Die wysiging tot IFRIC 14 is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Januarie 2011 begin, terugwerkend van toepassing. Die wysiging verskaf leiding met betrekking tot die assessering van die verhaalbare bedrag van 'n netto pensioenbate. Die wysiging laat 'n onderneming toe om die voorafbetaling van 'n minimum befondsingsvereiste as 'n bate te hanteer. Daar word nie voorsien dat die wysiging 'n impak op die finansiële state van die Groep sal hê nie.
- *IFRIC 19 Eliminering van finansiële laste deur ekwiteitsinstrumente*
  IFRIC 19 is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Julie 2010 begin. Die interpretasie maak dit duidelik dat ekwiteitsinstrumente wat aan 'n krediteur uitgereik is om 'n finansiële las te elimineer, as teenprestasie kwalifiseer. Die ekwiteitsinstrumente wat uitgereik is, word teen billike waarde gemeet. In gevalle waar dit nie op 'n betroubare wyse gemeet kan word nie, word die instrumente teen die billike waarde van die las wat geëlimineer is, gemeet. Enige wins of verlies word onmiddellik as 'n wins of verlies erken. Die aanvaarding van hierdie interpretasie sal geen effek op die finansiële state van die Groep hê nie.
- *Verbeteringe tot IFRS'e (uitgereik in Mei 2010)*
  Die IASB-uitgereikte verbeteringe tot IFRS, 'n omnibus van wysigings tot IFRS standaarde. Die wysigings is nog nie aanvaar nie aangesien dit effektief raak vir jaarlikse periodes wat begin op of na 1 Julie 2010 of 1 Januarie 2011. Die wysigings word hieronder gelys:
  - IFRS 3 Besigheidskombinasies
  - IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking
  - IAS 1 Aanbieding van Finansiële State
  - IAS 27 Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State
  - IFRIC 13 Klantelojaliteitsprogramme.

  Die Groep verwag egter nie 'n impak op sy finansiële posisie of prestasie weens die aanvaarding van die wysigings nie.
- *IFRS 1 Ernstige hiper-inflasie en verwydering van vaste datums vir eerste-maal aanvaarders (Gewysig)*
  Wysigings tot IFRS 1 Eerste Aanvaarding van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde is in Desember 2010 uitgereik. Die wysigings vervang verwysings na 'n vaste oorskakelingsdatum met "die datum van oorskakeling na IFRS" en sit die vereistes uiteen met betrekking tot hoe 'n onderneming moet begin om sy finansiële state voor te lê in ooreenstemming met IFRS na 'n periode waartydens die onderneming nie daarin kon slaag om aan IFRS te voldoen nie weens die feit dat sy funksionele valuta onderhewig was aan ernstige hiper-inflasie. Die wysigings is effektief vanaf 1 Julie 2011 en vroeër toepassing word toegelaat. Die Groep verwag nie enige impak op sy finansiële posisie of prestasie nie.
- *IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking (Gewysig)*
  Die wysigings verbeter die openbaarmakingsvereistes met betrekking tot die onterkenning van finansiële bates. Daar word van die gebruikers

van finansiële state verwag om die risikoblootstellings met betrekking tot oorgeplaaste finansiële bates en die effek van die risiko's op die finansiële posisie van 'n onderneming te evalueer, veral die risiko's wat versekurering van finansiële bates behels. Die Groep verwag egter nie dat die aanvaarding van die wysigings 'n impak op sy finansiële posisie of prestasie sal hê nie.

- *IAS 12 Uitgestelde Belasting: Vordering van onderliggende bates (Gewysig – Voorheen ED 2010/11)*
  Die wysiging tot IAS 12 Inkomstebelasting is in Desember 2010 uitgereik. Die wysiging verskaf 'n praktiese oplossing tot die probleem om te bepaal of bates gemeet by wyse van die billike waarde model in IAS 40 Beleggingseiendom gevorder word deur gebruik of deur dit te verkoop. Die wysiging is effektief vir jaarlikse periodes wat begin op of na 1 Julie 2011 en vroeër toepassing is toelaatbaar. Daar word nie verwag dat die wysiging 'n impak op die finansiële state van die Groep sal hê nie.
- *IFRS 9 Finansiële Instrumente*
  Die nuwe standaard stel nuwe vereistes vir die klassifisering en meting van finansiële bates bekend. Die nuwe standaard vorm deel van 'n drieledige projek om IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting te vervang. Die Groep beplan om eers die standaard te aanvaar wanneer die ander gedeeltes van die projek beskikbaar is, sodat al die gedeeltes gelyktydig aanvaar kan word. Die Groep is in proses om die impak op die finansiële state te evalueer.
- *IFRS 10 Gekonsolideerde Finansiële State*
  IFRS 10 Gekonsolideerde Finansiële State vestig beginsels vir die aanbieding en voorbereiding van gekonsolideerde finansiële state wanneer 'n onderneming een of meer ander ondernemings beheer. IFRS 10 vervang die konsolidasievereistes in SIC-12 Konsolidasie - Spesiale Doel Entiteite en IAS 27 Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State. IFRS 10 bou voort op bestaande beginsels deur die identifisering van die konsep van beheer as die bepalende faktor in die besluit of 'n onderneming ingesluit behoort te word in die gekonsolideerde finansiële state van die beherende maatskappy. Die standaard voorsien bykomende leiding ten opsigte van die bepaling van beheer waar dit moeilik is om te bepaal. Die Groep is in proses om die impak op die finansiële state te evalueer.
- *IFRS 11 Gesamentlike reëlings*
  IFRS 11 Gesamentlike Reëlings maak voorsiening vir 'n meer realistiese beeld met betrekking tot gesamentlike reëlings deur te fokus op die regte en verpligtinge van die reëling eerder as die regsformaat daarvan (soos wat tans die geval is). Die standaard spreek inkonsekwenthede in die rapportering van gesamentlike reëlings aan deur die daarstelling van slegs een rekeningkundige metode van hantering van belange in gesamentlik beheerde ondernemings. Die Groep is in proses om die impak op die finansiële state te evalueer.
- *IFRS 12 Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite*
  IFRS 12 Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite is 'n nuwe en omvattende standaard met betrekking tot openbaarmakingsvereistes vir alle vorme van belange in ander entiteite, insluitend filiale, gesamentlike ondernemings, geassosieerdes en ongekonsolideerde gestruktureerde entiteite. Die Groep is in proses om die impak op die finansiële state te evalueer.
- *IFRS 13 Billikewaarde-meting*
  IFRS 13 Billikewaarde-meting vestig 'n enkele bron van leiding onder IFRS vir alle billikewaarde-metings wat vir die eerste keer konsekwentheid sal bevorder en kompleksiteit sal verminder – 'n akkurate definisie van billike waarde en openbaarmakingsvereistes vir gebruik ten opsigte van alle IFRS'e. IFRS 13 verander nie wanneer van 'n entiteit verwag word om billike waarde te gebruik nie, maar verskaf eerder leiding oor hoe om billike waarde in terme van IFRS te meet wanneer billike waarde vereis of toegelaat word deur IFRS. Die Groep is in proses om die impak op die finansiële state te evalueer.

**2. Betekenisvolle rekeningkundige beleide**

**2.1 Basis van konsolidasie**

Die gekonsolideerde finansiële state bevat die finansiële state van Senwes Bpk, sy filiale en geassosieerdes soos op 30 April 2011.

**2.1.1 Filiale en spesiale doel entiteite**

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleide uitgeoefen kan word om voordeel uit aktiwiteite te trek of waarin die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Filiale word ten volle gekonsolideer vanaf datum van verkryging, wat die datum is waarop beheer verkry is, tot en met die datum waar beheer oor filiale tot einde kom. Die finansiële state van die filiale is opgestel volgens dieselfde rapporterings datum as die houer maatskappy met dienooreenkomstige rekeningkundige beleide. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen entiteite in die Groep word uitgeskakel asook dividende.

Verliese van filiale word toegeskryf aan die nie-beherende belang selfs al lei dit tot 'n negatiewe saldo. Verandering in die eienaarskap-belang van 'n filiaal sonder die verandering van beheer word as 'n ekwiteitstransaksie te boek gestel.

Spesiale doel entiteite is entiteite waar die Groep die reg hou om beheer oor die entiteite uit te oefen en hulle word in die Groep finansiële state gekonsolideer. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hulle resultate vir die periode in. In die geval van 'n verkryging of 'n verandering in belang gedurende die jaar, word die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer of tot die effektiewe datum waarop effektiewe beheer geëindig het.

Enige voorsienings vir beleggingafskrywings as gevolg van opgehoopte verliese wat in die entiteit ontstaan, word by konsolidasie teruggeskryf. Waar waardedalings plaasvind, word dit teen die betrokke bateklas verantwoord. Belegging in filiale op maatskappyvlak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

**2.1.2 Gesamentlike ondernemings**

Gesamentlike ondernemings is sakeondernemings waarin die Groep, tesame met een of meer ander entiteite, 'n ekonomiese aktiwiteit beoefen wat aan gesamentlike beheer onderworpe is. Die Groep se belang in gesamentlike ondernemings word volgens die metode van proporsionele konsolidasie verantwoord. Die staat van omvattende inkomste, staat van finansiële posisie, staat van kontantvloei en staat van verandering in ekwiteit sluit die Groep se aandeel van inkomste, uitgawes, bates, laste en kontantvloei van hierdie gesamentlik ondernemings op 'n lyn-vir-lyn-grondslag in.

Aanpassings word gemaak in die Groep gekonsolideerde finansiële state om die gedeelte van intergroep transaksies, balanse en ongerealiseerde winste of verliese te elimineer binne die Groep en die gesamentlike ondernemings. Verliese op transaksies word onmiddellik erken indien daar bewyse is dat daar 'n afname in die netto realiseerbare waarde van die bedryfsbates is of 'n waardedaling daarvan. Die gesamentlike onderneming word proporsioneel gekonsolideer tot en met die datum waarop die Groep ophou om gesamentlike beheer daaroor te hou.

**2.1.3 Beleggings in geassosieerdes**

Die Groep se beleggings in geassosieerdes word rekeningkundig verantwoord deur gebruik te maak van die ekwiteitsmetode. 'n Geassosieerde is 'n entiteit waarin die Groep beduidende belang het. Verkryging van beleggings word aangetoon as finansiële bates beskikbaar vir verkoop totdat beduidende beheer verkry is in daardie belegging.

Met die ekwiteitsmetode word die belegging in die geassosieerde gedra in die staat van finansiële posisie teen kosprys plus na-verkrygingsveranderinge in die Groep se aandeel in die netto bates van die geassosieerde. Klandisiewaarde wat verband hou met die geassosieerde is ingesluit in die drabedrag van die belegging en is nie geamortiseer of apart getoets vir waardedaling nie. Die staat van omvattende posisie weerspieël die aandeel van die resultaat van bedrywighede van die geassosieerde. Waar daar 'n verandering direk erken is in die geassosieerde se ekwiteit, erken die Groep hulle belang in enige veranderinge en openbaar dit waar van toepassing, in die staat van verandering in ekwiteit. Ongerealiseerde winste en verliese op transaksies tussen Senwes Bpk en geassosieerdes word geëlimineer tot die omvang van die belang in die geassosieerde.

Die belang in die resultaat van geassosieerdes word ingesluit in die staat van omvattende inkomste. Dit is die resultaat toegestaan aan die ekwiteitshouers van die geassosieerdes en daarom is die resultaat na belasting en nie-beherende belang in die filiale van die geassosieerdes. Veranderinge is gemaak waar die rekeningkundige periode van die geassosieerde nie in oorstemming is met die van die Groep nie.

Na die toepassing van die ekwiteitsmetode, bepaal die Groep of die belegging in die geassosieerde waardedaling ondergaan het. Die Groep bepaal op elke balansstaatdatum of daar enige aanduiding is dat die belegging in die geassosieerde waardedaling ondergaan het. Indien dit die geval is, bereken die Groep die bedrag van die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die geassosieerde en sy drabedrag en erken die bedrag in die staat van omvattende inkomste.

Met verlies van beduidende invloed oor die geassosieerde, word die belegging daarvan erken en gemeet teen billike waarde. Die verskil tussen die drabedrag van die geassosieerde tydens verlies aan beduidende beheer en die billike waarde van die oorblywende belegging asook opbrengs van verkoop daarvan word in wins en verlies erken.

**Ander beleggings**

**2.1.4** Alle beleggings word teen billike waarde erken, insluitend alle direkte toeskryfbare verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word. Na aanvanklike erkenning word beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word, volgens hulle billike waarde aangepas. Winste of verliese voortspruitend uit billike waarde-aanpassings van hierdie beleggings, word direk in ander omvattende inkomste erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, word die opgehoopte wins of verlies wat voorheen in ander omvattende inkomste aangepas is, as deel van netto wins of verlies in die staat van omvattende inkomste ingesluit.

**Buitelandse valuta**

**2.2** **Buitelandse transaksies**

**2.2.1** Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen toepaslike heersende sigkoerse op die transaksiedatums. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word teen toepaslike heersende sigkoerse op finansiële jaareinde in Suid-Afrikaanse rand omgereken. Valutaverskille wat by vereffening of verhaling van sodanige transaksies ontstaan, word in die staat van omvattende inkomste erken.

**Buitelandse bedrywighede**

**2.2.2** Die bates en koste van buitelandse bedrywighede word omgeskakel na die sigkoerse op die rapporteringsdatum. Die inkomste en uitgawes word omskakel teen toepaslike heersende koerse op transaksiedatums. Die valutaverskille voortspruitend uit omskakeling word in ander omvattende inkomste erken. Die gedeelte verantwoord in ander omvattende inkomste word in die inkomstestaat erken met vervreemding van entiteit.

**Eiendom, aanleg en toerusting**

**2.3** Eiendom, aanleg en toerusting word gehou om oor meer as een tydperk ekonomiese voordeel daaruit te genereer en word nie aangekoop om weer verkoop te word nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken. Daarna word dit met verwysing na die kosprys van die bate min opgehoopte depresiasie en waardedalings gemeet.

- Kosprys sluit die koopprys in waar van toepassing invoerheffings, nie-terugbetaalbare verkrygingsbelasting, min kortings, hanteringskoste, leenkoste, installeringskoste, rehabiliteitskoste, koopkoste en vervoerkoste in wat direk aan die inwerkingstelling van die bate toegeskryf is of om die bate na die ligging en nodige toestand te bring vir gebruik.
- Eiendom-, aanleg- en toerustingsitems met 'n kosprys van meer as R5 000 word gekapitaliseer, bates minder as R5 000 word onmiddellik teen inkomste afgeskryf.
- Wins en verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en in bedryfswins verantwoord.
- Wanneer 'n deel van 'n eiendom-, aanleg- en toerusting vervang word, word die vervangde deel nie erken nie, maar afgeskryf as instandhouding in gevalle waar dit deel vorm van die dag tot dag diens van die bate. Nieteenstaande, sal 'n vervangende gedeelte wel as 'n bate erken word sodra die erkenningskriteria nagekom word as 'n individuele bate met 'n spesifieke verwagte lewensduur en waardevermindering.

Die drawaardes van eiendom, aanleg en toerusting word oorweeg vir waardedaling wanneer gebeure of verandering in omstandighede daarop dui dat die drawaardes nie meer verhaalbaar is uit verdienvermoë of realisasie van die bates nie.

Depresiasie word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paaiement-grondslag teen die volgende koerse bereken:

| | % |
|---|---|
| • Grond | - |
| • Geboue en verbeterings | 2,5 - 2,85 |
| • Masjinerie en toerusting | 7,5 - 33,3 |
| • Voertuie | 20 |

Depresiasie begin wanneer 'n bate beskikbaar is vir gebruik, selfs al is dit nog nie in gebruik geneem nie. Elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting met 'n beduidende kosprys vergeleke met die totale kosprys van die item, word afsonderlik gedepresieer. Grond word nie gedepresieer nie omdat dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

Die bruikbare leeftyd en metode van depresiasie en die reswaardes van eiendom, aanleg en toerusting word jaarliks geëvalueer en indien nodig aangepas. Die evaluasie ten opsigte van bruikbare leeftyd en reswaardes van bates kan eers met sekerheid vasgestel word wanneer items van eiendom, aanleg en toerusting die einde van hul leeftyd nader. Evaluasies van bruikbare leeftyd en reswaarde kan 'n groter of kleiner depresiasie-uitgawe tot gevolg hê. Indien die reswaarde van 'n bate gelyk is aan die drawaarde daarvan, sal daar 'n verandering in raming van depresiasie wees.

**2.4 Voorraad**

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir herverkoop in die normale gang van sake om bates vir verkoop te lewer of vir gebruik in produksieprosesse of lewering van dienste. Ingesluit in voorraadkoste is die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit tot die huidige ligging en toestand daarvan te bring, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie by voorraadkoste ingesluit nie, maar erken as 'n uitgawe in die tydperk aangegaan.

Ingesluit in produksiekoste, is koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en direkte koste soos direkte lone, salarisse en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksiebokoste gegrond op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Die kosprys van handelsvoorraad word volgens die metode van geweegde gemiddelde koste bepaal, tensy dit as gevolg van die voorraad se kenmerke toepaslik is om 'n ander basis te gebruik. Voorraad se kospryse wat op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste bepaal word, is soos volg:

- Meganisasie heelwerktuie — Aankoopprys
- Graankommoditeite — Aanvanklike kontrakprys en daarna billike waarde
- Ander voorraad — Eerste in, eerste uit (EIEU)

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake min geraamde koste wat nodig is om die verkoop te beklink. Die koste van voorraad word gemeet op grond van hulle kenmerkende eienskappe, wat betref hulle aard en gebruik.

**2.5 Agentskapsgraandebiteure**

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings namens derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en is deur derde partye betaalbaar by lewering van landbouprodukte. Dit sluit in verkope met betrekking tot verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien.

**2.6 Belasting**

***Inkomstebelasting***

Die inkomstebelasting bate of aanspreeklikheid vir die huidige rapporterings periode word gemeet en erken teen die verwagte bedrag ontvangbaar vanaf of betaalbaar aan die belasting owerhede. Die belastingkoerse en belasting wetgewings gebruik in die berekening van die bedrag is volgens die nodige wetgewing wat van toepassing is of sal word. Die koerse en wetgewings sal van toepassing wees vir die lande waarin die Groep handeldryf.

Inkomstebelasting wat van toepassing is op items wat direk in ekwiteit erken is word die toepaslike belasting ook so erken en nie in die staat van omvattende inkomste nie. Bestuur evalueer op 'n deurlopende basis die posisie wat ingeneem is in die belasting opgawes in terme van situasies waar die betrokke belasting owerhede belasting wetgewing en regulasies toepas op grond van interpretasies. Bestuur sal diensooreenkomstig voorsienings daarvoor skep.

***Uitgestelde belasting***

Voorsiening vir uitgestelde belasting ten opsigte van tydelike verskille wat tussen die belastingbasisse van bates en laste en hulle drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes ontstaan, word gemaak deur die heersende belastingkoers op die jaareinde toe te pas. Die aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word met enige verandering in die inkomstebelastingkoers aangepas.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op waardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging. Uitgestelde belastingbates voortspruitend uit alle aftrekbare tydelike verskille word beperk tot die mate dat toekomstige belasbare inkomste waarskynlik beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille benut kan word.

Die drabedrag van uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum geëvalueer en aangepas tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat toereikende belasbare wins beskikbaar sal wees om dit moontlik te maak dat 'n deel van of die hele uitgestelde belastingbate benut word nie. Nie-erkende uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum opnuut geraam en word erken in die mate dat dit waarskynlik geword het dat toekomstige belasbare inkomste dit moontlik sal maak om die uitgestelde belastingbate te verhaal.

***Belasting op Toegevoegde Waarde***

Inkomste, uitgawes en bates word erken netto van die bedrag van belasting op toegevoegde waarde behalwe:

- Waar die waarde van belasting op toegevoegde waarde aangegaan is op aankope van bates of dienste wat nie verhaal kan word van die belasting owerhede, waar dit in daardie gevalle as deel van die kosprys van die bate of deel van die uitgawe erken word; asook
- Debiteure en krediteure wat aangetoon word teen bedrae wat belasting op toegevoegde waarde insluit.

Die netto bedrag van belasting op toegevoegde waarde terugeisbaar vanaf, of betaalbaar aan die belasting owerhede is ingesluit in die debiteure en krediteure in die balansstaat.

**2.7 Verpligting ten opsigte van langtermyn werknemervoordele**

**2.7.1 Aftreeverpligting**

Die aftreeverpligting behels 'n omskrewe bydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956, en die bates word deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die maatskappy, deelnemende filiale asook personeel. Bydraes word in die staat van omvattende inkomste erken in die periode waarin dit aangegaan word. Omrede die fondse omskrewe bydraefondse is, word enige onder-befondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal tot benede dié van die bydraes deur lede geabsorbeer by wyse van verlaagde voordele. Gevolglik dra die Groep geen addisionele blootstelling ten opsigte van die aftreeverpligting.

**2.7.2 Na-aftrede-mediesesorgverpligting**

Voorsiening vir toekomstige koste van na-aftrede mediese verpligting word teen inkomste gemaak, gegrond op 'n jaarlikse onafhanklike aktuariële waardasie. Aktuariële winste en verliese word erken in die jaar waarin dit ontstaan. Op die verslagdoeningsdatum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop gegrond op sekere aanvaarde aannames.

**2.7.3 Aandeelgebaseerde betalingstransaksie**

Sleutelpersoneel van die Groep ontvang vergoeding vir dienste gelewer in die vorm van aandeelgebaseerde betalingstransaksies as deel van 'n aandele appresiasieskema (kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie).

Die koste vir die kontantgebaseerde transaksie word oorspronklik gemeet teen billike waarde vanaf die datum toegeval deur gebruik te maak van ekonomiese vooruitskattingsmodel. Die model neem die terme en voorwaardes in ag volgens aantekening 13. Die billike waarde word as uitgawe erken oor die periode tot en met vestiging van die aandeelwaardestygingsregte. Die verpligting word ook oor die tydperk tot en met vestiging, in verhouding tot die uitgawe voorsien. Die Groep raam die verpligting na billike waarde op elke verslagdoeningsdatum en op die datum van vereffening, en elke verandering in billike waarde word erken in die staat van omvattende inkomste.

**2.8 Korttermyn werknemersvoordele**

Hierdie sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige personeel en word teen inkomste gedebiteer in die tydperk waarin dit aangegaan word. ’n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van aansporingsbonusse wanneer wetlike of konstruktiewe verpligting bestaan en ’n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

’n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae wat opgehoop is, omgeskakel na ’n randwaarde op jaareinde, gegrond op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word teen inkomste in die staat van omvattende inkomste verreken.

’n Voorsiening word geskep ten opsigte van opgelope normale dertiende tjek bonusse omdat pro rata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeellid se normale gekose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as ’n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is om die pos voor die werknemer se normale aftrede af te skaf of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs ’n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

**2.9 Inkomste erkenning**

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteite as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, maar slegs in die mate dat invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde. Inkomste word teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is, getoon. Intergroepverkope word geëlimineer op groepsvlak.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenlike risiko’s en vergoeding vir eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra word en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele van die transaksie na die onderneming sal vloei. Inkomste uit agentskapsgraandebiteure word op ’n tydsverhoudingsgrondslag erken na gelang dienste gelewer word. Inkomste uit dienste gelewer word erken deur die stadiums van voltooiing op die balansstaatdatum in ag te neem en/of indien die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word die inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

By graanverkoopstransaksies word prysrisikoblootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Indien die doelwit dus verskansing is, eerder as lewering aan Safex, word hierdie transaksies uit inkomste geëlimineer.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word uit inkomste geëlimineer omdat die aard daarvan ooreenstem met agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word as inkomste verantwoord.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

**2.10 Finansiële bates, -instrumente en billike waarde**

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, ’n kontraktuele reg om kontant te ontvang of enige ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken indien ’n verpligting bestaan om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting ’n kontraktuele verpligting is om kontant of enige ander finansiële bate of ’n finansiële instrument aan ’n ander entiteit oor te dra.

**2.10.1 Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies**

Dit sluit in finansiële bates wat met aanvanklike erkenning aangewys is as finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies asook finansiële bates gehou vir verhandeling. Erkenning van die finansiële bates is teen billike waarde en verandering in die waarde daarvan word in die staat van omvattende inkomste erken. Finansiële bates word geklassifiseer as gehou vir verhandeling indien dit verkry is met die doel om dit in die nabye toekoms te verkoop. Die Groep het nie enige finansiële bates met aanvanklike erkenning aangewys as teen billike waarde deur wins of verlies nie.

**2.10.2 Gehou-tot-verval-beleggings**

Gehou-tot-verval-beleggings is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings en vaste vervaldatums en ’n definitiewe voorneme en vermoë bestaan om dit tot vervaldatum te hou. Winste en verliese word erken in inkomstestaat wanneer die beleggings onterken word of waardedaling erken word, sowel as wanneer bates geamortiseer word.

**2.10.3 Lenings en debiteure**

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie in ’n aktiewe mark gekwoteer word nie. Dit word in bedryfsbates ingesluit. In die geval van vervaldatums langer as twaalf maande na die staat van finansiële posisiedatum, word dit as nie-bedryfsbates geklassifiseer. Lenings en debiteure word as handels- en ander debiteure geklassifiseer, en as ander debiteure gefinansier deur ’n kommersiële finansierder, in die balansstaat ingesluit. Lenings en debiteure word aanvanklik teen billike waarde erken. By die daaropvolgende meting word debiteure teen geamortiseerde koste volgens die effektiewe rentekoersmetode waardeer. Dit sluit in die oorspronklike fakturering min enige voorsienings as gevolg van waardedalings.

Lenings aan filiale, geassosieerde en gesamentlike ondernemings word aanvanklik teen kosprys plus transaksiekoste, indien van toepassing, erken. Afbetalingsooreenkomste en termynlenings word erken teen die bruto waarde van uitstaande paaiemente min onverdiende finansieringskoste en word dus as drabedrag van die ooreenkoms geopenbaar. Paaiemente word verdeel tussen finansieringskoste en die kapitaaldelging van die uitstaande verpligting.

**2.10.4 Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop**

Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop is nie-afgeleide instrumente wat óf in hierdie kategorie aangewys word, óf nie in enige van die ander kategorieë geklassifiseer word nie. Na aanvanklike erkenning word finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop gemeet teen billike waarde waar

ongerealiseerde winste en verliese erken word in ander omvattende inkomste totdat die belegging onterken word of bepaal word dat waardedaling op die belegging plaasgevind het, waar die opgelope winste of verlies erken word.

Finansiële bates word aanvanklik waardeer teen billike waarde plus transaksiekoste. Transaksiekoste ten opsigte van finansiële bates geklassifiseer teen billike waarde deur wins of verlies word as 'n uitgawe hanteer. Transaksiekoste is inkrementele koste wat direk toeskryfbaar is aan die aankoop van die finansiële bate, dit wil sê koste wat nie aangegaan sou word indien die bate nie aangekoop was nie. Finansiële bates word onterken sodra die reg om kontantvloei uit beleggings te ontvang, verval of oorgedra is en die Groep substansieel alle risiko en opbrengs van eienaarskap oorgedra het.

**2.11 Afgeleide finansiële instrumente**

Die Groep gebruik afgeleide instrumente by die bestuur van besigheidsrisiko's. Dit word aanvanklik teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken (wat die billike waarde op daardie datum is) en daarna teen billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, word bepaal deur die aard van die item wat verskans word. Die Groep erken sekere finansiële instrumente as:

- Verskansing van die blootstelling aan veranderinge in die billike waarde van 'n erkende bate of las of 'n nie-erkende vaste verbintenis (billike waarde skans); of
- Verskansing van die blootstelling van die verandering in kontantvloeie wat toeskryfbaar is aan 'n bepaalde risiko wat geassosieer is met 'n erkende bate of las of hoogs waarskynlike vooruittransaksie (kontantvloeiskans).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as billike waarde skanse kwalifiseer, en hoogs effektief is, word in die staat van omvattende inkomste verantwoord tesame met enige verandering in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat aan die verskansingsrisiko toeskryfbaar is en word dus effektief met mekaar verreken. Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as kontantvloeiskanse kwalifiseer, en ook hoogs effektief is, word in ander omvattende inkomste verantwoord. Die oneffektiewe gedeelte van 'n kontantvloeiskans word onmiddellik in die staat van omvattende inkomste erken. Indien die vooruittransaksie tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die wins of verlies wat vroeër in ander omvattende inkomste uitgestel is, uit ekwiteit oorgeplaas en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae wat in ander omvattende inkomste uitgestel is na die staat van omvattende inkomste oorgeplaas en as inkomste of uitgawe geklassifiseer in dieselfde periode wat die verskanste vaste verbintenis of vooruittransaksie die staat van omvattende inkomste beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IAS 39 kwalifiseer nie, word onmiddellik in die staat van omvattende inkomste erken. Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien 'n skans nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstip in ander omvattende inkomste bestaan in ander omvattende inkomste behou en erken wanneer die vooruittransaksie finaal in die staat van omvattende inkomste erken word. Indien verwag word dat 'n vooruittransaksie nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies waarvan verslag gedoen word onmiddellik na die staat van omvattende inkomste oorgeplaas.

By die ontstaan van die transaksie dokumenteer die Groep die verhouding tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuursdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. As deel van hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en verpligting of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruittransaksies toegewys. Die Groep dokumenteer ook waardasies, by ontstaan en deurlopend, om te bepaal of die afgeleide instrument wat in verskansingstransaksies gebruik word wel hoogs effektief is om die veranderinge in billike waarde of kontantvloei van die verskanste items te verreken.

**Kommoditeitstermynkontrakte**

Die Groep tree op in verskeie oor die toonbank (ODT) vooruit koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van kommoditeite. Alhoewel sekere kontrakte deur die fisiese lewering of aflewering in die normale besigheidsaktiwiteite gedek word, word die ODT-kontrakte as 'n finansiële instrument geag. Dit word ingevolge IAS 39 teen billike waarde, waar die Groep 'n lang geskiedenis het van netto afhandeling (óf met die ander party, óf om in ander verrekeningskontrakte in te tree), te boek gestel.

**Verrekening**

Indien 'n wetlike reg op verrekening vir erkende finansiële bates en laste bestaan en indien beoog word om die betrokke bates en laste gelyktydig of op 'n netto grondslag te vereffen, word die bedrae verreken. Finansiële instrumente waartoe die Groep 'n party is, word in aantekening 21 geopenbaar.

**2.12 Kontant en kontantekwivalente**

Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit kontant op hande, korttermyn deposito's en oortrokke banksaldo's in. Oortrokke banksaldo's en korttermynlenings word as bedryfslaste getoon. Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

**2.13 Bedryfshure**

Hure ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting waar al die wesenlike risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg op 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure, word op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak in die staat van omvattende inkomste erken. Toekomstige eskalasies ingevolge huurkontrakte word bereken en die gemiddelde huuruitgawe word in gelyke bedrae oor die huurtermyn erken, slegs indien 'n vaste eskalasiekoers kontraktueel ooreengekom is.

**2.14 Waardedaling van bates**

Alle kategorieë bates word by verslagdoening met die oog op waardedalings heroorweeg.

**Handels en ander rekeninge ontvangbaar**

Rekeninge ontvangbaar word teen 'n verwagte realiseerbare waarde getoon; wat die oorspronklike gefaktureerde bedrag is minus enige voorsienings geskep deur middel van waardedalings. 'n Waardedalingsvoorsiening word bereken indien bewyse bestaan dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van toekomstige kontantvloeie is (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blootgestel nie), verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die finansiële bate soos by die erkenning van die bate bereken. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit plaasvind of geïdentifiseer word.

**Nie-finansiële bates**

Op elke verslagdoeningsdatum oorweeg die Groep of enige aanduidings van 'n waardedaling van 'n bate bestaan. Indien so 'n aanduiding bestaan, maak die Groep 'n raming van die verhaalbare bedrag van die bate. Die verhaalbare bedrag van 'n bate of die kontant genererende

eenheid, waarin dié bate en ander bates gebruik word, is die hoogste van die billike waarde min verkoopskoste of die gebruikswaarde daarvan. Indien die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag oorskry, word die waardedaling bepaal en die drabedrag tot die verhaalbare bedrag afgeskryf. Indien die gebruikswaarde bepaal word, word die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer tot 'n huidige waarde deur middel van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en spesifieke risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywe word in die staat van omvattende inkomste erken.

Indien 'n aanduiding bestaan dat voorheen erkende waardedalingsverliese nie meer bestaan nie of dat dit kleiner geword het, word 'n raming van die verhaalbare bedrag van die betrokke bate, uitgesluit klandisiewaarde, weer gemaak en indien nodig word die waardedaling tot die verhaalbare bedrag teruggeskryf. Die terugskrywing mag nie tot gevolg hê dat die drawaarde hoër is as wat dit sou wees as 'n waardedaling nie voorheen ten opsigte van die bate aangebring was nie. Na so 'n terugskrywing word die depresiasie uitgawe in toekomstige tydperke aangepas om die aangepaste drabedrag van die bate, min die oorblywende waarde daarvan, stelselmatig oor die oorblywende bruikbare leeftyd toe te deel.

**Debiteure en bedrae ontvangbaar**

'n Raming word op elke balansstaatdatum gemaak om te bepaal of objektiewe bewys bestaan dat waardedaling ten opsigte van 'n finansiële bate of Groep finansiële bates plaasgevind het. Objektiewe bewys van waardedaling sluit in waarneembare gegewens wat in verband met die bate onder die aandag van die Groep kom as gevolg van die volgende potensiële verliesgebeurtenisse:

- Finansiële agteruitgang; of
- Kontrakbreuk, soos wanbetaling en agterstalligheid; of
- Waarskynlikheid dat die lener met insolvensiestappe of ander finansiële reorganisasie sal begin; of
- Verdwyning van 'n aktiewe mark vir daardie finansiële bate weens finansiële onsekerhede; of
- Aanduidings dat 'n meetbare afname in die geraamde toekomstige kontantvloei uit die Groep finansiële bates sedert die aanvanklike erkenning van daardie bates plaasgevind het.

Waardedaling word bepaal as die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag. Die waardedaling word bereken op 'n basis van toekomstige kontantvloei te verdiskonteer na 'n huidige waarde teen 'n geweegde gemiddelde koers waarteen 'n finansiële debiteur of groep debiteur gekontrakteer word.

**2.15 Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede**

**Voorsienings en ander aanspreeklikhede**

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is en dus om dié rede van ander krediteure onderskei. Voorsienings word slegs erken as:

- 'n Huidige afgeleide of wetlike verpligting bestaan weens 'n vorige gebeurtenis;
- Uitvloei van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- Betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word gemeet teen die beste raming van die vereiste uitgawe om die huidige verpligting na te kom op die balansstaatdatum. Voorsienings word in aantekening 16 geopenbaar.

Aanspreeklikhede is huidige verpligtinge voortspruitend uit vorige gebeure wat, indien nagekom, na verwagting tot gevolg sal hê dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloei en word onmiddellik verantwoord ná die gebeurtenis wat die verpligting laat ontstaan het. Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die staat van finansiële posisie.

**Voorwaardelike aanspreeklikhede**

Voorwaardelike aanspreeklikhede is moontlike verpligtinge voortspruitend uit vorige gebeure waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onseker toekomstige gebeurtenisse wat buite die volle beheer van die onderneming is, plaasvind of nie plaasvind nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting voortspruitend uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- Dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloei van ekonomiese middele sal plaasvind; en/of
- Die bedrag nie betroubaar gemeet of geraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie erken nie maar bloot by wyse van 'n aantekening in die finansiële state geopenbaar. (Sien aantekening 18.)

**2.16 Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywe**

'n Beëindigde bedryf is 'n komponent van 'n entiteit wat óf vervreem óf geklassifiseer as gehou-vir-verkoop en:

- Verteenwoordig 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede;
- Is deel van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede te vervreem; of
- Is 'n filiaal wat met die uitsluitlike doel om dit te verkoop, verkry is.

'n Item word geklassifiseer as gehou-vir-verkoop as die drabedrag daarvan hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie in plaas van voortgesette gebruik verhaal sal word. By beëindiging word die na-belaste wins of verlies in die staat van omvattende inkomste getoon.

**2.17 Segmentverslagdoening**

Die Groep se primêre formaat vir segmentverslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Kredietverskaffing, Insetverskaffing, Marktoegang, Diverse bedrywe en Korporatiewe items.

- Intersegmentele oordragte: segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armlengtebasis maar word by konsolidasie geëlimineer.
- Segmentinkomste en -uitgawes: Inkomste en uitgawes wat direk met segmente verband hou, word spesifiek aan daardie segmente geallokeer.
- Segmentbates: sluit alle bedryfsbates wat deur 'n segment gebruik word in, met inbegrip van hoofsaaklik kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings.
- Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligtinge in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

**2.18 Leenkoste**

Leenkoste toegeskryf aan verkryging, konstruksie of produksie van 'n bate wat gewoonlik 'n substansiële tyd vat om gereed te maak vir sy beplande gebruik of verkope, word gekapitaliseer as deel van die koste van die verwante bates. Alle ander leenkoste word as uitgawes erken in die periode wat hulle aangegaan word. Leenkoste bestaan uit rente en ander uitgawes wat 'n entiteit aangaan in verband met die leen van fondse.

**2.19 Rentedraende lenings en skuld**
Alle lenings en skuld word aanvanklik erken teen die billike waarde van die bedrag ontvang ingesluit direk toeskryfbare transaksiekoste. Na erkenning word rentedraende lenings en skuld gevolglik getoon teen geamortiseerde koste deur die effektiewe rentemetode te gebruik. Winste en verliese word in die staat van omvattende inkomste getoon wanneer die laste nie meer as laste erken word nie, asook deur die amortisasieproses.

**3. Wesenlike rekeningkundige oordeel en ramings**
Tydens die voorbereiding van die Groep gekonsolideerde finansiële state word daar vereis dat bestuur oordeel gebruik ten opsigte van ramings en oorwegings wat die bedrae van inkomstes, uitgawes, bates en laste, asook die openbaarmaking van voorwaardelike aanspreeklikhede kan beïnvloed. Onsekerhede rakende die oordeel en ramings kan die resultate wesenlike veranderings in die finansiële state tot gevolg hê.

**3.1 Oordeel en ramings**
Die kern van ramings rakende die toekoms en ander sleutelkenmerke op die Groep en finansiële state wat wesenlike invloed op die gerapporteerde bedrae van inkomste,uitgawe,bates en laste, voorwaardelike aanspreeklikhede, asook toekomstige verslagdoeningstydperke kan veroorsaak, word verder na verwys.

**3.2 Aandeelgebaseerde betalings**
Die Groep bepaal die koste van kontant vereffende aandeelgebaseerde transaksies vir sekere werknemers deur verwysing na billike waarde op die uitreikingsdatum deur gebruik te maak van 'n ekonomiese vooruitskattingsmodel. Hierop word die terme en voorwaardes wat tydens uitreiking van toepassing was ook in berekening gebring. Die billike waarde word te boek gestel as 'n uitgawe oor die periode totdat dit vestig op daardie stadium. Daarteenoor word die verpligting ook erken in die staat van finansiële posisie. Die verpligting word gemeet met elke balansstaatdatum insluitende die vereffenings- veranderings soos erken in die wins en verlies.

**3.3 Voorsiening vir na-aftrede mediese verpligtinge**
Die koste van na-aftrede mediese verpligtinge word beoordeel deur gebruik te maak van aktuariële waardasies. Aannames rakende die diskontokoerse, sterftevoordeelkoerse en toekomstige stygings is ingesluit in die aktuariële waardasie. Alle aannames word hersien teen elke rapporteringsdatum. Met die bepaling van toekomstige diskontokoerse neem bestuur die rentekoers van staatseffekte op daardie stadium in ag. Sterftevoordeelkoerse is gebaseer op die beskikbare publieke sterftevoordeeltabelle. Toekomstige stygings is gebaseer op die verwagte toekomstige stygings in toelae.

**3.4 Billike waarde van finansiële instrumente**
Waar die billike waarde van finansiële bates en laste verantwoord is in die staat van finansiële posisie en daar nie 'n aktiewe mark bestaan vir die waarde daarvan nie, is toepaslike waardasietegnieke gebruik asook verdiskonteerde kontantvloeimodelle. Die insette in daardie modelle word geneem uit bestaande markte waar beskikbaar, indien dit nie beskikbaar was nie, is oordeel gebruik in die vasstelling van waardes. Die ramings en oordele neem insette rakende likiditeits -, krediet- en ander risiko's in ag. Veranderings in hierdie ramings rakende die faktore kan die billike waarde van die finansiële instrumente beïnvloed.

**3.5 Voorsiening vir slegte skulde**
'n Besluitnemingsraamwerk is geïmplementeer. Debiteure word getoon teen 'n verwagte realiseerbare waarde wat die oorspronklike gefaktureerde bedrag, is minus enige voorsienings gemaak as gevolg van waardedalings. 'n Waardedalingsvoorsiening sal bereken word waar daar genoeg aanduidings is dat die Groep nie uitstaande bedrae vanaf die debiteure kan verhaal nie, soos uiteengesit in die oorspronklike kredietterme. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die huidige waarde is van n toekomstige kontantinvloei (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie openbaar nie),verdiskonteer teen die finansiële bates se oorspronklike effektiewe koers van rente, soos bereken met die erkenning van die bate. Slegte skuld word afgeskryf in die jaar wat dit ontstaan of geïdentifiseer word.

**3.6 Voorsiening vir stadigbewegende voorraad**
Voorraad word waardeer teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. Voorsienings word gemaak teen handelsvoorrade volgens die ouderdom en realiseerbaarheid van voorraad.

**3.7 Inkomstebelasting en uitgestelde belastingvoorsienings**
Uitgestelde belastingbates word erken vir alle ongebruikte belastingverliese tot die mate wat die waarskynlikheid bestaan dat belasbare winste daarteen verreken kan word.

**3.8 Voorsiening vir nie-nakoming van voorseisoen graankontrakte**
Berekenings met die volgende vernaamste aannames:
- Wanbetalingskoers ten opsigte van huidige lewerings geëkstrapoleer uit die totale blootstelling.
- 'n Vaste verhalingskoers ten opsigte van wanbetalings.
- Kompenserende finansiële instrumente


**3.9 Waardedaling vir nie-finansiële bates**
'n Waardedaling ontstaan wanneer die drabedrag van 'n bate of kontantgenererende eenheid die vervangbare bedrag oorskry, wat hoër is as die billike waarde minus verkoopskoste en sy gebruikswaarde. Die billike waarde minus verkoopskosteberekening word gebaseer op beskikbare data van bindende verkoopskontrakte in 'n armlengtetransaksie van soortgelyke bates of volgbare markpryse minus inkrementele koste vir die verspreiding van die bates. Die gebruikswaardeberekening is gebaseer op n verdiskonteerde kontantvloeimodel. Die kontantvloeibedrae word verkry vanaf die begroting vir die volgende vyf jaar en sluit nie herstruktureringbedrywighede in waartoe die Groep homself nog nie verbind het nie of beduidende toekomstige beleggings wat die bates se prestasie sal verbeter om kontantgenererende eenheid te toets. Die vervangbare bedrag is baie sensitief ten opsigte van die verdiskonteringskoers gebruik vir die verdiskonteerde kontantvloeimodel asook die verwagte toekomstige kontant invloei en die groeikoers gebruik vir ekstrapolêre doeleindes.


Senwes

# AFDELING 4

## *AANDEELHOUER AANGELEENTHEDE*











Anton Botha en sy vrou, Lucia, van die plaas *Mc Graths Park* by Bultfontein. Anton sê as landbouprodusente saamwerk deur hul infrastruktuur beskikbaar te stel, word plattelandse gemeenskappe se probleme opgelos. Bultfontein se distrikslandbou-unie het al 'n paar suksesvolle gemeenskapsprojekte só voltooi.

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## SENWES BEPERK

***(Registrasienommer 1997/005336/06)***

*("DIE MAATSKAPPY")*

| **Belangrike rekorddatums vir alle aandeelhouers:** | **2011** |
|---|---|
| **Indiening van volmagvorms vir stemming by die algemene jaarvergadering (ook elektroniese indiening)** | **24 Augustus om 11:00** |
| **Om vir die dividend te kwalifiseer** | **26 Augustus om 11:00** |
| **Datum van algemene jaarvergadering** | **26 Augustus om 11:00** |

'n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat en te stem.

Die volmagvorm wat hierby ingesluit is, moet vir dié doel gebruik word en moet ingehandig word by die geregistreerde kantoor van die maatskappy voor of op 24 Augustus 2011 om 11:00 per pos, faks of elektroniese indiening, ooreenkomstig die vereistes vervat in die kennisgewing.

**KENNIS GESKIED HIERMEE dat die vyftiende Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers van die Maatskappy op Vrydag, 26 Augustus 2011 om 11:00 in Kamer A, Konferensiesentrum, Senwes Hoofkantoor, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp gehou sal word om die onderstaande aangeleenthede te handel:**

**Belangrike definisies:**

Aandeelhouers word geadviseer dat in hierdie kennisgewing, die volgende woorde soos hieronder uiteengesit sal beteken:

| | |
|---|---|
| "die Wet" | Die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig; |
| "die Statuut" | Die Akte en Statuut van die Maatskappy, soos gewysig en goedgekeur op 25 Augustus 2005; |
| "die Direksie" | Die raad van direkteure van die Maatskappy; |
| "die Maatskappy" | Senwes Beperk; |
| "die Aandeelhouers" | Die geregistreerde aandeelhouers of lede van die Maatskappy soos aangedui in die aandeelhouersregister van tyd tot tyd. |

### A. Voorlegging van direksieverslag en jaarlikse finansiële state soos ondersteun deur die ouditkomiteeverslag

Om die volgende aan die vergadering voor te lê –
- Die direksieverslag en geouditeerde jaarlikse finansiële state van die Maatskappy vir die periode geëindig 30 April 2011*, en
- Die Ouditkomiteeverslag

soos goedgekeur deur die Raad van Direkteure.

(* 'n afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is op versoek beskikbaar van die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy)

### B. Gewone besluite

*(Gewone besluite vereis goedkeuring van 50% (vyftig persent) van die stemreg uitgeoefen ten opsigte van elke besluit)*

1. **Gewone besluit nommer 1: Heraanstelling van ouditeure**
Besluit om die heraanstelling van die ouditeure, Ernst & Young, goed te keur tot die volgende algemene jaarvergadering.

2. **Gewone besluit nommer 2: Goedkeuring van ouditeursvergoeding**
Besluit om die ouditeursvergoeding soos uiteengesit in die finansiële state (bladsy 84 – aantekening 23.6), goed te keur.

3. **Gewone besluit nommer 3: Aanstelling van die Ouditkomitee**
Besluit om die volgende nie-uitvoerende direkteure as lede van die maatskappy se Ouditkomitee aan te stel. Die Ouditkomitee sal bestaan uit die volgende vyf nie-uitvoerende direkteure, waarvan drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is soos vereis in terme van die Wet:

| Name* | Kwalifikasies |
| --- | --- |
| Z (Zarina) Bassa** | B.Rek, GR (SA) |
| SF (Steve) Booysen** | M Compt (UNISA), Dcom (Rek) UP, CA (SA) |
| JBH (James) Botha** | BLC, LLB, Dip (Belasting) |
| AJ (Dries) Kruger | Hons.B.Compt, GR (SA) |
| JDM (Danie) Minnaar | B.Com |

(*in alfabetiese volgorde)
(** onafhanklike nie-uitvoerende direkteure)

**4. Gewone besluit nommer 4: Algemene magtiging om aandele toe te ken en uit te reik**
Besluit dat, as 'n algemene magtiging soos bedoel in artikel 3.2 van die Statuut, maar onderhewig aan die noteringsvereistes van die JSE Beperk (indien van toepassing) en die Wet, 10% (tien persent) van die Maatskappy se goedgekeurde maar onuitgereikte aandelekapitaal, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die Maatskappy geplaas word, totdat die magtiging herroep word by wyse van 'n verdere besluit, om sodanige aandele uit te reik en toe te ken aan sodanige persone en op sodanige terme en voorwaardes as wat die direkteure in hul uitsluitlike diskresie mag goeddink.

**5. Gewone besluit nommer 5: Bevestiging van 'n finale dividend**
Besluit om die aanbeveling van die Direksie dat 'n dividend van 25 sent per aandeel verklaar word, goed te keur in terme van artikel 38.1 van die Statuut. (In terme van Artikel 38.7 van die Maatskappy se Statuut, mag die Algemene Vergadering nie 'n groter dividend as wat die direksie aanbeveel het, verklaar nie).

(Nota: Dividende sal op 9 September 2011 betaal word aan aandeelhouers as sodanig geregistreer op die rekorddatum van 26 Augustus 2011)

## Gewone besluite 6 en 7: verkiesing van direkteure en bevestiging van aanstellings

**6. Verkiesing van nie-uitvoerende direkteure**
Die Direksie bestaan tans uit 13 direkteure. Aandeelhouers word dus ook versoek om direkteure verkies in die plek van die nie-uitvoerende direkteure wat in terme van die rotasiebepalings van die Statuut op die vergadering uittree. Aandeelhouers word ook versoek om die aanstellings van Zarina Bassa en Steve Booysen as addisionele nie-uitvoerende direkteure te bekragtig.

In terme van die Statuut moet Mnre. Johan Alberts, Dries Kruger, Danie Minnaar en WH van Zyl volgens die rotasiebeleid uittree. Beide Mnre. Alberts en Van Zyl is nie beskikbaar vir herverkiesing nie en sal permanent uittree. Mnre. Dries Kruger en Danie Minnaar is beskikbaar vir herverkiesing vir 'n verdere dienstermyn en is, as uittredende direkteure, outomaties genomineer vir die bestaande vakatures op die direksie.

In terme van artikel 30.7 van die Statuut is die aandeelhouers ook geregtig om persone anders as die uittredende direkteure te nomineer. Mnr Jaco Minnaar is derhalwe op dié wyse deur aandeelhouers genomineer.

In terme van artikel 30.7 moet die aandeelhouers 3 (drie) direkteure verkies vir die drie vakatures op die Direksie.

### Die genomineerde kandidate (in alfabetiese orde) is soos volg:

i) Dries Kruger
ii) Danie Minnaar
iii) Jaco Minnaar

**6.1 Besluit nommer 6.1**: Besluit om Mnr AJ Kruger te herkies as nie-uitvoerende direkteur.

### Verkorte curriculum vitae:

| | |
| --- | --- |
| **Volle name en van:** | Andries Jacobus Kruger (Dries) |
| **Adres:** | Presidentstraat 41, Posbus 206, Kroonstad, 9500 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 1 Junie 1951, 60 jaar |
| **Diensjare:** | 3 jaar en 7 maande |
| **Kwalifikasies:** | Hons. B Compt, GR/CA(SA), Professionele Waardeerder |
| **Ondervinding/vorige posisies:** | Geregistreerde Ouditeur en Rekenmeester, wat sedert 1976 in Kroonstad praktiseer. Dries spesialiseer in boerderyondernemings en boedelbeplanning.<br><br>Dries was 'n lid van die Stadsraad van Kroonstad vanaf 1988 tot 2000. Gedurende die periode was hy burgemeester en voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die |

Kroonstad Stadsraad en trustee van die Vrystaat Munisipale Pensioenfonds. Hy was ook 'n uitvoerende lid van die Nasionale Munisipale Werknemersorganisasie.

| | |
|---|---|
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies:** | Senwes Beperk, Senwesbel Beperk, trustee van die Hervormde Kerke van SA Pensioenfonds. Direkteur van maatskappye en trustee van verskeie trusts. |
| **Direksiekomitees:** | Lid van die Senwes Ouditkomitee en Vergoedingskomitee. |
| **Addisionele inligting:** | Dries beoefen boerdery op 'n deeltydse basis saam met sy seun. |
| **Kontakbesonderhede:** | Tel no: (056) 212-3184<br>Sel no: 083 443 8053<br>E-pos: *dries@smitkruger.co.za* |

**6.2 Besluit nommer 6.2:** om Mnr JDM Minnaar te herkies as nie-uitvoerende direkteur.

### Verkorte curriculum vitae:

| | |
|---|---|
| **Volle name en van:** | Jan Daniël Marquard Minnaar (Danie) |
| **Adres:** | Springboklaagte, Posbus 7165, Kroonpark, 9502 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 30 Januarie 1965, 46 jaar |
| **Diensjare:** | 11 jaar en 5 maande |
| **Kwalifikasies:** | B Comm. |
| **Ondervinding/vorige posisies:** | As voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerekomitee, was Danie betrokke by die bekendstelling en bevordering van graanbemarking op SAFEX. Hy is tans 'n lid van GSA en Vrystaat Landbou.<br><br>Danie is jare lank reeds deel van die landbousektor en verteenwoordig witmielieprodusente op die Mielietrust. Danie is tans die voorsitter van Senwesbel Beperk. |
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies:** | Senwes Beperk, Senwesbel Beperk en trustee van die Mielietrust. |
| **Direksiekomitees:** | Lid van die Senwes Oudit-, Nominasie- en Beleggingskomitee sowel as voorsitter van die Vergoedingskomitee. |
| **Addisionele Inligting:** | Geen |
| **Kontakbesonderhede:** | Tel nr: (056) 212-4007<br>Sel nr: 082 411 9979<br>E-pos: *danie@compuking.co.za* |

**6.3 Besluit nommer 6.3:** Besluit om Mnr JJ Minnaar te verkies as nie-uitvoerende direkteur.

### Verkorte curriculum vitae:

| | |
|---|---|
| **Volle name en van:** | Jacobus Johannes Minnaar (Jaco) |
| **Adres:** | Botesrust, Posbus 322, Hennenman, 9445 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 2 September 1976, 34 jaar |
| **Diensjare:** | Geen |
| **Kwalifikasies:** | B.Ing. Landbou (UP) 1998 |
| **Ondervinding/vorige posisies:** | Jaco is sedert 2000 betrokke by verskeie georganiseerde landboubestuurstrukture. Hy dien ook op die uitvoerende bestuur van Vrystaat Landbou sedert 2004 en is deel van die finansiële stuurkomitee en uitvoerende komitee. Hy was die afgelope drie jaar deel van die Graan Suid-Afrika bestuurspanne en is, inter alia, 'n lid van die Ouditkomitee en Uitvoerende Komitee. Hy is ook 'n lid van sekere AgriSA beleidskomitees en die kommoditeitskamer. |
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies:** | Hy is 'n direkteur van verskeie familie-entiteite en is gedurende 2011 tot die direksie van Senwesbel verkies. |
| **Addisionele inligting:** | Hy is 'n direkteur van verskeie familie-entiteite en is gedurende 2011 tot die direksie van Senwesbel verkies. |
| **Kontakbesonderhede:** | Tel nr: (057) 573-2211<br>Sel nr: 083 626 7000<br>E-pos: *jaco@compuking.co.za* |

**7. Bekragtiging van aanstelling van addisionele nie-uitvoerende direkteure**

**7.1 Besluit nommer 7.1:** Besluit om die aanstelling van SF Booysen as addisionele nie-uitvoerende direkteur te bekragtig.

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van:** | Stefanes Francois Booysen (Steve) |
| **Adres:** | Pencarrowlaan 17, Cornwall Hill Country Estate, Irene, Pretoria, 2520 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 17 Junie 1962, 49 jaar |
| **Diensjare:** | 6 maande |
| **Kwalifikasies:** | M Compt (Unisa), D Com (Rek) (UP), GR (SA) |
| **Ondervinding/vorige posisies:** | Voormalige Groep Uitvoerende Hoof van die Absa Groep Beperk en direkteur van verskeie Absa entiteite. |
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies:** | Senwes Beperk, direkteur van die Efficient Groep Bpk, direkteur van Steinhoff Bpk en Clover Bpk SA. Lid van die Raad van die Universiteit van Pretoria en Voorsitter van die Aardklop Kunstefees. Verteenwoordiger van verskeie persoonlike gesinsbelange. |
| **Direksiekomitees:** | Lid van die Senwes Ouditkomitee en Voorsitter van die Beleggingskomitee. |
| **Kontakbesonderhede:** | Tel nr: (012) 667-6959<br>Sel nr: 082 453 5517<br>E-pos: *stevebooysen@telkomsa.net* |

**7.2 Besluit nommer 7.2:** Om die aanstelling van Z Bassa as addisionele nie-uitvoerende direkteur te bevestig.

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van:** | Zarina Bassa |
| **Adres:** | Louw Geldenhuysweg 52, Emmerentia, Johannesburg, 2195 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 24 Mei 1964, 47 jaar |
| **Diensjare:** | Geen |
| **Kwalifikasies:** | B.Rek. GR (SA), nagraadse diploma in Rekeningkunde, verskeie leierskap- en gevorderde leierskapprogramme en strategiese bestuur in bankwese. |
| **Ondervinding/vorige posisies:** | Uitvoerende Voorsitter, Zarina Bassa Investments (Pty) Ltd, uitgebreide ervaring as uitvoerende direkteur van Absa en vennoot by Ernst & Young |
| **Huidige direkteurskappe en ander posisies:** | Direkteur, Vodacom Suid-Afrika en Voorsitter Yebo Yethu Bpk, direkteur en voorsitter van Oudit- en Risikokomitee, Kumba Iron Ore Bpk, direkteur en lid van Oudit- en Vergoedingskomitee, Lewis Groep, direkteur en lid van Ouditkomitee, Sun International Bpk, direkteur en lid van die Ouditkomitee van Oceana Bpk, direkteur en lid van Ouditkomitee, Woolworths Finansiële Dienste nie-uitvoerende direkteur, Finansiële Diensteraad, Adviesraad van die Universiteit van Stellenbosch Besigheidskool, Nasionale Besigheidsinitiatief, FAIS Ombudsman. |
| **Direksiekomitees:** | Geen |
| **Addisionele inligting:** | Zarina is die uitvoerende voorsitter van Songhai Capital, 'n beleggingsmaatskappy met swart meerderheidseienaarskap en -beheer |
| **Kontakbesonderhede:** | Sel nr: 082 824 6508<br>E-pos: *Zarina@zarinabassainvestments.com* |

## Belangrike Inligting:

Geen ander persoon, behalwe die uittredende direkteur, kan as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf ingevolge artikel 30.7 van die Statuut genomineer is. Nominasie van persone wat ingevolge die Maatskappywet en die Statuut van die Maatskappy bevoeg is om as direkteure te dien, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die Maatskappysekretaris verkrygbaar is.

Voltooide nominasievorms moet minstens 30 dae voor die vergaderingdatum by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) ingedien word.

## C. Spesiale besluite

*(Spesiale besluite benodig goedkeuring deur 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemreg uitgeoefen ten opsigte van elke besluit)*

1. **Spesiale besluit nommer 1:** terugkoop van die maatskappy se aandele van direkteure of aangewese amptenare

"Besluit dat, soos vereis in terme van artikel 48(8)(a) van die Wet en as staande magtiging, totdat dit herroep word deur 'n ander daaropvolgende spesiale besluit, is die Direksie hiermee gemagtig om die maatskappy se aandele terug te koop vanaf 'n direkteur of aangewese amptenaar (soos gedefinieer in die Wet) van die Maatskappy, of 'n persoon verwant aan 'n direkteur of aangewese amptenaar as aandeelhouers, soos en wanneer nodig geag en op sodanige terme en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede as wat die direkteure van die Maatskappy van tyd tot tyd mag bepaal, en op dieselfde basis as vanaf alle aandeelhouers (indien van toepassing), met dien verstande dat sodanige terme onderworpe is en sal bly aan die Statuut van die Maatskappy en die Wet."

**Verduideliking ten opsigte van die voorgestelde spesiale besluit:**
*Spesiale besluit nr. 1 het ten doel om magtiging aan die Maatskappy te verleen, indien dit so bepaal sou word deur die Direksie, om die Maatskappy se eie aandele vanaf direkteure of aangewese amptenare van die maatskappy terug te koop in die toekoms en in die geval waar so 'n aanbod in terme van die bestaande magtigings, artikel 48(2) van die Wet en/of die bepalings van die Statuut van die Maatskappy, gemaak sou word. Hierdie voorgestelde spesiale besluit sal dus die direkteure en/of aangewese amptenare in staat stel om deel te neem aan die aanbiedinge hierbo na verwys op dieselfde terme, alhoewel dit altyd onderworpe sal wees aan die bepalings van die Wet soos aangedui in artikels 46 en 48.*

2. **Spesiale besluit nommer 2:** magtiging vir die toekenning en uitreiking van aandele aan direkteure en aangewese amptenare

"Besluit dat, as 'n staande en algemene magtiging in terme van artikel 41 van die Wet, en soos bedoel in artikel 3.2 van die Statuut, direkteure gemagtig word om aandele, sekuriteite, opsies of regte daaraan gekoppel aan enige direkteure, aangewese amptenare of persone verwant aan die Maatskappy, 'n direkteur of aangewese amptenaar van die Maatskappy, soos bedoel in artikel 41(1) van die Wet, uit te reik."

**Verduideliking ten opsigte van die voorgestelde spesiale besluit:**
*Die Maatskappy se Statuut vereis dat magtiging deur die aandeelhouers aan die direksie verleen moet word om aandele uit te reik. In terme van die vorige Maatskappywet, Nr. 61 van 1973, is sodanige magtiging deur die algemene jaarvergadering verleen en was dit slegs geldig tot die volgende algemene jaarvergadering. In terme van die nuwe Wet moet aandeelhouers nou ook magtiging verleen by wyse van 'n spesiale besluit wanneer aandele aan direkteure en/of aangewese amptenare en/of verwante partye uitgereik word.*

*Dit is derhalwe nodig om sodanige magtiging te versoek soos voorgestel in gewone besluit nommer 4, maar om ook hierdie magtiging uit te brei tot direkteure, amptenare en verwante partye soos bepaal in die nuwe Wet.*

*Daar word verder voorgestel dat slegs 10% van die onuitgereikte aandele onder die beheer van die direksie geplaas word, aangesien enige nuwe aandele wat uitgereik word tot gevolg sal hê dat die bestaande aandeelhouding sal verwater. Die magtiging word egter benodig om die Direksie in staat te stel om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategieë in terme van groei, uitreiking van aandele aan moontlike nuwe besigheidsvennote en/of bestaande aandeelhouers, die verkryging van verdere kapitaal of die uitreiking van aandele vir doeleindes van Swart Ekonomiese Bemagtiging of personeel aansporingsinisiatiewe.*

3. **Spesiale besluit nommer 3:** lenings en finansiële bystand

"Besluit dat, as 'n algemene goedkeuring in terme van artikel 45 van die Wet, enige direkte of indirekte finansiële bystand verleen of wat verleen staan te word deur die Maatskappy aan enige verwante of inter-verwante maatskappy van die Maatskappy, soos gemagtig deur die Direksie in terme van artikel 45(2) van die Wet, hiermee goedgekeur word, welke goedkeuring spesifiek insluit dat die Direksie enige reëlings namens die Maatskappy mag tref wat dit mag goeddink vir finansiering, bystand of subsidiëring van enige van die Maatskappy se filiale en/of assosiate en/of entiteite waarin die Maatskappy 'n belang het, en vir die waarborg van sy kontrakte, verpligtinge of laste, op welke wyse ookal, vir 'n periode vanaf die datum van hierdie besluit tot en met 31 Oktober 2013."

**Verduideliking ten opsigte van die voorgestelde spesiale besluit:**
*Artikel 45 van die Wet vereis dat finansiële bystand aan verwante of inter-verwante maatskappye slegs verleen mag word deur die Maatskappy indien die aandeelhouers, by wyse van 'n spesiale besluit geneem gedurende die vorige twee jaar, sodanige finansiële bystand goedgekeur het. Sodanige magtiging is in die verlede deur die Statuut verleen, maar die Wet bepaal spesifiek dat 'n spesiale besluit vereis word wat voorrang geniet oor die Statuut. In praktyk behels dit dat Senwes nie enige nuwe befondsing aan sy filiale of assosiaat maatskappye mag verleen nie, tensy dit deur die aandeelhouers goedgekeur word.*

*Die effek van hierdie besluit sal wees dat algemene magtiging aan die Maatskappy verleen word, onderhewig aan die bepalings van die Wet, om befondsing te verskaf aan sy filiale en verwante partye, deur aandeelhouers eerder as deur middel van die staande magtiging in die Statuut. Die magtiging word verleen vir 'n periode van twee jaar vanaf die datum van die spesiale besluit.*

4. **Spesiale besluit nommer 4:** Vergoeding van nie-uitvoerende direkteure

**4.1 Spesiale besluit nommer 4.1**
Besluit dat die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure goedgekeur word in terme van Artikel 28.5 van die Statuut, saamgelees met artikel 66(8) van die Wet, soos gewysig, effektief vanaf 1 September 2011, soos hieronder aangedui:

| Kategorie | Voorgestelde Vergoeding** 2011 | Retensiefooi per jaar | Per vergadering bygewoon |
|---|---|---|---|
| | *R* | | |
| Voorsitter (per jaar)* | **360 000** | 180 000 | 30 000 |
| Ondervoorsitter (per jaar)* | **252 000** | 126 000 | 21 000 |
| Direkteure (per jaar)* | **180 000** | 90 000 | 15 000 |
| | | | |
| **Voorsitter** | | | |
| Ouditkomitee | | | 25 000 |
| Voorsitters ander direksiekomitees | | | 18 800 |
| **Lede van Komitees** | | | |
| Lede van Ouditkomitee | | | 15 000 |
| Lede van ander direksiekomitees | | | 12 600 |
| Reiskoste (heersende AA-tarief, gebaseer op die waarde van 'n voertuig met aankoopprys van R500 000 en met 'n enjinkapasiteit van 2 501 tot 3 000cc, en 45 000 km of meer gereis per jaar) | **Ongeveer R4,49 per km** | | |
| Ander reis- en verblyfkoste | **Werklike uitgawes** | | |
| * gebaseer op ses vergaderings per jaar | | | |
| ** Vergoeding per jaar verdeel as 50% jaarlikse retensiefooi en dan per vergadering bygewoon | | | |

**4.2 Spesiale besluit nommer 4.2**
"Besluit dat, indien goedkeuring nie verleen sou word vir die nie-uitvoerende direksievergoeding soos voorgestel in spesiale besluit nommer 4.1 nie, sodanige direkteure geregtig sal wees om vergoeding te ontvang gelykstaande aan dit wat tans betaal word ooreenkomstig die gewone besluit geneem deur aandeelhouers by die 2010 algemene jaarvergadering en totdat die aandeelhouers anders sou besluit."

**Verduideliking ten opsigte van die voorgestelde spesiale besluit:**
*Aandeelhouers word versoek om die voorgestelde vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure, effektief vanaf **1 September 2011** soos bepaal in spesiale besluit nommer 4.1, te oorweeg en goed te keur. Die voorgestelde jaarlikse vergoeding is 'n verhoging van ongeveer 7% vir die direkteure teenoor die vorige jaar se jaarlikse vergoeding, terwyl 'n verdere aanpassing ook voorgestel en aanbeveel is ten einde die vergoeding, en in besonder die vergoeding van direksiekomitees, te belyn met die res van die mark, gebaseer op bestaande en goed nagevorste vergelykings.*

*Ooreenkomstig die bepalings van artikel 28.5 van die Statuut, is nie-uitvoerende direkteure geregtig op sodanige vergoeding as wat die maatskappy van tyd tot tyd tydens 'n algemene vergadering by wyse van 'n gewone besluit mag bepaal. Artikel 66(9) van die Wet vereis egter nou dat die vergoeding goedgekeur word by wyse van 'n spesiale besluit geneem deur aandeelhouers.*

*In lyn met die aanbevelings van King III word die jaarlikse vergoeding opgedeel in 'n 50% retensiefooi, terwyl die oorblywende 50% per vergadering bygewoon, betaal sal word. Daar word ook voorgestel dat die lede van die Ouditkomitee 'n groter vergoeding moet ontvang as die ander komitees aangesien die werkslading meer tyd vereis vir voorbereiding en die bywoon van sodanige vergaderings.*

*Aandeelhouers moet kennis neem dat uitvoerende direkteure aangestel deur die Direksie, in terme van die Statuut vergoed word in ooreenstemming met die bepalings van hul onderskeie diensooreenkomste.*

## *Belangrike algemene notas*

- Alle aandeelhouers is geregtig daarop om die vergadering by te woon en daarop te stem. Vir doeleindes van die vergadering sal die aandeelhouersregister van die Maatskappy soos op Woensdag, 24 Augustus 2011 bepaal wie aandeelhouers is.
- 'n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat en te stem.
- 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
- **'n Volmagvorm word hierby ingesluit. Volmagvorms kan ook na keuse van die aandeelhouer elektronies ingedien word.**
- Aandeelhouers wat verkies om by wyse van volmag teenwoordig te wees en te stem –

  i) mag 'n harde kopie van die volmagvorm ooreenkomstig die instruksies op die keersy van die dokument voltooi en voor Woensdag, 24 Augustus 2011 om 11:00 inhandig by of terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 of by wyse van faks of per e-pos, vir aandag die Maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nrs. (018) 464-2228 of 086 680 3124.


*of*

  ii) **Mag die volmag elektronies indien via die Internet.** Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: www.senwes.co.za. Die notas op die keersy van die ingeslote volmagvorm rakende die voltooiing van die volmag is mutatis mutandis van toepassing op die elektroniese volmagvorms.
- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal beskikbaar wees en kan bekom word van die Maatskappysekretaris vanaf 24 Junie 2011.

Op las van die Raad van Direkteure van die Maatskappy.

**EM Joynt (Mev)**
*MAATSKAPPYSEKRETARIS*
Klerksdorp
22 Junie 2011

**Tel nr. (018) 464-7104**



# VOLMAG

## SENWES BEPERK

**Registrasienommer 1997/005336/06**

("DIE MAATSKAPPY")

Ek/ons (drukskrif)______________________________________________

*(naam van aandeelhouer)*

Aandeelhouers en/of Senwes klant nr: ____________________ Tel en/of Sel nr: ______________________________

van ______________________________________________

*(adres)*

synde 'n lid/lede van die Maatskappy, stel hierby: ______________________________

*(naam van gevolmagtigde)*

van ______________________________________________

*(adres)*

of indien nie hy nie ______________________________________________

*(naam van gevolmagtigde)*

van ______________________________________________

*(adres)*

of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde aan om op die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy wat gehou staan te word op 26 Augustus 2011 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem:

| | Ten gunste van | Teen | Buite stemming |
|---|---|---|---|
| 1. Gewone besluit nr. 1 (heraanstelling van ouditeure) | | | |
| 2. Gewone besluit nr. 2 (ouditeursvergoeding) | | | |
| 3. Gewone besluit nr. 3 (aanstelling van Ouditkomitee) | | | |
| 4. Gewone besluit nr. 4 (magtiging om aandele uit te reik) | | | |
| 5 Gewone besluit nr. 5 (bevestiging van finale dividend) | | | |
| 6. Gewone besluit nr. 6 (verkiesing van nie-uitvoerende direkteure): | | | |
| 6.1 Gewone besluit nr. 6.1 (Mnr AJ Kruger) | | | |
| 6.2 Gewone besluit nr. 6.2 (Mnr JDM Minnaar) | | | |
| 6.3 Gewone besluit nr. 6.3 (Mnr JJ Minnaar) | | | |
| 7. Gewone besluit nr. 7.1 (Bevestiging van aanstelling: Mnr SF Booysen) | | | |
| 8. Gewone besluit nr. 7.2 (Bevestiging van aanstelling: Me Z Bassa) | | | |
| 9. Spesiale besluit nr. 1 (terugkoop van aandele van direkteure en beamptes) | | | |
| 10. Spesiale besluit nr. 2 (magtiging om aandele uit te reik aan direkteure en amptenare) | | | |
| 11. Spesiale besluit nr. 3 (lenings en finansiële bystand) | | | |
| 12. Spesiale besluit nr. 4.1 (direkteursvergoeding vir nuwe jaar) | | | |
| 13. Spesiale besluit nr. 4.2 (direkteursvergoeding) | | | |

*(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien)*
Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goeddink. Hierdie volmag sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.

**Geteken** te ____________________ op hierdie ____________________ dag van ______________________ 2011.

______________________________

***Bygestaan deur*** *(indien van toepassing)*

______________________________

***Handtekening***
Indien volmag namens 'n regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. Direkteur, Lid van BK, Trustee van 'n Trust

# NOTAS

1. 'n Lid is geregtig om die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die vergadering", maar enige sodanige skrapping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien die naam van geen gevolmagtigde in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree.

2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.

3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

4. Dokumentêre bewys van die magtiging van 'n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word.

5. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die maatskappy voorgelê is of word.

6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur/likwidateur/kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoërhof. Indien deur middel van 'n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.

7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:

   7.1 mag enige een van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en

   7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die maatskappy se lederegister aangeteken is) wat 'n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).

8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene vergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.

9. **Volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris van die maatskappy, mev EM Joynt, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om haar te bereik nie later nie as 11:00 op Woensdag, 24 Augustus 2011. Volmagvorms kan ook aan die Maatskappysekretaris per faks gestuur word by faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464-2228 of ingedien word via die Internet voor of op bogemelde datum.**

# BELANGRIKE INLIGTING VAN TOEPASSING OP ALLE AANDEELHOUERS

Die nuwe Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig ("die Wet") het 'n nuwe openbaarmakingsvereiste vir die verkryging en vervreemding van aandele in maatskappye wat deur die Oorname Regulasiepaneel (voorheen bekend as die Sekuriteite Reguleringspaneel of "SRP").

## Verpligting opgelê op party wat aandele in 'n gereguleerde maatskappy verkry of vervreem

**Artikel 122 van die Wet is nou van toepassing wanneer 'n aandeelhouer aandeelhouding verkry of vervreem:**

1. in 'n gereguleerde maatskappy (soos Senwes)

   **En**

2. in die geval van die verkryging van aandele, die aandeelhouer se totale persentasie aandeelhouding in die gereguleerde maatskappy verhoog tot enige veelvoud van 5% (bv. 5%, 10%, 15% ens) van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy.

   As voorbeeld:
   - 'n aandeelhouer hou 3,5% van die aandele in die gereguleerde maatskappy en verkry 1,6% van die aandele sodat sy aandeelhouding verhoog na 5,1%;
   - 'n aandeelhouer hou 8,9% van die aandele in die gereguleerde maatskappy en verkry 4,6% aandele sodat sy aandeelhouding verhoog na 13,5%;
   - 'n aandeelhouer hou 13,5% van die aandele in die gereguleerde maatskappy en verkry 8,6% aandele sodat sy aandeelhouding verhoog na 22,1%.

   **Of**

   In die geval van die vervreemding van aandele, verminder die aandeelhouer se totale persentasie aandeelhouding in die gereguleerde maatskappy met 'n veelvoud van 5% (of minder).

   As voorbeeld:
   - 'n aandeelhouer hou 5,1% van die aandele in 'n gereguleerde maatskappy en vervreem 0,2% van die aandele, sodat sy aandeelhouding verlaag na 4,9%;
   - 'n aandeelhouer hou 28% van die aandele in 'n gereguleerde maatskappy en vervreem 3,5% aandele sodat sy aandeelhouding verlaag na 24,5%;
   - 'n aandeelhouer hou 22% van die aandele in 'n gereguleerde maatskappy en vervreem 4,5% aandele sodat sy aandeelhouding verlaag na 17,5%.

3. Die vereistes hierbo is van toepassing op 'n aandeelhouer, ongeag of:

   3.1 die aandeelhouer enige aandele direk of indirek verkry of vervreem, op 'n individuele basis of in samewerking met enige ander persoon/persone; of

   3.2 die gestipuleerde persentasie van uitgereikte aandele deur die individuele aandeelhouer gehou, of in die geheel deur daardie persoon saam met enige (i) verwante of inter-verwante persoon en (ii) persoon wat gesamentlik optree met enige ander persoon.

In sodanige geval, vereis artikel 122 dat die aandeelhouer die gereguleerde maatskappy binne 3 besigheidsdae na die verkryging of vervreemding in kennis stel deur gebruik te maak van die vorm hierby aangeheg as **Bylae A**.

## Verpligting opgelê op 'n gereguleerde maatskappy wat 'n kennisgewing in terme van artikel 122 van 'n aandeelhouer ontvang

1. Indien die gereguleerde maatskappy 'n kennisgewing van 'n aandeelhouer ontvang soos hierbo uiteengesit, moet die maatskappy die volgende doen:

   1.1 lê 'n afskrif van die kennisgewing voor aan die Oorname Reguleringspaneel ("ORP") binne 3 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing, deur gebruik te maak van die voorgeskrewe vorm; en

   1.2 1.2 die inligting aan sy aandeelhouers rapporteer in die vorm van 'n aankondiging, tensy die transaksie die vervreemding van minder as 1% van die uitgereikte aandelekapitaal van die gereguleerde maatskappy behels.

   - Met ander woorde:
     - die aankondiging moet gemaak word ten opsigte van ALLE verkrygings, ongeag die omvang van die verkryging;
     - ten opsigte van vervreemdings, hoef die aankondiging nie gemaak te word indien die vervreemding minder as 1% van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy behels nie.

## Praktiese riglyne vir die toepassing van die nuwe wetlike vereistes:

### Praktiese implikasies vir aandeelhouers wanneer aandele in 'n maatskappy verkry of vervreem word:

Die volgende vraag behoort dus gevra te word wanneer aandeelhouers aandele in 'n maatskappy verkry of vervreem:

**1. Is die maatskappy 'n gereguleerde maatskappy?**

'n Gereguleerde maatskappy is:

- 'n publieke maatskappy (genoteer of ongenoteer); en
- 'n privaat maatskappy ten opsigte waarvan:
  - daar kumulatief oordragte van aandele tussen aandeelhouers plaasgevind het gedurende die vorige 24 maande wat kumulatief 10% van die totale uitgereikte aandele van die maatskappy oorskry (uitgesluit oordragte tussen verwante of inter-verwante persone); of
  - indien die statuut uitdruklik bepaal dat die maatskappy onderworpe sal wees aan die regulasies van die ORP.

**2. Indien ja, het u aandele verkry of vervreem tot die mate waartoe u aandeelhouding 'n veelvoud is van of enige veelvoud van 5% oorskry het?**

- Ten einde bogenoemde te bepaal, moet die volgende ingesluit word:
  - aandele wat direk en indirek verkry/vervreem word (bv. waar die aandele direk of indirek verkry of vervreem word deur 'n trust waarvan u die begunstigde is);
  - aandele verkry/vervreem deur u as individu of in samewerking met enige ander persoon;
  - aandele in die gereguleerde maatskappy wat deur u as individu gehou word en deur 'n verwante of inter-verwante persoon, soos gedefinieer in die Wet;
  - aandele in die gereguleerde maatskappy wat deur u as individu en in samewerking met 'n ander party gehou word.

  As voorbeeld:

  - Aandeelhouer A hou individueel 2% van die aandele en verwante Aandeelhouer B hou 2% in 'n gereguleerde maatskappy. Aandeelhouer A verkry 'n verdere 1% van die aandele in die gereguleerde maatskappy, wat sy individuele aandeelhouding verhoog na 3%. Om te bepaal of die gespesifiseerde persentasie behaal is:

  Aandeelhouer A se bestaande aandeelhouding (2%) word by die aandeelhouding van Aandeelhouer B getel. Aandeelhouer B is 'n verwante party (2%) plus die addisionele aandele verkry deur Aandeelhouer A (1%) = 5%, wat beteken dit is 'n rapporteerbare transaksie

  - Aandeelhouer A hou individueel 2% van die aandele in 'n gereguleerde maatskappy en verkry 'n addisionele 1% van die aandele. Aandeelhouer B is in samewerking met Aandeelhouer A in terme van die Wet en hou 24% van die aandele in die gereguleerde maatskappy. Om te bepaal of die gespesifiseerde persentasie behaal is:

  Aandeelhouer A se bestaande aandeelhouding (2%) word by die aandeelhouding van Aandeelhouer B getel, wat 'n samewerkende party is (24%) plus die addisionele aandele wat verkry word (1%) = 27%, wat beteken dit is 'n rapporteerbare transaksie.

**3. Indien ja, moet u die betrokke maatskappy binne 3 werksdae in kennis stel deur gebruik te maak van die vorm soos per Bylae A.**

# TAKEOVER REGULATION PANEL
# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## FORM TRP 121.1

### About this Form

- This form is issued in terms of section 122 of the Companies Act, 2008, and Regulation 121 of the Companies Regulations, 2011.
- This form must be completed and delivered to the company concerned within 3 business days after any transaction that results in the total beneficial interest in a class of securities crossing any multiple of 5% of the issued securities of the class.
- The company to whom this Notice is delivered must file a copy of the notice with the Panel, and deliver a copy of it to all holders of beneficial interests in the class of securities concerned, unless the transaction amounted to less than 1% of the issued securities of the class.

### Contacting the Panel

Takeover Regulation Panel

**Postal Address**
PO Box 91833
Auckland Park
2006
Republic of South Africa
Tel: +27 011 642 1301

www.trpanel.co.za

## *Disclosure of acquisition or disposal of securities*

**Date**: ______________________________

**From:**

*(Name and Identity or Registration Number of the person making the disclosure)*

*Name:* ______________________________

*ID/Registration No:* ______________________________

**Concerning:**

*(Name and Registration Number of the regulated company whose securities are the subject of the disclosure)*

*Name:* ______________________________

*Registration No:* ______________________________

The above person advises that it has

☐ acquired

☐ disposed of

a beneficial interest in securities of the company, such that the total of all beneficial interests of the securities of that class held by the person making the declaration are now ______________% of the total issued securities of the class.

**Name and Title of person signing:**

______________________________

**Authorised Signature:**

______________________________

This form is prescribed by the Minister of Trade and Industry in terms of section 223 of the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008).

**Senwes Bpk**
Reg nr: 1997/005336/06

**Posadres**
Posbus 31, Klerksdorp, 2570

**Gerigistreerde kantoor**
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp, 2571
Telefoon: (018) 464-7800
Telefaks: (018) 464-2228

**Ouditeure**
Ernst & Young Ing.
Posbus 2322
Johannesburg
2000

**Aandeleverhandelingskamer**
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7105

**Oordragsekretarisse**
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7121

**Finansieringsvennote**
Absa Bank Bpk (Absa)
WesBank
Land- en Landboubank van SA Beperk (Land Bank)

**Webwerf: Elektroniese weergawe by**
*www.senwes.co.za*

**Tolvrye nommer**
080 941 4011

http://www.facebook.com/senwes

http://twitter.com/senwes